

Weg! Ry & Sleep



Die Swartland

Kamp in die land van koring en wyn



WOONWASKOU 2026

Al die nuus van die grootste een nóg



R160,00 (BTW INGESLUIT)
NAMIBIE N\$165,00

VIC FALLS

Beleef die dorpie langs die watermassa

KAMP IN DIE KOEPEL

Span uit langs die Vaalrivier

ROETES WAT ROEP 26 plaashekke binne 60 km | **TREK LIFESTYLE HORIZON ADVENTURE** 'n Groot wa vir klein rygoed | **RY-INDRUK** Tata is terug met sy Harrier | **4x4-PROF** 10 handgebare vir hindernisry | **KOLLE KAMP SAAM!** 8 oorde wat brakke verwelkom

JOU DORING!

Ry rivierlangs van die Karoo tot by die see

TOERUSTING

DAK- OF GRONDTENT? HIER'S 11 GAWE OPSIES

Besoek ons
NUWE opwindende
interaktiewe
webwerf!



**HOEKOM MOET JY
KIES TUSSEN AVONTUUR EN
GEMAK AS JY ALBEI KAN HÊ!**

DIE **NUWE** MOBI LODGE **QUATTRO**

Onvergelykbaar!
★★★★★



Mobi Lodge



MOBI LODGE CONTINENTAL



MOBI LODGE XL



Skandeer om die
ander Mobi Lodge
modelle te sien!



Die kaart op die tafel...

terugdink aan die woonwaens van my kinderdae en die vakansies wat my gevorm het.

Ek onthou spesifiek die ou Jurgens waarmee ons gesin vakansie gehou het toe ek nog baie jonk was. Die presiese modelnaam ontgaan my, maar daardie woonwa was nie naastenby so vaartbelyn of technologies gevorderd soos vandag se modelle nie. Maar hy het een kenmerk gehad wat vandag nog in my kop vassteek: 'n Gedrukte kaart van Suid-Afrika op die blad van die tafeltjie binne-in.

Onthou jy hom nog? Daardie kaart was meer as net 'n gids; dit was die bloudruk van ons opwindings. Ek onthou goed hoe ons kinders met ons vingers die lyn van ons tuisdorp tot by ons bestemming sou trek wanneer ons gaan kamp het. Dan sou ons ook met groot oë raai oor die plekke waarheen ons nog op pad was. Of die plekke wat ons gewens het ons volgende kon besoek. Daardie kaart was die stille getuie van vakansieherinneringe wat ons as gesin gebou het.

Dit het my laat besef dat al verander die tegnologie en al word die waens ligter, sterker en luukser, bly die rede hoekom ons dit doen, presies dieselfde. Ons koop nie net 'n nuwe wa nie, maar eerder die geleentheid om die lyne op daardie innerlike kaart te trek.

Hierdie tyd van die jaar staan ons op

die drumpel van een van die lekkerste tye op die kampkalender. Die Paas-naweek en die skoolvakansie is hier, en die eerste byt in die lug herinner ons dat die winter op pad is. Dit is die tyd van die jaar wanneer die kampvuur net 'n bietjie helderder brand en die samesyn net daardie bietjie hechter voel... of dit nou om die kuiervuur is of 'n ou gelamineerde kaart op 'n stokou wa se tafel.

Die waarde lê in die stiltes op die pad en die sêgoed van jou mense wat daardie stiltes verbreek. Die moderne innovering wat ons nou oral in die mark sien en beleef, is bloot daar om dit vir ons makliker te maak om by daardie kosbare oomblikke uit te kom. Die herinneringe bly dieselfde.

Mag jy hierdie vakansie die kans kry om 'n nuwe lyn op jou eie kaart te trek. Moenie net droom oor daardie volgende bestemming nie – pak in, haak aan en gaan geniet daardie oomblikke wat oor twintig jaar presies nog so helder in jou gedagtes gaan wees as vandag.

Veilig reis.

Schalk

REDAKTEUR

schalk.jonker@media24.com

By die onlangse Woonwaskou was ek opnuut verstom oor die gehalte, passie en innovering van die Suid-Afrikaanse kamp- en buitelewemark. Die skou het behoorlik uit sy nate gebars en dit was bemoedigend om die groei te sien wat betref uitstallings, vloerruimte én besoekers. Ons plaaslike vervaardigers staan regtig vir niemand ter wêreld terug nie, en as 'n mens luister hoe besig hulle is, is die mark aan die groei met 'n magdom nuwe kampeerders wat met ope arms verwelkom word.

Leon moes omtrent bontstaan om oor die drie dae van die skou by alles en almal uit te kom, en sy volledige verslag oor die waens wat die oog getref het, begin op bl. 14.

Terwyl ek tussen die uitstallings rondgestap en hulle blinknuwe produkte bewonder het, het my gedagtes ietwat onbepland 'n afdraai gevat. Iewers tussen die reuk van die nuwe kampgoed en daardie gekarameliseerde neute het ek skielik begin

Inhoud


#72 | April-Mei 2026



4x4-BESTEMMING 48



4



ROETES WAT ROEP 78



WOONWASKOU 14



KAMPBESTEMMING 60

ELKE MAAND

3 REDAKTEURSBRIEF

8 POSBUS

46 NUWE RYGOED

82 LESERSTORIE

88 DIEREVAKANSIE

92 RY-INDRUK

96 WOONWATOETS

100 4x4-PROFESSOR

102 TOERUSTING

106 KAMPKOS

114 PRETBLAD

116 MIC SE RUBRIEK

117 BLOKRAAI

118 NEELS SE STOEPTENT

120 RUBRIEK

122 IETS ANDERS

REDAKSIE

REDAKTEUR SCHALK JONKER 📧 schalk.jonker@media24.com

JOERNALISTE LEON BOTHA 📧 leon.botha@media24.com

CYRIL KLOPPER 📧 cyril.klopper@media24.com

UITLEGKUNSTENAAR OWEN WILLOUGHBY 📧 owen.willoughby@media24.com

TEKSTREDAKTEUR PETER VAN NOORD 📧 peter@subteks.co.za

KOSREDAKTEUR JOHANÉ NEILON

MULTIMEDIA DESIREE HARTNEY 📧 desiree.hartney@media24.com

RISIKO- EN PRODUKSIEBESTUURDER JACQUES DU PLOOY

MEDIA24 KORPORATIEF

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 RAJ LALBAHADUR

UITVOERENDE SPAN: MEDIA24 MEDIA

UITGEWER EDWINA LYNERS

HOOFBESTUURDER: AFRIKAANSE MEDIA TAMMY VAN ZYL

FINANSIËLE BESTUURDER LUXOLO DYWILI

INKOMSTEHOOFT NERISA COETZEE

UITVOERENDE HOOF: MEDIA24 MEDIA MINETTE FERREIRA

VERKOPE EN BORGSKAPPE

HOOF: ADVERTENSIES DANIE NELL

📧 danie.nell@media24.com ☎ 082 859 0542

KLIËNTBESTUURDER SHARLENE SMITH

📧 sharlene.smith@media24.com ☎ 083 583 1604

KLIËNTBESTUURDER SANETHA MEINTJIES

📧 sanetha.meintjies@media24.com ☎ 082 957 9747

HOOF: GELEENTHEDE FRANCOIS MALAN

📧 francois.malan@media24.com

SIRKULASIE

KATEGORIEBESTUURDER TOMMY CHAPMAN

📧 tommy.chapman@onthedot.co.za

ATELJEE: MEDIA24 LEEFSTYL

HOOF LAILA MAJET

KREATIEWE HOOF SANDLASETHU-SIPHE YILANI

REDAKTEUR SPESIALE PROJEKTE GERDA ENGELBRECHT

gerda.engelbrecht@media24.com

PRODUKSIEBESTUURDER CHRISTINE SMITH

SENIOR BEMARKINGSBESTUURDER ANDILE NKOSI andile.nkosi@media24.com

KONTAK ONS

ANN DU BOIS ☎ 011 713 9529 📧 ann.dubois@media24.com

ADRES

KAAPSTAD Media24-gebou, Heerengracht 40, Kaapstad 8001

JOHANNESBURG Kikuyustraet 6, Sunninghill 2191

INTEKENINGE, HERNUWINGS EN NAVRAE

☎ 087 353 1300 | ☎ +27 21 065 0033 (internasionaal)

Faks 086 296 6681 | WhatsApp ☎ 087 353 1287

SMS "diens" na 31069 | 📧 subs@media24.com



DRUKWERK NOVUS PRINT
Alle regte word voorbehou.



Ry & Sleep is 'n lid van
die Ouditburo vir Sirkulasie

© Kopiereg Weg Ry & Sleep. Alle regte voorbehou. Gedeeltelike of algehele reproduksie sonder die skriftelike toestemming van die redakteur is streng verbode.

MEDIA24



OORGRENSGESPREK 76



NAWEEKKAMP 72



#72 VOORBLADFOTO – LEON BOTHA

“ Die Hut is 'n lieflike nuwe kampplek in Moorreesburg – en pure platteland. Soveel so dat ons bure langsam ingetrek het met 'n rooi omgeboude kamp-Kombi wat lyk of hy uit een of ander rolprent uit die jare tagtig kom. Lees meer op bl. 60 oor die Swartland en sy kampplekke. ”



Kameraverstellings Canon EOS 6D Mk. II, f8, 2 000ste van 'n sekonde, 24 mm, ISO 640

SAVANNAH 3 BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.5m
R3 790⁰⁰

SAVANNAH 4 BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R4 900⁰⁰

SAVANNAH 5 BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m
R5 790⁰⁰

SENIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT

- > 320GSM SAFARI RIPSTOP-SEIL
- > 540GSM SWAARDIENS PVC-GRONDSEIL
- > 8.5MM GEËLEKTROPLATEERDE HOË TREKVASTE STAALRAAM
- > BINNE-/BUITE VENSTER SLUITING
- > HITTE LUGGAT MET BINNESLUITING



3 VENSTERS

3VENSTERS
BINNE- EN
BUITESLUITING

SENIOR
3.0m x 3.0m x 2.2m
R8 150⁰⁰

RANGER SAFARI BOOGTENT



2.1m x 2.1m x 1.8m
R4 510⁰⁰

JUNIOR WANDERER BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R5 200⁰⁰

SENIOR WANDERER BOOGTENT



3.0m x 3.0m x 2.2m
R6 000⁰⁰

JUNIOR SAFARI DELUXE BOOGTENT



2.5m x 2.5m x 1.9m
R6 510⁰⁰

SENIOR GAZEBO



3.0m x 2.8m x 2.3m
R3 410⁰⁰

- > 260MSG SAFARI RIPSTOP-SEIL
- > GEËL GEPASSIVISEERDE ELEKTRIES GEPLATEERDE STAALRAAM
- > NYLON HOEKE

SNR GAZEBO AGTERMUUR SOLIED



R720⁰⁰

SNR GAZEBO AGTERMUUR MET DEUR



R830⁰⁰

SNR GAZEBO SOLIEDE SYMUUR



R800⁰⁰

SNR GAZEBO SYMUUR, 2 VENSTERS



R1 150⁰⁰

SNR GAZEBO SYMUUR, DEUR & VENSTER



R1 220⁰⁰

GAZEBO & JNR BOOG KOPPELSTUK



R1 330⁰⁰

GAZEBO & SNR BOOG KOPPELSTUK



Pas alle Tentco 2.5m x 2.5m boogtent

R1 500⁰⁰

SNR GAZEBO SKADUNET BINNEVOERING



R3 620⁰⁰

Gazebo en Boogtent nie ingesluit

JUMBO GAZEBO AGTERMUUR MET DEUR

R1 050⁰⁰



JUMBO GAZEBO SOLIEDE SYMUUR

R1 160⁰⁰



JUMBO GAZEBO SYMUUR, 2 VENSTERS

R1 380⁰⁰



JUMBO GAZEBO SYMUUR, DEUR & VENSTER



JUMBO GAZEBO & SNR BOW KOPPELSTUK



BESKIKBAAR IN 2026

JUMBO GAZEBO

SPESIFIKASIES:

- > 260GSM SAFARI RIPSTOP SEILMATERIAAL
- > GEËL GEPASSIVISEERDE ELEKTRIES GEPLATEERDE STAALRAAM 22MM
- > VERSTERKTE SWAARDIENS NYLON HOEKE



RUIM

4.0m x 2.9m x 2.5m
R4 550⁰⁰

JUNIOR SAHARA



4.5m x 2.9m x 2.65m
R12 510⁰⁰

SAHARA DELUXE



6.0m x 2.9m x 2.65m
R17 340⁰⁰

SAHARA LODGE



8.0m x 2.9m x 2.65m
R23 300⁰⁰

SAHARA GRAND



8.0m x 2.9m x 2.5m
R24 620⁰⁰

Startopenning

Ingeboorde
badkamer

OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS

CAMP.CLIMB

Kloppers

OUTDOOR
WAREHOUSE

takealot

Agri Land

LeisureWorld

AGRIMARK

SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op



EZI-UP STANDAARD KAMPBED



DELUXE STANDAARD KAMPBED



DELUXE GROOT KAMPBED



ENKEL 3D OPVOU MATRAS



ENKEL OPROLMATRAS



ENKEL BEDROL



3-RAK DELUXE KASSIE



4-RAK DELUXE KASSIE



KOMBUIKABINET DELUXE



VEELDOELIGE STAALTAPEL



KOELSAK 12L



KOELSAK 28L



*Inhoud uitgesluit

BIG BOY



SL-2



SLX-2



DC-3



TENTCO BOKS SWART



TENTCO BOKS GRYS



TENTCO BOKS ROOI



TENTCO BOKS ORANJE



TENTCO BOKS PIENK



TENTCO BOKS DEURSIGTIG



DIRECTORS DELUXE



DC EXTREME



CLASSIC



LOUNGER



OOK BESKIKBAAR BY:

NB: PRYSE SAL VERSKIL TUSSEN WINKELS



SIEN ONS LYS VAN AGENTE OP ONS WEBWERF

E-POS: info@tentco.co.za

TEL: +27 11 397 6451

PRYSE, KLEURE, SPESIFIKASIES & VOORRAAD - BFW
HANDELSNAVRAE WELKOM

Volg ons op





Ons hoor graag wat jy op die hart het! Skryf vir ons by rysleap@weg.co.za en onthou asseblief om jou volledige adres en kontakbesonderhede te gee. Ry & Sleep behou hom die reg voor om briewe te redigeer en verkort – en na goeddunke in die tydskrif, op die webwerf en elders te gebruik.

Suidwes se Toyopet



Johann en sy Landie



My pa, Johan, en sy kleinseun Johann

Ek het die artikel en foto's in die Desember 2025-Januarie 2026-uitgawe oor die geskiedenis van die bakkie baie geniet.

Julle noem in die artikel die Toyopet Stout het in 1966 as die eerste moderne bakkie in Suid-Afrika aangeland. Ek het dié bakkie uit Japan die eerste keer in die jare vyftig op die Mariental-landbouskou in die destydse Suidwes-Afrika gesien. Dit was iets tussen die kleiner en groter bakkies, in 'n kleur wat ons "PWD-bruin" genoem het – dit het verwys na die publiekewerkedepartement wat alles en nog wat in 'n vaalbruin kleur geverf het. Regtig nie die mooiste wat jy kry nie.

My oupa Jakobus Visser het 'n Ford Model T-bakkie – volgens die artikel die eerste bakkie wat in Suid-Afrika >



Ford Ranchero

BRIEFBRIEF

Johann Visser wen 'n EvoCharge LED Powerbank-flitslig ter waarde van R999. Die veeldoelige flitslig het 'n 7800mAh-litiumbattery en kan vir tot 30 uur skyn – jy kan selfs jou foon herlaai met dié flitslig. Hy's ook magneties sodat jy dit iewers teen 'n staaloppervlak kan vassit as jy albei hande nodig het. Die flits is boonop waterdig en skrik nie vir 'n reënbuie nie.

sustainable.co.za





Nuwe: Okto-woonwaens, Afrispor, Metalian, Nayela en Freeline Maverick-veldwoonwaens.
Edgeout en Vagabond Teardrop sleepwaens. Metalian-grondpadsleepwaens.

*Talle goeie gehalte uitgesoekte, gebruikte woonwaens. *Kamp- en veldsleepwaens.
*Dak- en sleepwatente, seil- en nylonkamptente. *Fabrieksgoedgekeurde werkswinkel.
*Volle toegeruste LeisureWorld winkel met al jou kamp en woonwa toerusting en parte.

LeisureWorld

Loftus Caravan City

Bel: 011-792-1456

OKTO
CAMPERS



SWIFT

AFRISPOR
CAMPERS

NAYELA
CAMPERS

EDGEOUT



FREELINE
CAMPERS

VAGABOND



verkoop is – in Suidwes gekoop, en my oorlede pa, Johan, het altyd met groot genoegdoening daarvan vertel.

Danksy foto's weet ek my pa het ook 'n bruin Hudson-bakkie gehad en uit vertellings later, toe ek 'n klein seuntjie was, 'n swart Dodge. Sy volgende een was 'n bottelgroen Chev. Ek onthou hoe mooi die ronde verligte speedmeter van sy nuwe 1948-model vir my gelyk het terwyl hy die aand die 153km uit Keetmanshoop na ons plaas, Asanib, gery het.

My oom en pa se swaer Renier Engelbrecht het weer 'n Ford Consul gery soos die een op die foto links, maar hierdie is 'n latere model wat ek in 2021 in 'n Mosselbaai motorhawe raakgeloop het. Vorige modelle was in die jare vyftig in Suid-Afrika te kry, maar die latere model nie.

My eerste motor was 'n Volkswagen Kewer, 'n 1955-model, en ek het in die vroeë jare sewentig 'n Ford Ranchero-bakkie gekoop wat ek later met 'n Ford Cortina Big Six-sedan vervang het.

JOHANN VISSER
Mosselbaai

Langs Tietiesbaai se ambulans

Dis die derde agtereenvolgende jaar dat ek ons besoek aan die Tietiesbaai-kampplek met Ry & Sleep-lesers deel. Dis 'n kamptyd waarna ek heeljaar uitsien, veral omdat ek nie veel ander tyd kry om te kamp nie. Miskien Paastyd, maar dit gebeur selde.

Ons vorige besoek sou die einde van hierdie tien jaar lange ritueel op dieselfde staanplek wees, want my lewensmaat, Willie Dreyer, het 'n stukkie grond anderkant Laingsburg bekom sodat ons ons eie kampplek op die been kon bring, maar dit het nie uitgewerk nie omdat Willie skielik oorlede is.

Die uiteinde was dat ek weer my Desembervakansie by Tietiesbaai deurgebring het. Soos vorige tye het 'n klomp vriende, onder wie my getroue kampvriend Minnaar Carinus, saam vakansie gehou en ons het saam die nuwe jaar ingewag. Dan kom die vonkelwyn en mense skiet ouder gewoonte vuurwerk op die strand. Ons het dit van ons kampstoele langs die kampvuur af sit en dophou, want dit was koud en mistig.

Hierdie vuur, wat elke aand ná braaityd bly brand, sorg vir lewe, want jy kan nie in die kampplek gesels sonder 'n atmosvuurtjie nie. >



@STEALTHCARAVANS



#STEALTH

Gerief wat JOU volg

594 X-
COUNTRY



In 'n wêreld vol geraas, verkeer, spertye en “het jy die braaitang ingepak?”, is daar één plek waar die lewe stadiger raak en avontuur versnel — agter die gladde, aerodinamiese lyne van 'n Stealth-karavaan. Ontwerp vir reisigers wat meer uit die reis wil put, kombineer Stealth-karavane geharde Suid-Afrikaanse ingenieurswese met luukse afwerkings wat fluister: “Ontspan... ons het jou.”

Of jy nou bos toe ry, die seeklanke volg, of bloot na jou gunsteling-wegbreekplek ontsnap, Stealth bring die gerief van die huis reg tot by jou kampplek. Binne vind jy slim uitleg, luukse afwerkings en stooroplossings wat selfs die mees georganiseerde pakker 'n traan van trots sal laat pink. Buite beteken die liggewig ontwerp en uitsonderlike sleepstabiliteit net een ding: selfvertroue. Selfs wanneer die wind sy bes probeer om vir jou 'n vliegles te reël.

Ontwerp vir die Reis, Liefgehê vir die Gerief

Gebou vir ontdekkers, naweek-avonturiers en gesinne wat glo herinneringe word buite gemaak, neem Stealth-karavane jou nie net plek toe nie — hulle sorg dat jy elke oomblik van die reis geniet.

*Want aan die einde van die dag moet
avontuur moeiteloos wees.
En met Stealth... volg gerief jou altyd.*



CUB
OVERLANDER




DIE
KUDU

Gebou vir Avontuur, Ontwerp vir Gerief

Wanneer jy 'n Stealth koop, koop jy nie net 'n karavaan nie — jy kies 'n slimmer, gladder manier van reis. Jy belê in vryheid, gehalte en 'n reiservaring wat selfvertroue, gemak en gerief aan elke kilometer toevoeg. Elke uitstappie voel eenvoudiger, elke kampplek voel meer soos tuis, en avontuur word moeiteloos. Met robuuste krag aan die buitekant, deurdagte luuksheid aan die binnekant, en gerief wat jou oral volg, is 'n Stealth nie bloot 'n karavaan nie — dit is 'n leefstyl-opgradering.

Met Stealth is “gerief wat jou volg” nie net 'n slagspreuk nie — dit is die belofte agter elke kilometer.



(Ek en my medekampeersders het dit herdoop tot die ambulansvuur!)

Soos altyd bestaan ons etes hoofsaaklik uit seekos vars uit die see. My broer James Laurence, ons mees-terkreefduiker, sorg vir 'n konstante voorraad kromsterpe, vis en mossels. Buiten die seegoed bly ons gebruiklike paella en mieliebrood deel van die kamprituëel.

Daar is wel vanjaar een groot verskil: Ek het ontslae geraak van my kampsleepwa, 'n wa waar ek in 'n daktent geslaap het met 'n gazebo voor dit as kombuis. Intussen het ek myself bederf met 'n oulike klein woonwa met 'n buitekombuis. Dis 'n 1994 Sprite Scout, en die bonus is dat 'n tent deel is daarvan – dit beteken my kombuis is nou “ingebou”. Ek is heel in my noppies.

Ek probeer gewoonlik al die opslaanwerk self doen, maar verloor soms stoom en dan moet ek eers asem skep. Soos ek al voorheen vertel het, het ek limfoom, 'n soort klierkanker, onder lede, maar ek bly positief en sorg dat niks my van stryk bring nie.

Ongelukkig kan ek nie die Scout met my karretjie sleep nie, maar James het die Scout gaan haal en vriende het dit weer terug by die huis besorg.

Ons het ook ons nuwe kampbure geniet: Ansuné Basson en Nikky Swart. Hulle is van die Paarl en het drie weke langs ons uitgespan.


Dis nou al weer Paastyd en nog net agt maande voor die Scout sy tweede staan in Tietiesbaai kry.

GRETHA SCHOONRAAD
Stellenbosch 📍

Volg @wegrysleep op Instagram en merk jou foto's met #wegrysleep – ons publiseer dit dalk op ons profiel of op dié blad.



♥ 👤 📍
KATAVI- NASIONALE PARK, TANZANIË
Foto @jewel4travel



♥ 👤 📍
TANKWA TIMES
Foto @roaming2adventures



♥ 👤 📍
YMANDAM, TANKWA-KAROO
Foto @rolbos_overland_za

INVADER VIATOR

Die nuwe era van luuksheid.

#2026

www.invader.co.za



'n Kampkarnaval

Die onlangse Woonwaskou by die Gallagher-landgoed het opnuut bevestig hoe perdfris die bedryf is.



Die jaarlikse Woonwaskou is soos die bedryf se hipermark – alles onder een dak. Dit is immers een van die grootste binnenshuise buiteleweskoue in die Suidelike Halfrond.

Kort duskant 40 woonwawervaardigers het hulle nuutste produkte ten toon gestel en skougangers is bederf met 'n propvol skinkbord. Dit was die grootste skou nóg van sy aard, sê Hampie de Kock, die skoudirekteur. Verlede jaar se 25 000 m² onderdakuitalruimte is vergroot tot 30 000 m², en 'n allemintige 25 000 besoekers het oor die drie dae by die skou kom inloer.

Dit was 'n suksesvolle skou, en sommige vervaardigers het reeds gevra vir nóg groter uitstalruimte volgende jaar.


Dis nie net al die nuwe produkte wat vanjaar se skou laat ontstaan nie, maar ook die nuwe denkrigtings van verskeie vervaardigers.

Conqueror het sy vyfdewielwoonwa kom wys soos wat 'n mens in Amerika kry. Tans is dit 'n prototipe, maar nietemin 'n eerste as produksiemodel vir Suid-Afrika.

AlphaGo het by die skou kom spog met wat die eienaar die wêreld se grootste daktent noem, en boonop is daar nie 'n enkele paal nie omdat die tent met lugpilare orent gehou word.

Invader het sy nuwe vlagskipmodel gewys. Dié vervaardiger gebruik nou 'n elektriese opwipdak wat met twee skêrmeganismes werk.

'n Ander vervaardiger span 3D-drukwerk in vir komponente; 'n nuwe vervaardiger het 'n reuse-glyraamrak met 'n vals boom vir slim pakplek; en 'n ander bied 'n draaiskyf op die onderstel van sy dubbelaswoonwa. >



Rhino-man

Een kappie. Twee wêrelde. Eindelose moontlikhede.
Oorwin 4x4-roetes of verken stadspaaie,
met jou Rhinoman kappie.



*Die hoof foto toon die Rhinoman Xtreme-kappie.



DUBBELKAJUIT
XTREME-KAPPIE
R46 700 insluitend
BTW en vervoer



DUBBELKAJUIT
XPEDITION-KAPPIE
R41 100 insluitend
BTW en vervoer



DUBBELKAJUIT
LX-KAPPIE
R34 800 insluitend
BTW en vervoer

+ (27) 10 010 0060 | sales@rhinoman.co.za | rhinoman.co.za

BESKIKBAAR
BY:


Rhino-man

BEEKMAN
EXPERIENCE LIFE WITH STYLE



BushCoOverland
South Africa

CANOPY CENTRE
CANOPY LIFT & ACCESSORIES



INVADER

Invader se sukses is baie jare al danksy twee modelle: Die Duo (met slaapplek vir 2) en Quattro (vir 4), albei modelle wat 'n jaar of wat gelede met 'n X-variant opgegradeer is.

Nou kry Invader 'n derde model, die Viator, wat ook die vlagskip is, en hy kry twee geriewe wat die Duo en Quattro nie het nie: Binneslaapplek en 'n binnebadkamer.

Invader gebruik 'n lugstelsel om die Duo se dak te lig, en elektriese motors met unieke skarniere om die twee beddens van die Quattro uit te slaan. Die Viator se dak lig elektries, maar nie met die alombekende elektriese motors (of *actuators*) nie, maar met 'n skêrmeganisme. Twee skêre pas op die kort kante van die opwipdak – elk met twee motors en 350 kg stootkrag – en twee diagonale gasstutte pas in die lengte regs onder die dak sodat dit nie swik nie.

Die gedagte van die Viator was om 'n wa te bou wat in 'n standaardmotorhuis pas en netjies in die glystroom van 'n sleepvoertuig draf, sê Dan-Pierre Louw, die eienaar van Invader.

Die elektriese dak was ook deel van die prentjie, en natuurlik 'n volledige binnebadkamer. Uiteindelik is dit 'n wa wat moeite-loos opslaan én kamp.

Wanneer die opwipdak gelig is, span 'n seil tot teen die romp, wat beteken jy het reg rondom vensters. Boonop slaan 'n soliede kosyn langs die deur af sodra die dak opgeslaan is. Dit beteken die Viator het 'n soliede deur langs die seilmuur.

Laastens lig die dag hoog genoeg (800 mm bo die romp) sodat jy regop in die Viator kan klim. Die badkamer is regs in die stert en het ook seile bolangs wat die afskortings vorm. Die stort is regs voor jou in die hoek en die wasbak en kassettoilet regs by die deur.

'n Lang werkblad binne strek in die lengte al teen die linkerpaneel af, en by die voeten-ent is twee bankies met 'n tafelblad wat op 'n glyraam onder die bed uittrek.

'n Mikrogolfoond pas in die buitekombuis, en twee wasbakke in 'n raam vorm deel van die glyraam waarin die tweeplaatgasstoot gemonteer is met plek vir die ys-vrieskas anderkant dit.

Die kragstelsel pas in die kas oorkant die ys-vrieskas in die regterkantse paneel.

Die tarragewig is 1 250 kg en die BVM 1 800 kg.

Duo en Quattro beteken onderskeidelik "2" en "4", terwyl "Viator" die Latynse woord vir "reisiger" is.

Prys R585 000.

Kontak 021 948 2754 invader.co.za >



INVADER VIATOR

A family of four (mother, father, and two children) are camping on a rocky beach. They are wearing warm outdoor gear like parkas and beanies. The mother and father are holding metal mugs, and the children are eating. A small table holds food like bread and fruit. A green tent is visible in the foreground, and a folding chair is on the right. The background shows the ocean and a cloudy sky.

**WAAR
JOU
AVONTUUR
BEGIN**

DIE ADVENTURER SERIES™

Die Ripstop-seil Koepeltent, Vervolmaak.



Beskikbaar in 'n 2-, 3- en 4-Slaap.



CUBE MINI PRO



ALPHAGO-TENT

ALPHAGO

AlphaGo het die Cube Mini Pro bekend gestel en ook die badkamervertrek van sy bestaande reeks vergroot.

Die Cube-lugtent is nuut in die produkte van AlphaGo en werk net soos sy kampwaens se tente met lugkolomme om dit orent te hou. Hoewel die Cube as 'n afsonderlike tent beskikbaar is, het AlphaGo kragte saamgesnoer met Kammatech en met die Cube Mini Pro, 'n gekombineerde produk, vorendag gekom.

Die Cube, met 'n ingeboude matras, pas as 'n daktent op die TerraFirma Maxi-boswa (sien besonderhede hieronder). AlphaGo se eienaar, Donovan Marais, reken teen 2,6 x 2,6 x 1,6m dit is die grootste daktent ter wêreld.

Net soos gewone daktente slaan die helfte van dié een se vloerpaneel oop tot langs die wa sodat dit in die geheel kan opslaen. Oopgevou moet jy by 'n sentrale punt met 'n los elektriese pomp die tent se pilare opblaas. Teen 5 bar staan die tent binne 4 minute.

AlphaGo se badkamervertrek het altyd tot by die wa se deur gestrek, maar loop nou oor die volle lengte van 5 m. Teen 2,5 m is hy ook breër, en daar's drie panele wat die vertrek onderverdeel.

Kammatech het vier standaardwaens én 'n klein boswoonwa op die mark. Die gewone waens verskil in grootte en gewig, maar almal het 'n romp en onderstel

van vlekvrystaal. Elkeen is 'n leë romp wat jy toerus soos dit jou pas, met enigiets van 'n dakrak, 'n elektriese stelsel, binnerakke tot 'n gasstoof en -geiser, watertenk (50 l, 80 l of 100 l) en daktent. (Verskillende kombuisuitlegte is beskikbaar en jy kan selfs jou eie kombuisuitleg ontwerp.)

Die vier modelle is die Endura Mini (BVM 750kg, tarragewig 380kg, ongerem), Endura (BVM 1600kg, tarra 400kg), TerraFirma 2.1 (BVM 1600kg, tarra 450kg) en TerraFirma Maxi (BVM 1600kg, tarra 450kg). Die boswoonwa heet die SquareDrop en is in twee weergawes beskikbaar: die KT2 (vir 2 mense) en KT4 (vir 4). Hy het 'n BVM van 1600kg (tarra 500kg) en die romp bestaan uit 'n aluminiumsamestelling.

Standaardtoerusting sluit in litiumbatterye, binnelaai, 'n 50 l-watertenk, gasgeiser, LED-ligte en 'n 180°-stoepdak, en jy het 'n keuse tussen drie kombuisuitlegte.

Pryse AlphaGo Cube Mini Pro R189 995 Kammatech Endura Mini R84 995, Endura R94 995, TerraFirma 2.1 R139 995, TerraFirma Maxi R154 995, SquareDrop KT2 R239 995 en KT4 R269 995.

Kontak AlphaGo ☎ 050 020 9020

✉ sales@alphago.co.za

🌐 alphago.co.za

Kammatech ☎ 082 708 8048

✉ sales@kammatech.co.za

🌐 kammatrailers.co.za (Kammatech is aangewys as die Gautengse agent vir AlphaGo.) ➔



CUBE MINI PRO



**PRETORIA
caravans
& OUTDOOR**
- SINCE 1968 -

KOOP AANLYN
LANDSWYD AFLEWERING
www.pretoriacaravans.co.za
info@pretoriacaravans.co.za
Tel: 012 329 2259
h/v Johan Heyns Dr & Jacobs St
Gezina, Pretoria



Die Topbestemming vir...

Nuwe Karavane | Gebruikte Karavane | Onderdele | Kamptoeerusting | Toebehore



Kry 'n gratis midweek-wegbreek met elke karavaanaankoop by



Veselglaswerk - **Versekeringseise -**
Yskas inbouings - **Ongelukskade -**
Buite kombuise - **Ombouings -**
Lugversorging - **Herstelwerk -**
Dienste - **Houtvrot -**
Onderstel dienste - **Haelskade -**

Instandhouding | Installasie | Herstel | Herbou | Verbouing

...Karavaan Spesialiste

www.caravanfitmentcentre.co.za
info@caravanfitmentcentre.co.za
Tel: 012 944 2487
h/ Johan Heyns Dr & Jacobs St,
Gezina, Pretoria

Nou oop in KZN!
061 474 5568





the **CUBE**

Air Tent

Onthou jy die baklei, die vermiste pale, die uur lange opslaan... en die nagmerrie om dit alles in 'n mikrotentsak weg te pak?

Daardie dae is verby.

Die Cube gebruik 'n gepatenteerde swaardiens-lugraam wat in **net 4 minute** opblaas – geen pale, geen moeite, geen oornag afblaas nie. Ruim. Rotsvas. En wanneer een nie genoeg is nie, rits verskeie Cubes saam om jou einddoel glanskamp-ervaring te skep. Kampeer slimmer.



SAK

Oorgroot drasak maak dit nog makliker om weg te pak



BINNE

10.5 vk meter vloeroppervlakte, 2 m interne hoogte



VERSTERKTE ANKERPUNTE

8 Ankerpunte



TURBO POMP

Blaas die Cube in net 4 minute op



VENTILASIE-OPENINGE

Verminder kondensasie en verbeter lugvloei



WATERDIGTE VERSEËLDE NATE

100% waterdig met 'n 3000 PU waterdigtheidsgradering

EEN KNOP, 4 MINUTE, JY IS KLAAR.



OPBLAASBAAR



WATERDIG



VERPAKTE GROOTTE



5 JAAR WAARBORG



GEWIG

www.cubeairtent.com

E-pos: Hello@cubeairtent.com

Die wêreld se ruimste veldry kampeerder.

 **ALPHAGO**
OFF-ROAD | **DIE NUWE**
S6
AIR



Geen pale meer nie

Hooftent, afdak en badkamer.
Selfopblaas, vir 'n baie groot leefarea.



Stel op in minder as 5 minute

Ontwerp vir maksimum kampeertyd en
om opstel- en wegpaktyd te verminder



Huisves tot 6 mense gerieflik

Sluit die familie by jou aan vir die
naweekwegbreek? Dis nie 'n probleem nie.



072 362 3175



info@alphago.co.za



www.alphago.co.za



AlphaGo Off-Road Camper/Trailers



OKTO

Okto het 'n verskeidenheid pad- en grondpadwaens, maar die Wasp, wat in 2025 hier bekend gestel is, is sy enigste boswoonwa. Nou kry die Wasp 'n groter broer, die Xtrack. Daarby het Okto ook 'n grondpadweergawe van sy Castello, die Castello Gravellor, by die skou kom wys.

Okto Xtrack Die Xtrack is nie net 'n groter Wasp nie. Anders as die Wasp se bed wat dwars in die neus ingebou is, is die Xtrack se bed in die agterste deel, in die lengte van die wa, met 'n gang regs.

Die beddens bepaal natuurlik waar die deur in die romp pas: In die Wasp agter en in die Xtrack voor. Albei het 'n tweede deur in die oorkantste paneel en by albei gevalle slaan 'n buitestorttent hier teen die romp op.

As jy dus by die Xtrack inklim en regs kyk, is die bed teen die linkerpaneel met 'n dwars enkelbed links van jou wat van paneel tot paneel strek.

Die Xtrack is langer as die Wasp, wat beteken hy't 'n groter buitekombuis. Die dubbele wasbakke trek op 'n glyraam heel regs uit die romp en die werkblad slaan daarnaas plat. Die kaste agter dit in die romp het verskeie rakke: Party oop en ander met sponsvorme met plek vir borde en koppies. Die ys-vrieskas en twee-plaatgasstoof staan op dieselfde glyraam en trek uit die kas heel links. Dis 'n praktiese plek vir die gasstoof omdat 'n mens om dit kan beweeg. Die mikrogolfoond pas onder die stoof op die punt van die laai in.

As jy omstap tot by die A-raam, sien jy iets unieks: 'n Deksel oor die hele breedte van die romp slaan horisontaal op met gasstutte wat dit oop hou – en die hele deel van waar die deksel wegslaan, is 'n venster langs die enkelbed.

Die deksel het twee funksies: Dit beskerm die venster wanneer jy sleep en vorm 'n sonskerm bo die venster. En, verduidelik Woody Loftus van Loftus Caravan City, dit is waar 'n dubbelbed in toekomstige variante gaan uitslaan.

Soos ons reeds genoem het, slaan die storttent met sy twee vertrekke by die regterdeur op. Jou handwasbak trek hier uit die kas tussen die deur en neuskas.

Die Xtrack se BVM is 1 750 kg met 'n tarragewig van 1 380 kg. Hy kom met 17 duim-wiele.

Okto Castello Gravellor Die Castello is die vierde padwoonwa van Okto wat 'n Gravellor-variant kry, maar hy's die eerste in die grondpadreeks met 'n vaste dak.

Dis 'n identiese weergawe van die Castello, maar gebou vir taaiere padomstandighede. Die kassies se skroewe is onder meer met boutjies vervang, die romp kry onderlangs 'n skermstaaf en die wielprofiel is effens hoër: 215/80/15C teenoor 215/70/15C. Hy staan dus 30 mm hoër: (2,68 m).

Pryse Okto Xtrack R617 000; Castello Gravellor R643 900.

Kontak info@oktocaravans.co.za
oktocaravans.co.za



OKTO CASTELLO GRAVELLOR



OKTO XTRACK



SilverLakes

CARAVANS & TRAILERS

950 Lynnwood Weg* Equestria * Pretoria

012 - 944 1919 * 012 - 807 5651

KARAVANE & SLEEPWAENS * VERKOPE EN VERHURINGS



KARAVANE & SLEEPWAENS

NUUT

&

GEBRUIKTE

Inruil Welkom



Venter

SLEEPWAENS / AL DIE PAD AGTER JOU!

NUUT & GEBRUIKTE

VERKOPE

&

VERHURINGS



Sterk genoeg vir enige vraag!
Koop dit! of Huur dit!



Inruil Welkom

BOKSBURG

Winkel No: 1*Venter Sentrum
h/v. Noord Rand & Rietfontein weg.

011-826 1529

PRETORIA 950 Lynnwood Weg * Equestria* Pretoria **012-8075651**



STEALTH KLIPSPRINGER



STEALTH KLIPSPRINGER

STEALTH

Stealth, wat spog met 'n uitgebreide reeks pad-, grondpad- en boswoonwaens, het twee nuwe "bokke" in die kraal: Die Springbok en Klipspringer.

Springbok Hierdie is 'n kleiner weergawe van die Kudu-boswoonwa en het slaapplek vir 2 pleks van 4. Garry Coady, die eienaar van Stealth, verduidelik dis steeds 'n volwaardige boswoonwa wat in die toekoms 4 mense sal kan huisves, met ekstra slaapplek soos in sy Cub-reeks.

Pleks van 'n spatkamer soos in die Kudu, kry die Springbok 'n tweede deur waar 'n buitestorttent opslaai.

Die dak lig net aan die agterkant, en as jy langs die bed staan, is daar genoeg kopruimte. Die bed, van muur tot muur, is in die neuskant ingebou met twee bankies by die voetenent. Die kaste is die hele agterste paneel vol tussen die twee deure.

Vir 'n wa van dié grootte is die buitekombuis steeds ruim met 'n glyraam by die neus waarop 'n ys-vrieskas en tweeplaatgasstoof staan. Die werkblad is tussen die glyraam en die instapdeur met verskeie rakke agter dit. Items soos die tweeplaatgasstoof en gasgeiser (met twee gassilinders) is standaard, nes die Victron-kragstelsel, opwasbak, handewasbak en stort, 100ℓ-waterkapasiteit en 270°-uitswaaidak.

Die Springbok se BVM is 1500 kg en tarragewig 900 kg, wat ligter is as die Kudu se 1800 kg en 1350 kg.

Klipspringer Die Cub-modelle is Stealth se kleinste waens en is in drie weergawes beskikbaar: Die Lite is vir teerpad, die X-Country vir grondpad en die Overlander vir veldry. Die nuwe Klipspringer is 'n eenvoudiger weergawe van die Overlander en neig eerder na grondpad. Pleks van 15 duimwiele kry die Klipspringer 14 duimwiele met 'n 1,6-t-as-gradering. Hy het ook nie soos die Overlander agterste glystawe nie en die bed binnein is permanent.

Sy tarragewig is 100 kg ligter as die Overlander se 840 kg, maar jy het steeds dieselfde twee keuses vir BVM-gewig: 1100 kg of 1500 kg.

Opsionele ekstras sluit in die ys-vrieskas, mikrogolfoond, stort, geiser, kassettoilet en stoeltent.

Pryse Springbok R499 000; Klipspringer R310 000.

Kontak 📧 sales@stealthcaravans.co.za

🌐 stealthcaravans.co.za 📞 083 440 9441



STEALTH SPRINGBOK



STEALTH KLIPSPRINGER



STEALTH SPRINGBOK



STEALTH SPRINGBOK

WEES GEREED VIR ELKE **AVONTUUR**

Geparkeer op die rand van avontuur, met die 4x4 gelaai, is elke oomblik 'n kans om stadiger te gaan, dit in te neem en die volgende avontuur te begin.



**OUTDOOR
WAREHOUSE**

vir elke avontuur

SKANDEER WINKEL VINDER

vir jou naaste winkel of skakel tolvry 0800 007 261



OutdoorW



Outdoorwarehouseza



NAYELA

Nayela het sy eerste vastedakwa, die Mahem, in 2025 bekend gestel, en vanjaar is 'n tweede model aan die beurt: Die Bateleur is 'n enkelsmodel wat op eerste kopers gemik is, sê Niel Marais, eienaar van Nayela. Dis 'n kleiner wa met basiese toerusting, en jy kan dit agterna toerus soos dit jou sak pas.

Die Bateleur is 1,5 m korter as die Mahem se 7,3 m en sy tarragewig is op 1 300 kg ook 610 kg ligter. Ook die BVM is ook 700 kg minder as die Mahem se 2 300 kg. Die breedte binne-langs (2,1 m) en dakhoogte (1,96 m) is in albei dieselfde.

Al is die binneruim kleiner as dié van die Mahem, is 'n mens verstom oor die uitleg en oop ruimte binne. Die eethoekie is voor jou soos jy inklim en die eilandbed aan die disselboomkant. Dit voel byna soos 'n stylvolle eenmanwoonstel, en boonop kan die eethoekie in 'n driekwartbed platslaan.

Die hoofbed is dieselfde as die een in die Mahem en jy het die opsie om die Mahem se volledige badkamer in die Bateleur te pas – natuurlik ten koste van die eethoekie.


Die Bateleur gebruik dieselfde onderstel as Nayela se Okapi X, en nes die Mahem se panele bestaan die Bateleur ook uit heuningkoek-panele met aluminiumversterkings.

Die volgende is standaard: Die noodwiel, 'n 157 l-staan-ys-vrieskas (220V), 30 A-Victron-slimlaaier, die eilandbed en eethoekie wat as driekwartbed platslaan, verskeie kragpunte binne en buite (12V/220V), buitekombuis-kaste met 'n werkblad en messegoed. Ekstras sluit in die uitglykombuis met 'n tweeplaat-gasstoof, 'n mikrogolfoond, 32 duim-slim-TV, wasbakke, 'n elektriese geiser, sonpanele en 'n ekstra 85 l-watertenk, verskeie stoepdakke, 'n lugreëlaar, skuiwers, 'n fietsrak en opgrade-ring tot 12V vir die ys-vrieskas.

Prys R395 000.

Kontak 058 863 1027

info@nayela.co.za nayela.co.za




powrtouch

Maak karavaan parkeer
kinderspeletjies!

Met 'auto-engage' tegnologie
om dinge so maklik moontlik te maak



Evolution (Enkelas)



Evolution (Dubbelas, 2 Motors)



Evolution (Dubbelas, 4 Motors)

GRATIS
5 JAAR

ONDERDELE & WERK
WAARBORG

KONTAK ONS

info@powrtouch.co.za

058 821 0189

www.powrtouch.co.za





ELXV

ELXV se vlagskip, die Ng'Ombe 5.7, is heeltemal vernu en sy Diep Spoor spog met 'n nuwe neus.

Ng'Ombe 5.7 Soos 'n mens van ELXV ver wag, is die Ng'Ombe die vergestaltung van pure bederf in die bos. Die koningin-grootte bed skuif elektries uit die regter-paneel, en in die agterste deel is twee enkelbeddens in die lengte van die wa met 'n stel laaie tussen die twee. In die boonste deel is plek vir die opsionele lugreëlaar (10 000 BTU; 12V of 24V).

Die badkamer is in die neuskant en verleen aan die Ng'Ombe 'n besondere karakter. Dit is 'n volwaardige badkamer waarvan die stort en toilet afgesonder is, en dan het die stort ook twee deure – iets wat 'n mens

nie aldag teëkom nie. Soos jy die badkamer binnestap, is die wasbak voor jou met die toilet links. Die stort is regs agter die glasdeur, met die tweede deur wat buitentoe oopmaak sodat jy die natuur kan innooi terwyl jy stort. Die stort het 'n handstuk wat maklik binne én buite bykom, wat nuttig is as jy eers die seesand van jou voete wil afspoel voor jy in die stort spring. En as jy meer privaatheid soek, kan jy 'n storttent oopslaan wat in 'n sak bo die deur weggebêre is.

Standaardtoerusting sluit in 'n 14 l-gas-elektriese geiser, tweepaatgasstoof en 9 kg-gassilinder, 12 stuk- melamien-eetstel, 200 Ah- of 100 Ah-litiumbattery (12V/24V), 30 A-laaier en 135 l-aluminium-watertenk. Opsionele ekstras sluit in 'n Vitrifrigo-250 l-Slim250-vrieskas binne;

'n 95 l-DW 100-ys-vrieskas van dieselfde vervaardiger buite (albei 12V); 'n konveksiemikrogolfoond, ekstra 180 l-aluminium-watertenk en skuiwers.

Diep Spoor Die neuskas van die Diep Spoor vorm nie meer deel van die romp nie, maar is nou 'n aparte eenheid op die A-raam, wat meer ruimte in die binnebadkamer laat. Pleks van die gekromde sye het die voorkant nou 'n vierkantige neus waarin jy 'n venster as opsie kan kry.

Net soos die res van ELXV se modelle pas die romp op die vervaardiger se eiesoortige aluminiumonderstel.



Pryse Ng'Ombe 5.7 R1 350 000; Diep Spoor R950 000.

Kontak 082 444 2850 of 084 550 2820
info@elxv.co.za elxv.co.za >





Die Overlander-veldkampeerder is spesifiek gebou as 'n luukse, gerieflike kampeerder wat vinnig opstel. Dit het onafhanklike suspensie, wat dit in staat stel om op enige terrein gebruik te word.



BESKIKBAAR IN ENKELAS (500) EN DUBBELAS (590).

Kontakbesonderhede: 021 552 7752 | info@overlander.life | www.overlander.life
Vierdestraat 12, Montague Gardens 7441

www.facebook.com/OverlanderCampers www.instagram.com/overlander_campers

CONQUEROR

Conqueror se plaaslike UEV-reeks kry twee modelle by: Die UEV-14X as intree-model en die UEV-30X, 'n vyfdewielwa. En dan is die vervaardiger se Australiese modelle die UEV-570 en UEV-600 ook nou hier beskikbaar.

UEV-14X Hierdie is nou Conqueror se kleinste boswoonwa wat bedoel is vir 2 mense. "Klein" is egter hier 'n relatiewe term, want die 14X spog met 'n uitglykombuis en koningin-grootte uitslaanbed.

Een van die groot pluspunte is die binneste pakruimte, verduidelik Thinus de Bruyn. Die 14X het nie minder nie as 17 kassies binne (ook met hangplek) waarvan die meeste teen die linker- en verste paneel voor jou ingebou is wanneer jy inklim. (Die bed slaan na regs uit.)

Die inlyngasgeiser is in die kas regs voor agter die neuskas, en die storttent slaan by die agterste regterhoek op.

Die 14X is gemik op ligter sleepvoertuie. Hy het 'n BVM van 1400 kg (tarra-gewig 1120 kg), 'n waterkapasiteit van 170 l, dubbele skokbrekers met onafhanklike krulvere en 16 duim-wiele.

UEV-30X Dié bieliewa is gegrond op die gewilde Amerikaanse vyfdewiel- en Australiese gansnekwonwa. Die haakmegansime verskil effens, hoewel die koppelstuk dieselfde is: Dit rus op die voertuig en "hang" nie aan die agterkant nie. Dit rus dus op die bak van die sleepvoertuig.

Dit beteken jy het 'n bakkie nodig waarvan die agterste deel 'n plat bak het sodat die 30X se koppelstuk kan pas. Vir nou kry die sleepvoertuig 'n bakombouing, verduidelik Thinus de Vries, eienaar van Conqueror, maar die gedagte is om later te kyk na 'n dwarsbalk wat op enige bakkie se laaibak pas.

Danksy sy grootte kry jy ruimte en gerief. Jy kan die binnerruim in drie verdeel: 'n sitkamer regoor die deur waar jy instap en waar 'n dubbelbed uit die oorkantse paneel vou; 'n afsonderlike badkamer in die middel met 'n aparte toilet en stort; en 'n muur-tot-muurbed voorlans.

Standaardtoerusting sluit in drie watertanks (300 l), 'n 12 000 BTU-lugreëlaar, 10 kWh-kragstelsel, geiser en binne- en buite ys-vrieskas (173 l en 82,5 l).

Die 30X is 8,238 m lank met 'n BVM





UEV-600



UEV-570

van 3000 kg (tarra 2420 kg), maar die skouprototipe kan nog verander.

UEV-570 en UEV-600 Conqueror voer die laaste 20 jaar produkte uit na Australië – plaaslike modelle soos die Commander en Companion word daar die UEV-490 en UEV-440 genoem.

Nou kan Suid-Afrikaners ook Conqueror se Australiese woonwaens oorweeg met die UEV-570 en UEV-600 wat ingevoer word. Die grootste omskakeling vir die Suid-Afrikaanse mark is die elektriese remme wat vervang word met inloopremme, maar verder kamp jy net soos die mense Doer Onder.

Die UEV-570 het slaapplek vir tot 5 mense (2 van hulle op stapelbeddens by die deur) en is toegerus met 'n sentrale dieselverwarmingstelsel en spatkamer. Die UEV-600 het dieselfde geriewe, maar slaapplek vir 2.

Conqueror vier vanjaar sy 30ste bestaansjaar en al die 2026-modelle kry 'n spesiale Legend 30-kenteken.

Pryse UEV-14X R555 510; UEV-30X R1900 835; UEV-570 R1395 302; UEV-600 R1420 916.

Kontak info@conqueror.co.za

conqueror.co.za 016 349 6533

>



Kry die meeste uit jou avontuur met MEERKAT premium kamptoerusting. *Gehalte waarop jy kan staatmaak.*



+27(0)82 883 1297 I meerkatoutdoor.com

TMCS

Tinmy Die Tinmy is gegrond op 'n traandrappelwa, maar hy's só stewig 'n mens wil hom eerder met 'n klein boswoonwa vergelyk. Die naam kom van "Tiny but mighty," verduidelik die eienaar, Francois Coetzee.

Die Tinmy het 'n romp van veselglas-samestelling en die buitekombuis is in die stert. Hier is plek vir 'n ys-vrieskas op 'n glyraam en die gasstoof is regs in die werkblad versink met 'n windscherm rondom. Die mikrogolfoond is in die paneel agter die stoof ingebou.

Die wasbak slaan langs die romp by die kombuis op met die gasgeiser daarnaas, terwyl die gassilinder op die naaste modderskerm staan. Albei sy-panele het vensters én deure.

Min dinge is so irriterend soos 'n lig wat in jou oë skyn terwyl jy op die bed lê, en hiervoor het Francois 'n slim oplossing. 'n Rak loop in die lengte van die romp teen die dak met ligte daar-agter. Dit sorg dus vir sagte beligting in die kajuit.

Die Tinmy kom standaard met 'n 12V-battery en Victron-laaier, plus 'n mikrogolfoond, 40ℓ-yskas, stoof, 2 kg-gassilinder, messegoed en 15 duim-wiele. Jy kan die battery opgradeer tot 'n litiumbattery en 'n DC-DC-laaistelsel plus 'n dagglyraam met drie ammomkiste. 'n Uitswaaistoepdak (2,5 m, 180°), 5ℓ-geiser, 50ℓ-watertenk, wasbak met staander en remme is opsioneel.

GT Camper Sedert GT Camper nuwe eienaars* gekry het, is die boumateriaal van die sy twee modelle, die Libra en Exclusive, opgegradeer. Pleks van elektrogegalvaniseerde plaat word vlekvrystaal vir die romp gebruik. Die onderstel is steeds gegalvaniseer.

Die geiser voor in die regterkantste kas staan nie meer op 'n glyraam nie, maar is nou permanent vasgesit.

'n Nuwe model, die GT Lite, is ook in die pypplyn.

* Roadque, wat al 30 jaar onder meer sleepwa-onderdele vervaardig, is die moedermaatskappy van Trailer & Mega Custom Steelworx (of dan TMCS) en GT Camper Off-Road Trailer.

Prys Tinmy R259 000.

Kontak ☎ 012 804 1967 of 012 003 4131

✉ info@trailermtcs.co.za 🌐 trailermtcs.co.za of gtoffroadtrailers.co.za >



NAYELA

oKapi

oKapiX

SaharaX

Oribi



BATELEUR

NAYELA PRETORIA

063 720 1919/078 462 304730
SEFAKO MAKGATHO-RYLAAN (Zambezi),
PRETORIA

ALL OUT CARAVAN & LEISURE (CARA-CAMP)

021-852 8215
HAZELDENRYLAAN, SOMERSET-WEST
BESIGHEIDSPARK, SOMERSET-WEST
KAAPSTAD

NORTHERN NATAL 4X4 OUTDOOR CENTRE

034 312 5707
YORKRYLAAN 6, NEW CASTLE

4MATT CAMPERS

021 065 1815
PROTONSINGEL 27
BELLVILLE

LOFTUS KARAVANE

011 792 1456
H/V REPUBLIEK & RABIESTRAAT
FONTAINEBLEAU,
RANDBURG

EASTERN CAPE CARAVANS

041 581 5363
4 DE LAAN 24, WALMAR,
PORT ELIZABETH



nayela.co.za



058 863 1027



sales@nayela.co.za



Nayela

ALUBLACK EN INFANTA 4x4

Alublack 'n Kappie hoort op 'n bakkie, maar nou kan jy Alublack se kappie op 'n pasgemaakte platbakonderstel monter en met 'n eiesoortige boswoonwa wegry.

Alublack maak kappies wat op alle bakkies pas en jy kan die kappies toerus soos jy wil, met bykans eindelose kombinasies. As jy wil kamp, sal 'n daktent, ordentlike kragstelsel (kyk na die Flexopower 3000W-kragteenheid as jy die kat se snor wil wees), sonpanele en yskaste deel van jou lys wees.

'n Kombuisseenheid met laaie en 'n tweeplaatgasstoof is ononderhandelbaar en dieselfde geld vir kruidenierskaste – om nie eens te praat van die gassilinder en sy houernie. 'n Gasgeiser met al sy loodgieterswerk en

waterkapasiteit van 160 l rond die prentjie mooi af. Nou kan jy met jou bakkie en kappie die boendes invaar en op eie houtjie kamp met al die luukses byderhand.

Terug by die huis kan jy bloot die toegeruste kappie afhaal tot jy weer gaan kamp.

Alublack het nou 'n platbakonderstel met 'n ingeboude neuskas waarop die kappie pas, en as jy 'n entjie wegstaan, lyk die eenheid soos 'n boswoonwa. Die onderstel is dié van 'n Infanta Enkulu 1, wat beteken hy gaan waar jou veldryer gaan.

Infanta 4x4 Die Infanta Enkulu 2 kry nou 'n variant met 'n spatkamer. Die oorspronklike model het 'n lang werkblad regs oor die hele breedte van die wa wat ook as 'n enkelbed vir

kinders gebruik kan word, maar in die nuwe-ling word dié blad in die helfte gesny en die spatkamer pas in die verste deel. Dis baie slim gebruik van beperkte ruimte en 'n luukse op 'n wa van dié grootte.

Die regop kas regoor die deur is verwyder en die kassettoilet in die onderste deel skuif na regs tot in die spatkamer.

Die mikrogolfoond is steeds onder die blad en by die deur soos in die oorspronklike model.

Pryse Alublack-kappies R76 475-R97 750;

platbakonderstel R138 000;

Infanta Enkulu 2 Wetroom R583 792.

Kontak Alublack 0860 148 200

sales@alublack.com alublack.com

Infanta 4x4 info@infanta4X4.co.za

infanta4x4.co.za 028 512 3663 >



ALUBLACK



ALUBLACK



ENKULU 2



ENKULU 2



ENKULU 2

ELXV
ELITE LUXURY OFF-ROAD VEHICLES



**DIEP SPOOR
(OFF-ROADER)
SLAAP 2**



**GHARI 4.2 OFF-ROADER
SLAAP 2**



**GHARI 4.7 OFF-ROADER
SLAAP 2**



NG'OMBE OFF-ROADER
Available in 5.2 | 5.7
SLAAP 2 - 4

ELXV Wes-Kaap Vertoonlokaal is NOU OOP!

www.elxv.co.za



MOBI LODGE

Mobi Lodge se Quattro, sy vlagskip, is verlede jaar op die skou bekend gestel en kom standaard met 'n 1kW-omskakelaar en 'n 210Ah-litiumbattery. (Die stelsel pas in 'n 90ℓ-vloerkas.)

Nou kan jy die stelsel opstoot tot 4kW. Dit beteken 'n ekstra 3kW-omskakelaar met 'n AC-DC-laaier. Die 210Ah-battery word met 'n 500Ah-weergawe (ook litium) vervang. Die sonpanele (plus twee sonkragbeheerders) lewer 'n totaal van 1900W.

'n Nuwer lugreëlaar (12000 BTU) – 'n omskakelaarversorger – is ook nuut en verbruik heelwat minder krag as 'n konvensionele model, verduidelik Marius Ras, die eienaar van Mobi Lodge.

Prys Omskakelaar-opgradering R85000; Mobi Lodge Quattro R1058000

Kontak 📧 marius@mobilodge.com 🌐 mobilodge.co.za

☎ 013 246 1327



NALEDI

Die groot vensterpaneel weerskante van die Naledi-traandruppelwa is 'n unieke eienskap, maar die model is nou selfs meer vaartbelyn. Die noodwiel op die A-raam voor die neuskas skuif onder die wa in en pas agter teen die onderstel in op 'n eie rak. Die oop ruimte by die disselboom laat dus plek vir 'n kas met 'n gasgeiser, sê Andre Rutkowski.

Die kombuisligte kan nou ook van 'n koue tot warm kleurtemperatuur verstel word.

'n Naledi word volledig toegerus en is kampgereed. Standaardtoerusting sluit in 'n mikrogolfoond, gasstoof en induksieplaat, 50ℓ-ys-vrieskas, elektriese ketel, 50ℓ-watertenk en 'n kragstelsel met 'n 100Ah-litiumbattery en 100W-sonpaneel.

Prys R299000.

Kontak 📧 andre@naledicampers.com 🌐 naledicampers.com

☎ 083 778 5555



METALIAN

Metalian het die krane op sy Maxi 4x4-model verander. Die uittrekkraan in die buitekombuis is vervang met 'n buigsame pyp en die twee krane in die neuskas is nou een mengkraan.

Prys R157493.

Kontak ☎ 021 903 9623

🌐 metalian.co.za



UNIPOD

Unipod se reeks van vyf modelle – die MicroPod, 4-XPod XL, BushPod, XpeditionPod en AdventurePod – word voortaan van veselglas vervaardig. Dis 'n natuurlike ontwikkeling omdat Imagine TrailVan, wat van veselglas vervaardig word, en UniPod nou dieselfde eienaar het.

Tot dusver was die Unipod se romp van aluminium. Die nuwe veselglasromp het steeds 'n aluminiumraamwerk met 'n isolasielaag, maar die buiteafwerking is anders. 'n Mens sien dit veral op die hoeke by die lasplekke. Dis ronder en sagter op die oog.

Dis hier waar UniPod tegnologie inspan: In die lengte waar die ronder hoeke bymekaarkom, kry dit 'n plastiekaspunt wat met 'n 3D-drukker vervaardig word, verduidelik Hugo Swanepoel.

Ook die deure kry 'n ekstra seël buite. Buiten die ooglopende voordeel sorg die buiteseël ook vir 'n netjieser afwerking.

Net soos die Imagine-reeks word die Unipods se onderstel nou gegalvaniseer plaas van net geveel.

Die 4-Xpod se geiser, wat voorheen regs in die deur gemonteer was, het na die agterkant van die wa geskuif.

Prys UniPod 4-XPod XL R405 000

Kontak 📧 hugo@unipod.co.za 🌐 unipod.co.za

☎ 012 002 5125 >



4-XPOD XL



IMAGINE

Imagine se ComfortVan 2.0 wat laat verlede jaar op die mark verskyn het, kry 'n naamsverandering en sy bed kry ekstra kopruimte. Die bed van die VentureVan, soos hy nou bekend is, staan nou in die lengte in die neuskant van die wa plaas van dwars.

Die soliede ronding bo die koppenent kan nou oopmaak – boonop met die druk van 'n knoppie. Nie net kry jy nou 'n venster by die koppenent nie, maar ook ekstra kopruimte.

Die nuweling se romp is 'n halwe meter langer as sy voorganger s'n, wat beteken die vensters in die sypaneel is ook langer. Dit beteken die ys-vrieskas in die buitekas staan nie meer haaks met die romp nie, maar parallel. Dit gee weer meer binneruimte en jy kry drie laaie by die trap voor die bed.

Prys R525 000.

Kontak ☎ 083 251 6266

📧 hugo@imagine-trailvans.co.za

🌐 imagine-trailvans.co.za >



VENTUREVAN

ORCAA

Orcaa is 'n nuwe vervaardiger wat sy staan kry tussen die ou hande in die bedryf. Hy beskryf sy Legacy-model as 'n "kompakte dog swaardiens veldry-kampwa" met 'n romp van aluminium en vlekvrystaal bo-op 'n gegalvaniseerde onderstel van hoëtrekstaal.

Die as is vir 1,5 t gegradeer met 'n opsie om dit ook met dubbele skokbrekers toe te rus. Die Legacy is só ontwerp dat wielgroottes van 15 duim tot 20 duim kan pas.

Die Legacy is 'n leë wa wat jy toerus soos jou dit pas, maar die 1,5m lange glyraam wat agter uitgly, is standaard. Dit is 'n wenner.

Die raam is boonop meerdoelig: Die vloer het ogies waarop jy iets kan vasmaak, wat beteken jy hoef nie tot in die wa te strek nie; jy trek bloot die laai uit, maak vas en stoot terug.

Nog 'n slim plan is dat die vloer van die glyraam uit los panele bestaan, en elkeen gee jou toegang tot nog pakplek onder dit. En as jy nie die ogies gebruik nie, draai jy net die paneel om sodat die ogie na onder wys – en jy het 'n gladde laaiplek.

Jy het 'n keuse tussen 24 bykomstighede, waaronder twee spesifieke Orcaa-produkte: Die 270°-stoepdak (oppervlakte 13,8m²) en die mosselskulpdak. Nog opsionele ekstras wissel van 'n 12V-kragstelsel en geiser tot 'n gasstoof, 3 kg-gassilinder, jerrykanhouer, 45 l-ys-vrieskas, dakrak en waterstelsel.

Die BVM is op 1200 kg vasgestel en die tarragewig 750 kg.

Prys R215 000.

Kontak 📧 jason@orcaacampers.co.za
🌐 orcaacampers.co.za ☎ 074 815 6370
of 073 705 0746



ORCAA LEGACY



ORCAA LEGACY

OVERLANDER

Overlander het sy stoepdak vergroot: Dit span 10 m in die lengte en die breedte is nou 3 m plaas van 2,5 m.

Die onafhanklike vering van sy dubbelas-model, die 590 Custom, werk op 'n volgarmstelsel en jy kan lugvering kies. Nog twee opsies kom by, verduidelik Rudi Pretorius, die eienaar van Overlander: 'n soliede as met paraboliese bladvere en 'n draaiskyf (of *rocker*) tussen die bladvere.

Die paraboliese bladvere het minder lae wat stewiger is in die middel en smaller op die punte. Dit weeg heelwat minder, maar is ontwerp vir swaargewigte.

Die draaiskyf is die middelpunt tussen die twee stelle bladvere op 'n kant wat die twee asse indirek met mekaar verbind. Die twee punte van die bladvere die naaste aan mekaar is met die draaiskyf verbind. Soos die een veer swaarder dra – met ander woorde nader aan die onderstel gedruk word – druk sy punt die veer langs dit in die teenoorgestelde rigting danksy die draaiskyf. Dit beteken die wiel met die minder lading deel nou die las – dis 'n merkwaardige stelsel.

Die 590 Custom kry ook 'n "is"-variant. Dit verwys na "internal seating" en kos R25 000 ekstra.

Die kaste in die agterkant skuif na die linkerpaneel, wat plek maak vir 'n eethoekie. (Dit kan platslaan tot 'n enkelbed.)

Die twee vensters in die linkerpaneel skuif na die panele weerskante van die eethoekie.

Prys R1 144 825.

Kontak 📧 info@overlander.life 🌐 overlander.life ☎ 021 552 7752



OVERLANDER 590 CUSTOM

OUTBOUND

OutBound, wat op kleiner grondpadwoonwaens fokus, het 'n ekstra variant by sy DB-model gevoeg: Die DBXL.

Die neuskas van die DB (dit staan vir dubbelbed) vorm nie deel van die romp se voorste deel nie, maar is eerder 'n aparte eenheid op die A-raam. Die DBXL het steeds 'n neuskas, maar dis by die romp ingebou.

Sodoende kry die binnoruim 60 cm by, verduidelik die eienaar, Clive van der Vyver. Die bed in die neuskant is 20 cm langer (nou 2 m) en so ook die buitekombuis. Dit beteken daar's plek vir 'n 75 l-watertenk (standaard) plus 'n handewasbak en geiser.

Pleks van 'n 270°-uitswaaidak kry die XL een wat reg rondom loop standaard.

Prys R385 900.

Kontak 📧 enquiries@outboundcampers.co.za


🌐 outboundcampers.co.za ☎ 011 974 5595 ➔



OUTBOUND DBXL



OUTBOUND DBXL



BRUISER 4x4

Nadat skougangers laasjaar Bruiser 4x4* se eerste model, die Expander, te siene gekry het, het die vervaardiger se intree-model vanjaar sy buiging gemaak: Die Renegade het ook slaapplek vir 2, maar plaas van 'n uitglybed kry hy 'n vaste bed (koningingrootte). Anders as die Expander kry hy 'n buitestort eerder as 'n spatkamer, en jy het steeds 'n wasbak en kassettoilet binne.

Die dienluik in die buitekombuis is 'n unieke eienskap van die Expander wat net so na die Renegade oorgedra word.

Die Expander se bed verleng uit die stert met die kombuisglyraam wat onder dit uittrek. Die Renegade se kombuisraam trek uit die romp net onder die dienluik en die tweeplaatgasstoom is hierin versink.

Die twee modelle het dieselfde afmetings (4,9 x 2,2 x 2,2m) en BVM (1800kg), maar die Renegade se tarragewig is teen 1250kg altesame 150kg ligter.

Die waterstelsel is dieselfde: 'n 5ℓ-gaseiser en 3kg-gassilinder, maar die watertanks verskil. Die Renegade het 'n 60ℓ-tenk wat jy tot 120ℓ kan opgradeer, terwyl die Expander twee 75ℓ-watertanks het. Die elektriese stelsel is ook dieselfde en sluit in 'n 100Ah-litium-battery en 15A-Victron-laaier.

Die romp is van vlekvrystaal, alumi-

nium en veselglas met 'n Raptor-laag. Opsionele ekstras sluit in 'n storttent, watervlakmeter, SnoMaster-12ℓ- of 81,5ℓ-yskas, 170W-sonpaneel wat op die dak pas, Victron-omskakelaar en DC-DC-laaier, en lugreëlaar.

Die reeks word met twee modelle uitgebrei: Die Commando en die Maximus. Eersgenoemde, met slaapplek vir 2-4 mense, het ook 'n uitglybed aan die

agterkant plus 'n bank of stapelbed. Die Maximus het slaapplek vir 4, maar hy kry 'n binnebadkamer op 'n dubbelas-onderstel.

* Bruiser 4x4 is laasjaar as die luukse been van UniPod op die been gebring, maar dis nou 'n aparte onderneming.

Prys Renegade R449500.

Kontak 📧 sales@bruiser4x4.co.za

🌐 bruiser4x4.co.za 📞 072 192 2845



BRUISER RENEGADE



BRUISER RENEGADE



SUMMIT

Die passtukke op al die deure en buitekaste van die Summit se Karenga is opgegradeer. Die deure en vensters seël na dese só goed, sê die vervaardiger, dat die snorkel by die neus nie meer nodig is nie.

Die Karenga (BVM 1800kg en tarragewig 1310kg) is tans Summit se enigste boswoonwa, terwyl die Everest 'n boswa is.

Prys R470 000.

Kontak 📧 info@frantelholdings.com 🌐 summitoffroad.co.za

☎ 012 803 6535 of 082 484 9848



KARENGA



KARENGA



QUANTUM

Quantum het van sy loodgieterwerk verander én sy unieke tent kom wys. Dié vervaardiger gebruik nie meer mikroskakelaars in sy krane nie, maar eerder 'n outomatiese pomp met 'n hoofskakelaar.

Die reeks se buitekombuiskaste het binneligte gekry, en Quantum verdien 'n pluimpie vir die modulêre panele in sy woonwatente. Die los panele heg nie met ritssluiters aan die bokant van die paneel nie, maar eerder met 'n lang aluminiumvoor waar jy die paneel inryg – soos dié wat vervaardigers gebruik om 'n tent teen die romp in te ryg.

Dit is dus 'n modulêre stelsel en jy kan jou vertrekke met die los panele rondskuif soos boublokke om verskillende vertrekke onder die tentdak te skep. Net die dak van die tente is modelspesifiek, sê Louie-Mari Pienaar van Quantum, maar al die panele onder dit pas oor en weer. (Die tent teen die wa is by die standaardprys ingesluit.)

Kontak 📧 info@quantumleisure.co.za 🌐 quantumleisure.co.za

☎ 011 974 5595

TUFF CATS

Tuff Cats het 'n Max-variant met 'n langer dak by sy Mbada-modelle gevoeg. Die vervaardiger het sy 2D Max kom wys wat geskoei is op sy Nova 2D-model met 'n paar aanpassings.

Die bed is byvoorbeeld in die lengte voor in die wa en die dwarsbalk bo die bed by die koppenent val weg. Die dak is dus verleng tot gelyk met die koppenent, wat heelwat meer ruimte bo die bed skep. Die dak lig steeds elektries.

• Wees in ons volgende uitgawe op die uitkyk vir die Mbada 2D Max-woonwatoets.

Prys Mbada 2D Max R535 000.

Kontak 📧 sales@tuffcats.co.za 🌐 tuffcats.co.za

☎ 082 301 2393



MBADA 2D MAX

BERG

Die 2 x 1,85 m-bed wat uit die agterkant van Berg se CX6-model gly, is een van sy kenmerkendste eienskappe, maar die seilpaneel langs die bed word nou met soliede panele vervang. Hulle kan steeds boontoe oopswaai soos 'n venster en daar is steeds gaas tussen jou en die buitewêreld om goggas uit te hou.

Die soliede paneel is veiliger, maar jy is darem nie ingehok nie, want elkeen van die panele het twee skuifvensters.

Twee enkelbeddens (2 x 0,75 m) teen die sypaneel is deel van die CX6 se standaarduitleg, maar twee opsies kom by: Die oorkantse enkelbed kan opslaan as twee bankies met 'n tafel, of jy kan 'n groter bankie en tafel kies wat as 'n driekwartbed plat-slaan. In dié geval word die enkelbed die naaste aan die deur 'n lang bank tot teen die uitglybed.

Die badkamer is voor in die CX6 en 'n gaas tussen jou en die blou hemel is 'n nuwe toevoeging.

Berg gebruik losstaande hoekstuttes met slingers, maar FC Buys, verkoopsdirekteur, sê dis meer soos 'n domkrag. Kopers kan ook 'n boormasjien gebruik om die hoekstuttes te verstel, want die slinger word met 'n bout vervang.

Lussies aan die bokant van 'n oprolseilvenster is in die meeste gevalle 'n pyn. Berg s'n word aan die bokant met magnete vasgegryp – slim!

Prys R589950.

Kontak 📧 info@bergoffroad.com 🌐 bergoffroad.com ☎ 012 004 0958



BORDERX

BorderX het 'n tweede dubbelasmodel by sy standaardreeks gevoeg: Buiten die Expedition-model is daar ook nou die nuwe Crawler. Die eienaar, Werner Pretorius, sê die Crawler is 'n dubbelasweergawe van sy Outpost-model.

'n Ekstra stel wiele het 'n beduidende invloed op 'n wa se gewigte. Buiten die ooglopende voordele van 'n dubbelas boet jy 400 kg in: Die Outpost het 'n tarragewig van 1 250 kg en die Crawler s'n is 1 650 kg.

Die verhoogde BVM vergoed tot 'n mate daarvoor; dit staan nou op 2 000 kg vergeleke met die Outpost se 1 800 kg. 'n BVM van 2 000 kg tel onder die ligste by dubbelasse.

Die twee waens is ewe breed en hoog (1,92 m en 2,22 m), maar die Crawler is 'n aks langer: 6,14 m teenoor 5,85 m.

Die Crawler bied andersins dieselfde opsies as die Outpost: 'n Keuse tussen 'n konings-, koningin-, eiland- of twee enkelbeddens; en dan 'n keuse tussen 'n volledige badkamer, 'n spatkamer of aparte toilet.

Prys R675 000.

Kontak 📧 info@borderx.co.za 🌐 borderx.co.za ☎ 012 055 5685



FREELINE

Freeline se Maverick-model is nou 30 cm langer en heet die Maverick Untamed. Die dubbelbed maak plek vir 'n koninginsgrootte bed wat uit die regterpaneel skuif.

Die badkamer is in die neus ingebou en die stort en toilet ruil plekke: Jy hou regs vir die stort (die geiser is ook diékant) en die wasbak is voor jou soos jy die badkamer binnestap.

Die staanyskas skuif van die kas voor jou soos jy inklim tot in die deur links. 'n Kruidenierskas pas nou in die oorspronklike yskas se plek met die onderste deel wat 'n wasgoedbalie huisves.

Tussen die kosyn van die deur en die yskas pas twee eiesoortige skuifkaste: Dit trek uit in die opening van die deur, wat beteken jy moet buite die Maverick staan om dit te gebruik. Die boonste kas het twee laaie vir speserybotteltjies en die onderste een het plek vir wynbottels. Die boonste deel van die deur kry 'n venster.

Die neuskasdeur swaai nie meer oop nie, maar skuif 'n entjie vorentoe en lig dan parallel met die bakwerk uit die pad.



Prys R697 000.

Kontak ☎ 078 099 4567 of 078 967 6791

✉ info@freelinecampers.co.za 🌐 freelinecampers.co.za



MAVERICK UNTAMED



CASCADE GRAND

CASCADE

Cascade het die binne-uitleg van sy Grand-model heeltemal verander en, sê Riaan van Helsdingen, die eienaar, die bed se koppe en die bankies kry leerbekleedsel.

Die bed, wat voorheen dwars in die stert gestaan het, is nou voor in die middel van die wa – dus 'n meer konvensionele eilandbed. Dit beteken die deur wat voorheen links in die paneel was, skuif tot by die stert. Die U-banke van die vorige weergawe by die deur is weggedoen en daar's nou 'n eethoekie oorkant die deur wat ook as 'n bed platslaan.

Die badkamer – voorheen in die lengte teen die regterkantse paneel – swaai dwars en pas nou teen die agterste paneel. Dis dus regs van jou soos jy inklim met die wasbak voor jou, die toilet regs en die stort links.

Die nuweling se romp 3 cm korter as die vorige model s'n (7,02 m teenoor 7,05 m), maar algeheel is hy 3 cm langer (8,3 m teenoor 8,27 m). Die res van die spesifikasies bly onveranderd: Slaapplek vir 2-4 mense, 2,42 m breed, 2,6 m hoog, tarragewig 1750 kg, BVM 2200 kg en 15 duim-wiele.

Prys R745 000.

Kontak ✉ info@cascadeleisure.co.za 🌐 cascadeleisure.co.za

☎ 082 440 5957

Die pryse het gegeld vir die duur van die skou en kan verskil van heersende handelspryse.



DIE SPEL VERANDER



DIE LAAI-YSKAS WAT DIE
SPEL VERANDER



By Big Country evalueer ons voortdurend nuwe produkte en konsepte deur 'n eenvoudige lens: Verbeter dit werklik hoe mense kampeer en reis?

Toe National Luna hul nuwe Drawer Fridge-reeks bekend gestel het, het ons onmiddellik meer as net nóg 'n yskas gesien. Ons het 'n verskuiwing gesien in hoe 4x4-eienaars geheel en al oor berging kon dink.



Die Big Country-laaistelsel integreer nie net naatloos die nuwe laeprofiel National Luna nie, dit inkorporeer ook 'n ingeboude dubbelbatterystelsel aan die agterkant van die laaie.



« Ons het 'n lang geskiedenis van die verskaffing en installering van National Luna-yskaste, en daarom was ons gretig om die eerste te wees om hierdie opwindende nuwe geleentheid te bemark.

'N VARS BENADERING TOT 'N ALGEMENE PROBLEEM

Kom ons wees eerlik – die 12V-kampeeryskas-mark het in jare nie 'n ware opskudding gesien nie. Daar was wel opgraderings soos Bluetooth-apps en kosmetiese aanpassings, maar die basiese formaat het dieselfde gebly: 'n hoëprofiel-yskas wat bo-op 'n laaistelsel vasgebout is, met 'n afklapbare skuif en/of beskermende hok. Plus die onvermydelike verlies aan waardevolle pakplek.

Dus het National Luna teruggegaan tekenbord toe. Deur die kompressor, waaiër en die meeste van die pypwerk na 'n eksterne sy-gemonteerde raam te verskuif – en die beheerpaneel na die voorkant te skuif vir makliker toegang – het hulle 'n ultra-lae-profiel laai-yskas geskep wat ontwerp is om naatloos in 'n bergingstelsel te integreer.

■ Geen afskuiflaai (drop slide) nie.

■ Geen lomp hok nie.

■ Geen vermorsde ruimte nie.

Uit ons perspektief is dit waar dinge interessant raak.

HOEKOM DIT VIR 4X4-EIENAARS SAAK MAAK

Tradisionele yskas-monterings dikteer dikwels hoe die res van jou laairuimte gekonfigureer word. Jy bou jou pakstelsel rondom die yskas. Die Drawer Fridge draai daardie logika op sy kop. Omdat dit as 'n ware laai-eenheid werk, maak dit voorsiening vir:

■ Skoner integrasie in 'n doelgeboude bergingstelsel

■ Verbeterde pakdoeltreffendheid

■ Beter gewigsverspreiding / swaartepunt

■ Vinniger, makliker toegang

Vir toervoertuie, oorland-reisigers en ernstige kampeers is dit nie net 'n gerief nie – dit is 'n fundamentele verbetering in voertuig-opstelling.

BIG COUNTRY SE SIENING

Die oomblik toe ons die konsep sien, het ons geweet dit verdien 'n bergingsoplossing wat spesifiek daaromheen ontwerp is – nie as 'n nagedagte aangebring nie. Dis hoekom ons 'n toegewyde laaistelsel ontwikkel het wat ontwerp is om die National Luna Drawer Fridge perfek te akkommodeer. Die resultaat is 'n samehangende, doelgeboude installasie wat ruimte maksimeer terwyl die sterkte, duursaamheid en praktiese bruikbaarheid waarvoor Big Country-stelsels bekend is, behoue bly.

Ons het reeds gesien hoe transformierend hierdie konfigurasie in werklike bouwerk kan wees – van enkel-yskas-opstellings tot dubbelinstallasies in groter voertuie. Die buigsaamheid bied nuwe moontlikhede vir hoe mense pak, reis en kampeer.

DIE TOEKOMS VAN OORLAND-BERGING?

Ons glo dit is nie net 'n nuwe yskas nie. Dit is 'n herbesinning van hoe 'n 4x4 se laairuimte gestruktureer kan word. Wanneer die yskas en laaistelsel ontwerp is om saam te werk – eerder as om vir spasie te kompeteer – word die hele voertuig-opstelling meer doeltreffend, meer prakties en meer verfyn. En vir ernstige avonturiers is dit presies die rigting waarin dinge behoort te beweeg.

Ons laaistelsels vir die National Luna Drawer Fridge is beskikbaar in verskeie groottes en geprys vanaf R30 000.

Vir meer inligting en gedetailleerde pryse, skakel (011) 795 9700 of e-pos admin@bigcountry.co.za en praat vandag met die Big Country-span



'n Voorbeeld van 'n dubbel-yskas-opstelling, pasgemaak deur Big Country. Die uitleg bevat twee 60-liter enkelkompartement Drawer Fridges, wat gebruik kan word as 'n yskas aan die een kant en 'n vrieskas aan die ander kant, of as 'n gekombineerde yskas-opsie van 120 liter.



Die kersie op die Chery-koek



Chery het in Februarie vanjaar bevestig hy bring 'n dubbelkajuitbakkie na Suid-Afrika. **Cyril Kloppe** kyk wat ons kan verwag.

Dit is die Chinese handelsnaam se heel eerste toetrede tot een van die mededingendste internasionale voertuigsegmente.

Die nuwe model, wat tans bekend staan as die KP31 (hy mag dalk in Suid-Afrika 'n ander naam kry), sal na verwagting laat in 2026 of vroeg in 2027 op eie bodem opdaag en sal aanvanklik aangedryf word deur 'n dieselinprop- hibriede (PHEV) aandrywingstelsel.

Wat het ons hier?

Dieselinhibriede voertuie is ietwat ongewoon en Chery sê hy kombineer 'n 2,5 l-turbo-dieselenjin met elektriese aandrywings-tegnologie vir maksimumwringkrag.

Die bakkie sal op Chery se nuwe Kaitan-leerraamonderstel vasgebou word. Dit is 'n onderstel wat spesiaal ontwerp is om binnebrandenjins, elektriese motors of 'n hibriede kombinasie van die twee, soos hier, te huisves.

Chery noem ook dat die KP31 se onderstel fokus op strukturele sterkte, duursaamheid en veelsydigheid. Die dubbelkajuitbakkie sal byvoorbeeld 'n vrag van minstens 1 000 kg kan dra en 'n geremde wa van 3 500 kg kan sleep. Die laaibak is glo ontwerp sodat die wielboë

die minimumplek opneem en jy 'n vragpallet kan inlaai.

Viertrekvermoë word ook hoog geag en die produksiemodel sal na verwagting voorste, middelste en agterste ewenaarslotte ontvang sowel as 'n laestrektrakas en toegewyde elektroniese ritmodus.

Die bakkie kan ook 'n enkele wiel rem om dit as 'n soort anker te gebruik wanneer jy skerp deur 'n 4x4-hindernis moet draai. Bykomende 4x4-affêrings sluit in onderkant-beskerming, geïntegreerde herwinningspunte en 'n luginlaat wat hoog genoeg is sodat jy deur redelike diep waters kan ry.

Ná die bekendstelling van die dieselin-

prop-hibried sal Chery die reeks uitbrei met 'n petrol-inprop- hibriede model. Presiese spesifikasies was skraap teen druktyd, maar Chery belooft om in die komende maande meer inligting te verskaf.

Wat is Chery se plan?

Chery Suid-Afrika se nasionale bemarkingsbestuurder, Verene Petersen, sê die KP31 is 'n belangrike tree in Chery se strategie vir wêreldwye produkuitbreiding. Die bakkie-segment is in baie markte 'n kernkategorie, sê sy, en hierdie model is ontwikkel om te voldoen aan die hoë standaarde wat klante verwag as dit kom by duursaamheid, veelsydigheid en vermoë.

Sy voeg by dat die bekendstelling van 'n dieselinprop- hibriede aandrywingstelsel Chery se voortgesette verbintenis tot die bevordering van nuwe energietegnologieë oor verskeie voertuigsegmente weerspieël.

Tradisionele bakkievaardigers soos Toyota, Ford en Isuzu gaan hulle sokkies moet optrek as hulle wil voorbly, want te oordeel na die toenemende getal BYD-bakkies wat ons deesdae op ons paaie sien, is die Hilux, Ranger en D-Max se plekke op die podium nie meer gewaarborg nie.



Ontmoet die iCaur

Nóg 'n nuwe Chinese handelsmerk kom na Suid-Afrika, en sy eerste ryding is 'n elektriese sportnuts. **Cyril Klopper** bekyk hom van nader.

Hierdie nuwe handelsmerk is die resultaat van samewerking tussen Chery en SmartMi Tech. iCaur is twee jaar gelede in China gestig waar hy bekend staan as iCar – die ietwat vreemde spelling van die naam iCaur is as gevolg van kopiëreg buite China.

Die model op hierdie blad word die iCaur V23 genoem en hy is die maatskappy se tweede ryding sedert die iCaur 03, wat hoofsaaklik in Indonesië en Thailand verkoop word.

Wat het ons hier?

Die V23 stel glo 'n nuwe benadering tot elektriese sportnutse bekend. iCaur sê die vierkantige bakwerk met moderne elektriese onderdele is 'n samestelling van nostalgiese ontwerp en kontemporêre tegnologie binne 'n pakket wat gemik is op kopers wat soek na iets buitengewoons.

Twee afwerkingsvlakke sal by die bekendstelling in Mei vanjaar beskikbaar wees: die V23 2WD en AWD. Eersgenoemde is toegerus met 'n 60kWh-battery en 'n enkele elektriese motor.

Die AWD-weergawe, daar-

teenoor, beskik oor 'n groter 82kWh-batterypak en twee elektriese motors – een op elke as vir vierwielaandrywing.

Wanneer jy 'n V23 by 'n snellaaiër inprop, sal die 2WD volgens iCaur binne 36 minute van 20% tot 80% laai, terwyl die 4WD dieselfde lading binne net meer as 40 minute voltooi.

Die V23 gebruik skyfremme op al vier wiele, met lugverkoelde remskywe voorlans. Die vering bestaan uit MacPherson-stutte voor en 'n veelskakelvering agter. Die 2WD-modelle ry op 19 duim-wiele met 255/55-bande, terwyl die AWD 21-duim-wiele kry wat in 265/45 R21-rubber geskoei is.

Klante kan kies uit drie binnekleure (dis nog nie duidelik watter kleure nie) en albei weergawes kom standaard met leerbekleedsele, elektriesverstelbare voorsitplekke, 'n sewe-luidspreker-klankstelsel en 15,4 duim-raakskerm met Apple CarPlay- en Android Auto-programmatuur.

Wat veiligheid betref, kry die V23 ses lugsakke, ISOFIX-kinderstoel-ankerplekke, elektroniese stabiliteitsbeheer en vastrap-

beheer. Die vierwielaangedrewe V23 kry 'n ekstra reeks bestuurdershulpfunksies by soos aanpasbare kruisspoedbeheer, baanverlatingswaarskuwing, blindekolsensors en botsingwaarskuwing. Die tweewielaangedrewe model is toegerus met gewone kruisspoedbeheer en 'n truspieëlkamera. LED-kopligte is standaard op albei modelle.

Wat is iCaur se plan?

Shannon Gahagan, nasionale handelsmerk-en-bemarkingsbestuurder by iCaur Suid-Afrika, sê die V23 is 'n belangrike stap vir die handelsmerk in Suid-Afrika.

Dit bring kenmerkende ontwerp, moderne elektriese werkverrigting en innovasie saam, ondersteun deur 'n sterk standaardspesifikasie, op 'n manier wat hulle glo by plaaslike kopers sal aanklank vind.

Ry & Sleep dink dit is dapper van iCaur om 'n volledig elektriese sportnuts na Suid-Afrika te bring. Veral die 4x4-weergawe laat ons effens kopkrap, want ons is nie bewus van snellaaiers by Twee Rivieren in die Kgalagadi of Maun in Botswana nie. Kom ons hoop Suid-Afrikaners vereenselwig nie die naam iCaur met die teleurgestelde uitdrukking “Ai, kar” nie. 🚗




Die Doring in die

Ons volg een van Suid-Afrika se wispelturigste riviere van sy oorsprong tot waar hy sy waters aan 'n meer standvastige rivierloop skenk. Op pad haak ons viertrek in en ontmoet die mense wat vrede gemaak het met hierdie rivier se humeurige waters.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**

Olifant se poot



“

Ons het vroeër jare gesien hoe
die water in die koue maande
hier kniediep kabbel.

”



Die Doring- en Olifantsrivier is albei byna 300 km lank, en hoewel eersgenoemde meestal droog staan – daar’s wel altyd water in sy bo- en onderloop – bruis sy waters in die Kaapse winter in sy volle lengte af. Trouens, die Doringrivier loop dan só sterk dat talle avontuurmaatskappye tussen Julie en Oktober witwaterbootritte aanbied.

Op hierdie rit volg ons die Doringrivier van sy beskeie bloop in die Warm-Bokkeveld af, ry deur die Tankwa-Karoo waar sy water minder raak, gevolg deur die Sederberg (waar die rivier byna dol-

leeg is), die Biedouwvallei en uiteindelik in die Olifantsriviervallei by die gelyknamige en voorbeeldige rivier wat altyd water het.

Soms is dit nie ooglopend waar ’n rivier se beginpunt lê nie. Is dit waar jy die eerste water sien of is die bron in die verste droë bloop in die diepste kloof? Die Doringrivier maak dit vir ons maklik, want sy amptelike oog is ’n fontein waaruit water regdeur die jaar borrel. Die fontein se GPS-koördinaat is S33.25225 E19.65312.

Jy kan ongelukkig nie tot vlak by die

fontein ry nie, tensy jy toestemming kry by die eienaar van die plaas waarop die fontein geleë is. Die naaste openbare pad aan die bron van die Doringrivier is die Bo-Swaarmoedpad sowat 40 km oos van Ceres. Trek af by die koördinaat S33.25346 E19.65687 en soek ’n groen kol riete en koeltebome duskant die skaapdraad sowat 300 m vanaf die grondpad – dít is die fontein.

Van hier af volg ons die Bo-Swaarmoedpad ooswaarts tot waar hy in die geteerde R46-streekpad doodloop. Draai links by die T-aansluiting; kort daarna ry ons vir die eerste keer bo-oor die



WAARS DIE WATER? Die Doringrivier begin naby die Waboomberg (heel links) en loop deur die oop vlaktes van die Tankwa-Karoo suid van die Roggeveldberg (onder). Hier is 'n paar natuurreservate soos Inverdoorn en Sadawa waar jy wild sien, maar kleinwild soos rooijakkelse (bo) is volop langs die openbare paaie.



Doringrivier. Met ons besoek in Februarie vanjaar was die rivier se water skaars groottoondiep, maar ons het vroeër jare gesien hoe die water in die koue maande hier kniediep kabbel.

Pleks daarvan dat jy die R46 terug Ceres toe volg, draai ons regs op die R355-Calviniapad wat bekend is as die langste ononderbroke grondpad in Suid-Afrika. Volg die R355 deur die Karoo-poort wat as 'n grens dien tussen die Warm-Bokkeveld en die Tankwa-Karoo. Sodra die poort aan die Karookant oopmaak, draai ons regs op die R356-Sutherland-pad en steek die Doringrivier die tweede

keer oor. Die rivierloop hier is meestal kurkdroog in die somermaande, maar ons gewaar nietemin 'n paar klam kolle in die sand.

Ons ry nou verby die Inverdoorn-wildreservaat en steek die Doring 'n derde keer oor. Indien jy die roete laatmiddag takel, kan jy oorweeg om op Inverdoorn te oornag, maar verblyf is aan die duur kant – gemiddeld R7 000 p.p.p.n. vir 'n spoggerige chalet.

Oorweeg ook die Sadawa-wildreservaat, skaars 5 km nadat jy die Doringrivier 'n derde keer oorgesteek het. Hier verwelkom André en Mariechen Vermeulen jou


hartlik. Sadawa is in 1992 deur André se ouers, Ockie en Dalene, in die lewe geroep en die plan is steeds om hierdie stukkie Karoo teen die Doringrivier tot sy natuurlike stand te herstel. Hier sien jy onder meer gemsbokke, elande, springbokke en sebras wei, en André en Mariechen deel graag hulle veldkennis.

Slaapplek by Sadawa kos R1 100 p.n. vir 'n chalet met 'n dubbelbed en een enkelbed, en R4 000 p.n. vir 'n plaashuis wat deur 14 gaste gedeel kan word (dit werk uit op R285 p.p.p.n.). Om plek te bespreek gaan na sadawa.co.za of bel 078 422 6226.



SONVANGER. Grootfontein (regs) is 'n sonplaas wat 273 mW tot die nasionale kragnetwerk bydra, en die Tankwa-padstal (oorkant bo) dra by om reisigers se honger en dors te les. Die wêreld lyk droog hier rond, maar windpompe getuig dat daar wel water onder die grond is. Lemson Chiguduri (oorkant middel) staan gereed om vir jou 'n bier te skink.





Met ons besoek was dit egter te vroeg om af te saal en ons stryk eerder aan na ons volgende besienswaardigheid. Steek die Doring 'n vierde keer oor met 'n laagwaterbruggetjie en let op hoe verinnuweer die veld rondom die rivierloop lyk. Dit is 'n teken dat die Doringrivier soms briesend raak wanneer hy té veel reën kry. 'n Rooijakkals draf oor 'n lae duin, stop en kyk stip na ons ryding, amper asof hy oordeel of ons die roete suksesvol gaan voltooi of teëspoed kry.

In die verte regs van die pad skitter iets. Dit is die sonplaas Grootfontein waar derduisende sonpanele altesame 273 mW elektrisiteit opwek. Dis maar 'n fraksie van wat Medupi in Limpopo kan genereer (teen 4800 mW Suid-Afrika se grootste steenkoolkragstasie), maar daar's geen besoedeling betrokke nie en sy ketels ontplof ook nie elke paar maande nie.

Presies 20 km nadat ons die Doringrivier die vierde keer oorgesteek het, by die koördinaat S32.85413 E19.98004, draai ons links op 'n smal grondpad. Die afdraai het nie 'n padpredikant nie, maar daar is 'n naambord wat in graffitiskrif lees: Bike X Cape.

Die Bike X Cape-tentekamp lê op die plaas Rietfontein en is 'n gunsteling onder avontuurmotorfietsryers. Dit word deur die oud-Magaliesburger Mariette Maartens – self 'n kranige motorfietsryer – bestuur met die hulp van haar raakvatter-kroegman, Lemson Chiguduri.

Mariette se lewensmaat, Gus, is in Julie 2025 oorlede en die seer lê nog vlak, maar dis 'n gawe plek om in te loer en te luister na Mariette se stories oor die Karoo en veral oor haar troudag by die Tankwapadstal, ons volgende bestemming skaars 10 km hiervandaan.

Dié bekende padstal se bestaan is deels te dankie aan die vrye gees Walter "Wally" Lange wat die Karooplaas De Vloeren in 2003 gekoop het. Wally en sy vrou, Henrietta, was aanvanklik gek oor die stilte van die Karoo, maar Wally se broer Hein en dié se vrou, Susan, het kom kuier en voorgestel hulle begin 'n padstal vir die plaaslike gemeenskap.

Hein en Susan het terstond 'n deel van De Vloeren by Wally gekoop en die padstal begin bou. Die winkeltjie met sy blikkieskos, kappies en hoesstroop het mettertyd 'n kombuis, swembad en kroeg bygekry. Wally en Henrietta het Nieuwoudtville toe verhuis, Hein >

het 'n beroerte gehad, en van die oorspronklike viermenskap bly net Susan oor om die padstal te bestuur – met die hulp van vele plaaslike hande wat help kosmaak en drankies skink.

Susan nooi jou om aan te sit vir mid-dagete. 'n Basiese biefburger en tjips kos R110, maar die UFO-burger (ruimtesens is 'n deurlopende tema in die Tankwa-Karoo) met cheddar en ekstra pastrami kos R180. Melkskommels kos R60 en swart koffie R30. Wally se kroeg, wat die Werkswinkel gedoop is, bedien yskoue bier en hardhout, indien jy iets sterkers soek. Tussendeur happe aan jou hamburger vertel Susan hoe die veld soms heeltemal verspoel word wanneer die Doringrivier met sy volle krag afkom.

Die R355 het goeie dreineringsstelsels, ja, maar sommige jare loop die water só

sterk dat Susan op die plaas vasgekeer word. Haar padstal lê mooi tussen die Doring- en die Ongeluksrivier, en as albei loop, dan is die wifi (gratis vir gaste) soms weke aaneen haar enigste manier om kontak met die buitewêreld te behou.

Ons volg die R355 noordwaarts oor die vlakkerige Papkuilsnekpas en ry verby die Halfweghuis-kroeg waar talle Isuzu-bakkies met skaaptralies en plaaslike registrasienommers in 'n ry geparkeer staan.

Nagenoeg 65 km noord van die Tankwapadstal tref ons 'n rigtingwyser aan vir die Stonehenge-natuurreservaat – ons draai hier regs na ons slaapplek vir vanaand: Die Tankwa-tentekamp.

Die eienaar, Henk van Niekerk, sê die Doringrivier loop té ver van Stonehenge af om sy lewe noemenswaardig moeilik

te maak. Die ergste wat kan gebeur, is dat hy oor Calvinia moet ry wanneer hy sake in die Kaap het en die laagliggende dele van die Tankwa-Karoo onder water is.

Ná 'n besoek aan die AfrikaBurn-feesvlakte se eiesoortige kunsinstallasies teen sononder – dié wat die vagevure oorleef het – stop ons by Stonehenge se kroeg waar een van Henk se regterhandmanne, gewoonlik Deon Joubert, die toonbank beman. As jy môre se roete aan Henk en Kie. verduidelik, sal hulle vir jou kan sê of dit rybaar gaan wees of nie, want die laagwaterkruising deur die Doringrivier by Uitspankraal kan soms uitdagend wees.

Vanaand steek ons 'n braaivleisvuur aan en bewonder die helderste sterrehemel oor die ganse land. Skiet gerus 'n gebedjie op wanneer jy 'n verskietende

“

Dit is 'n klipperige
tweespoorpad met 'n hele
paar plaashekke...

”





Ek wil ook gaan!

Kan ek op my eie ry? Ja, die roete bestaan uit openbare paaie. Let wel dat julle liefs in 'n konvooi van minstens 2 voertuie ry wanneer die Doringrivier in die winter vloei.

Hoe lank? Die roete is 370 km lank en jy ry hom oor 2-3 dae.

Waarmee moet ek ry? Die openbare paaie is heelpad grondpad, en hoewel viertrek nie streng nodig is in die somermaande nie, beveel ons dit tog aan.


Kan ek 'n boswa sleep? Ja, die grondpaaie is meestal breed en selfs die tweespoorpaaie sal dit toelaat. 4x4-ryhuise sal ook deug, maar bly eerder weg as jy 'n doodgewone ryhuis met 'n lae grondvryhoogte het – padwaens is uiteraard ook uit.

Hoeveel brandstof het ek nodig? Jy moet 400 km ver kan ry. Brandstof, veral petrol, is op 'n paar gasteplase beskikbaar om in motorfietsryers se behoeftes te voorsien.

Mag my hond saamry? Ja, maar hoor net eers by die plekke waar jy beplan om te oornag of jou brakkie mag saamkom.

Watter noodtoerusting moet ek pak? Beslis 'n bandherstelstel. Die omgewing se grondpaaie is berug dat hulle buitebande verinnuweer.

Mag ek motorfiets hier ry? Absoluut! Dit is 'n gewilde bestemming vir avontuurryers.



FEES. Die AfrikaBurn-feesterrein (op hierdie bladsy) ontvang een maal per jaar derduisende blommekinders wat hulle hier op die Karoo se vlaktes tuismaak. As jy 'n klipstapel langs die pad gewaar (oorkant bo) is dit dikwels 'n waarskuwing teen 'n slaggat in die pad.



ster oor die ruim sien flits, maar moenie té laat wakker bly nie, want môre is 'n lang dag.

Ons verlaat die Tankwa-tentekamp

vroegoggend en waardeur vir oulaas die AfrikaBurn-kunswerke wat oor die jare heen op Henk se plaas versamel het.

By die R355 draai ons regs in die rigting van Calvinia en ry 40 km noord tot by die Uitspankraal-afdraai (S31.99066 E19.71625) waar ons links swenk. Dit is 'n klipperige tweespoorpad met 'n hele paar plaashekke wat jy moet oopmaak en weer agter jou toetrek. Mettertyd klouter ons in eerste rat teen die Uitspankraalpas uit – haak hier viertrek in om die padoppervlak te beskerm – op hierdie pad gaan jy boonop nie vinniger as 5 km/h kan ry nie. Wees veral bedag op skerp klippe wat jou bande kan kou.

By die koördinaat S32.02444 E19.43986, sowat 28 km vandat ons op die Uitspan-

kraalpad afgedraai het, is 'n diep ravyn links van die pad. In die reënseisoen stort twee watervalle oor bakkrans tot binne die ravyn. Voor ons geestesoog sien ons hoe skouspelagtig dit lyk, maar dit beteken waarskynlik ook dat jy nie deur die Doringrivier verder stroomaf sal kan ry nie. Maak jou reg dat jy dalk gaan moet omdraai in die Soutpanpad (en daarna die R364) volg tot op Botterkloof waar jy die Doringrivier met 'n ordentlike brug kan oorsteek.

Soos ons reeds genoem het, was die Doringrivier meestal leeg met ons besoek en ons kon die rivier inderdaad by Uitspankraal oorsteek. Haak viertrek in as jy dit nie reeds op die bergpas gedoen het nie, want die sand is los en die klippe groot. Ons ryding het geen viertrek gehad nie, maar nadat ons die banddruk verlaag het tot 1,8 bar en ons vingernaels stomp gekou het, kon ons die oorkantse wal met betreklik min moeite uityr.

Avontuurmotorfietsryers het dit effens makliker, want hier lê 'n vlot wat die SAS Willehond gedoop is op die Doringrivier se oewer. Bikers ontklee tot in hulle onderklere, stoot een motorfiets op 'n slag met die vlot oor die onstuimige waters en keer dan terug vir die volgende ysterperd. Dit is dalk 'n foltering, maar dis ook 'n avontuur waaroor hulle vir jare lank nie uitgepraat kan raak nie.

Jou trokkie gaan egter nie op die SAS Willehond pas nie en jy moet te voet deurstap (óók in jou onderbroek) om te voel waar die grootste klippe skuil en om die water se diepte te meet. Menige vakansiebakkies het egter hulle Moses teëgekomp by hierdie kruising wanneer die water sterk afkom – moet dus nie verlee voel om eerder die hasepad te kies nie.

Skaars 100 m anderkant die rivierkruising is die kuierplek Jai Yen Yen. Jou gasheer is Kyle Pretorius en jy sal hom waarskynlik in die tuin aantref >

Hier het ons gebly

TANKWA-TENTEKAMP

Henk van Niekerk is gewoonlik weg op 'n oorlandreis, maar hy doen moeite om by sy geliefde Stonehenge uit te kom. Hier is heelwat verblyfopsies, waaronder basiese kamp (die ablusie-blokke het wel Eskom-elektrisiteit en warm storte) asook permanente woonwaens en netjiese chalets. Martin, die kroegman, is maar net te dankbaar vir 'n bietjie geselskap en gee nie om om jou tot laatnag Jägermeisters in te jaag nie. Hy sal boonop spek en eiers vir jou bak wanneer jy uiteindelik die volgende oggend uit jou tent kruip.

Kontak 📞 071 078 4400 📧 tankwatentedcamp@gmail.com

🌐 tankwa.net

Pryse Vanaf R130 p.p.n. om te kamp tot R990 p.n. vir 2 in 'n chalet.



“

In die reënseisoen stort twee watervalle oor bakkrans tot binne die ravyn.

”





waar hy elke dag sy kosbare grasperk van 6 x 6 m natlei. 'n Grasperk is buitengewoon in die Karoo en Kyle sê dit verg ewe buitengewone toewyding om hierdie lappie groen aan die lewe te hou.

Kyle is 'n motorfietsentoesias, nes Mariette van Bike X Cape en Henk van Stonehenge. Hy verkies egter die KTM-motorfietshandelsmerk bó BMW, en te oordeel na die talle verwysings na die nommer 46 is Kyle ook 'n stoere aanhanger van die MotoGP-renjaer Valentino Rossi.

Kyle vertel sy lewe langs die Doringrivier was tot dusver salig, maar soms ook opwindend. Terwyl hy vir jou 'n bier skink, onthou hy die dag toe 'n Italianer met 'n volledig toegeruste oorlandtrok- kie deur die Doringrivier in volle vloed probeer ry het sonder om éérs die diepte teenaan sy lyf te meet. Die Italianer het glo dwarsdeur die water laat waai en 'n klip só hard getref dat hy 'n gat in die enjin se oliepan geslaan en die voorste dryfas amper afgeruk het. Die stomme toeris was 'n maand lank 'n gedwonge gas van Jai Yen Yen (die naam beteken terloops "vat dit rustig" in Thais) voordat hy die skade aan sy ryding kon herstel.

Die kans dat jy 'n interessante gesprek met Kyle gaan aanknoop, is egter skaars, want sy meisie, Natalie Willox, is hoog swanger. Jai Yen Yen is tans in die mark en die plan is dat die twee Kaap toe gaan trek om daar met hulle gesin te begin.

Ons groet vir Kyle en Natalie en ry herhaaldelik deur die Biedouwrivier tot by die Enjo-natuurplaas skaars 17 km van Jai Yen Yen af. Die eienaars, Lauren en Guy Bradley, sê hulle gaan vreeslik verlan- g na Kyle en Natalie, want dit raak soms eensaam hier in die weg- gesteekte Biedouwvallei.


Hier is oorgenoeg slaapplek op Enjo en pryse wissel tussen R280 p.n. vir twee mense om te kamp tot R1 900 p.n. vir 'n kothuis met slaapplek vir ses. Jou hon- dekinders is meer as welkom, hier's gratis wifi en die ligte werk met sonkrag.

Volg hierna die Biedouwrivier tot by 'n kruisaansluiting by die koördinaat S32.15848 E19.18994. Links vat jou Wupperthal toe en regs loop na Clan- william. Draai regs en ry oor die Hoek se Bergpas, en by die Klipfonteinrantpas naby die Engelsman se Graf (S32.06658 E19.12718) swenk ons weer eens regs en ry 18 km noord tot op Botterkloof >




DROË KEEL. Dit is gevaarlik om die Doring by Uitspankraal (links en regs) oor te steek wanneer die rivier afkom, want jy kan nie altyd sien waar die klippe lê nie. Die klippe word boonop deur die sterk stroom in die pad gerol waar hulle wag om jou dag te bederf. Wag eerder vir die droë maande om die rivierloop oor te steek.





EINDE SE KANT TOE. Die Doringrivier is vol water by Botterkloof (links), en naby Klawer meng sy waters met dié van die Olivantsrivier (onder en oorkant bo) van waar die rivier kronkel tot by Papendorp (onder links).





waar die Doringrivier doodluiters vol water staan. Ons gee onself nie uit as hidroloë nie en kan nie betroubaar verduidelik waar die Doringrivier se water skielik vandaan gekom het nie, maar dis vermoedelik water wat opstoot uit die bydraende Groot-Avontuur-, Putslaagte-, Kransgat-, Olienhouts- en Gifberggrivier, wat almal aan die reënkant van die Sederberg lê en water aan die Doringrivier skenk.

Ná die merkwaardige verandering ry ons terug na die Klipfonteinrantpas en volg die R364-teerpad tot by die Brandewynrivier – die pad is met 'n naambord gemerk en die afdraai se koördinaat is S32.06999 E19.07581. Kort duskant die Brandewynrivier draai ons regs op die Klawerpad en volg dié vir 50 km tot waar ons die Doringrivier die sewende keer raakloop. Hy's teen hierdie tyd 'n lywige waterweg, maar hy behou sy kronkelings en lukrake draaie deur die klowe. 'n Ongemerkte plaaspad neem ons na sy uitvloeiing in die Olifantsrivier by die koördinaat S31.87318 E18.63972.

Die Olifantsrivier het in 'n byna reguit lyn tot hier gevloei. Trouens, die voorbeeldige Olifants het selfs 'n enorme dam – die Clanwilliamdam – op pad vol water gestoot en miljoene hektaar sitrusbome besproei. Maar nadat hy met die Doring meng, lyk dit wraggies of hy lukraak links en regs deur die Weskus se klowe swenk totdat hy ekstasies naby Papendorp in die Atlantiese Oseaan uitbars.

Op ons laaste aand kamp ons op Strandfontein, 'n hanetree van die Olifantsrivier se uitmonding af. Ons dink terug aan André en Mariechen Vermeulen se belofte om hulle stukkie Karoo gesond te hou met die hulp van die Doringrivier. Ons onthou ook Mariette Maartens se ambisie, die vrygeestelike van Wally Lange en die innemendheid van sy skoonsus Susan, en ons wens Kyle, Natalie en hulle baba alles wat mooi is toe – ons is seker hulle sal die Doringrivier nooit vergeet nie, nes jy hom ook vir altyd sal onthou. 📍

Ek wil ook roei!

Ten spyte van die foto's hiernaas wat wys hoe droog die Doringrivier is, word daar inderdaad op die rivier geroei. Drie van die grootste witwateroperateurs in die Doring is Gravity Adventures, Bundi en The River Rafters.



Gravity Adventures is 'n APA-goedgekeurde maatskappy wat 2-3 dae lange riviertoeë aanbied. 'n Minimum van 10 gaste moet bespreek voordat 'n toer saamgestel word, en alle etes is ingesluit.

Prys R3 350 p.p. vir 2 dae en 1 nag.

Kontak 📞 021 683 3698 📧 adventure@gravity.co.za

🌐 gravityadventures.co.za

Bundi se webblad wys dat hy meer fokus op die Oranjerivier, maar ons weet indien daar genoeg belangstelling is, sal dié operateur 'n witwatertoer op die Doringrivier aanbied. Toere vertrek gewoonlik van die plaas Papkuilsrivier naby Nieuwoudtville af.

Prys Op aanvraag.

Kontak 📞 021 975 9727 📧 info@bundi.co.za 🌐 bundi.co.za

The River Rafters fokus ook merendeels op die Oranjerivier, maar sal nes Bundi 'n toer saamstel vir die Doringrivier indien daar genoeg belangstelling is – die twee operateurs is immers sustermaatskappye. The River Rafters het 'n kamp by Oudrif, sowat 45 km vanaf Klawer langs die Doringrivier.

Prys Op aanvraag.

Kontak 📞 021 975 9727 📧 info@riverrafters.co.za 🌐 riverrafters.co.za




In en om die *Swartland*

Die Swartland is koring- en wynwêreld, hoewel dit ook vrugbare aarde is wat kampplekke betref. Ons loer in by drie.

Teks en foto's **Leon Botha**





Die streek, wat rofweg loop van Malmesbury in die suide tot anderkant Piketberg in die noorde, en dan Darling in die weste tot Riebeeck-Kasteel in die ooste, is skaars 'n uur se ry noord van Kaapstad.

As jy die N7 uit Kaapstad vat, is die eerste dorp ná Malmesbury Moorreesburg, waar jy afdraai op die R311 in die rigting van Hopefield en die Weskus. Moorreesburg is deesdae stewig op die kampradar en 'n draai by Die Hut is 'n moet. Jy kamp omtrent in 'n olyfboord aan die rand van die dorp. Elkeen van

die staanplekke het private badkamer-geriewe met selfs 'n eie houtbrandbad.

As jy aanhou met die R311, kom jy uit by 'n T-aansluiting waar jy regs draai op die R45 na Hopefield en Vredenburg (links vat jou terug Malmesbury toe). Dalk voel jy lus om die "koringgrens" tydelik oor te steek en die Sandveld – aartappelwêreld – te verken. Draai dan net voor Vredenburg regs op die R27 in Veldrif se koers en tik "Bokkomlaan" in jou GPS-toestel.

Welkom in Suid-Afrika se bokkomhoofstad! Die 600m lange Bokkomlaan op die oewer van die Bergrivier is 'n enkel-

gondpad, maar jy het toegang van al twee kante af en jou sleepkombinasie sal nêrens vashaak nie.

Koop 'n string ingesoute harders voordat jy die pad vat na die Vensterklip-kampplek waar jy vir die nag gaan oorbly. Oor Elandsbaai is dit 70 km tot daar. Van hier af is dit skaars 80 km terug tot by die noordelike punt van die Swartland waar jy op die naat van die streek by die kampplek N7 Kardoesie indraai. Dis aan die bopunt van die Piekenierskloofpas waar jy die beste uitsig oor die dag se sonsondergang kry. >



DIE HUT Bodorp


Jy is nou in die platteland waar jy 'n ouwêreldse verwelkoming kry. Llangs Die Hut se ingang wapper kleurryke vlae van Brittanje, Spanje, Duitsland en Oekraïne. Volg die stukkie grondpad vir 100m na links tot waar jy by 'n vurk kom: Die kampplek is links en die res van die geriewe soos die onthaalsaal, woonstel en gastehuis regs.

Een van die 11 genommerde staanplekke word met jou bespreking aan jou toegeken. Jy kan net sowel intrek en dan omstap “kantoor” toe.

As jy by die vurk regs hou om eers aan te meld, voel dit soos 'n tweede verwelkoming: Die parkeerterrein staan vol karre (met ons besoek was daar 'n konferensie aan die gang).

Hier kry jy ook vir Handré Hanekom by wie jy bespreek het.

Die swembad is die middelpunt van die kampplek, en jy kan die kampterrein verder in twee deel. Die eerste vier staanplekke is dadelik regs ná die vurk, op die mooiste grasperk met welkome koelgebome. Die grasperk is net-net groter as 'n tennisbaan en die staanplekke lê regoor mekaar. Dié plekke is ideaal vir




“

Langs Die Hut se ingang wapper
kleurryke vlae van Brittanje, Spanje,
Duitsland en Oekraïne.

”



KOM DUT BY DIE HUT. As jy ooit 'n verskoning soek om 'n draai in Moorreesburg te maak, gee Die Hut die skuld. Dis 'n lieflike nuwe kampplek met 'n plattelandse atmosfeer soos min. Elk van die staanplekke kan jy deur 'n ring trek en 'n eie houtbrandbad en unieke braaier is deel van die bederf.



'n paar gesinne wat saam wil kamp, maar elkeen op sy eie staanplek.

Hierdie staanplekke se badkamers is in die gebou langsaaan; dit lyk met sy dubbeldeure en spits dak soos 'n klein wynkelder. 'n Lang gang strek van die oopswaaldeure tot op die verste punt van die gebou waar twee wasbakke onder 'n groot spieël staan.

Die spits dak bo die gang het nie 'n plafon nie, en saam met die ontblote kappe en enkele deurskynende glas-veseldakplate sorg dit vir 'n heerlike gevoel van ruimte wat jy nie van buite af verwag nie.

Die aparte stort- en toiletvertrekke is weerskante van die gang en genommer volgens jou staanpleknommer. 'n Glas-storthokkie is in die oorkantse hoek van jou badkamer en die handewasbak en ingeboude bankie in die ander twee hoeke.

Die dubbele vlekvrystaalwasbak vir skottelgoed is heel beskeie en aan die buitekant op die verste hoek van die gebou.

Staanplek nr. 5-11 is anderkant die swembad in 'n L-vorm – hou op die plaveipad verby die eerste vier. Nr. 5 is direk voor jou soos jy aangery kom met nog vier in gelid daarnaas. Die plaveipad maak dus 'n 90°-draai na regs by nr. 5 met die staanplekke nou links en die swembad regs. Die laaste twee staanplekke is op die kort been van die L voor jou, ook na regs.

As jy 'n medium tot lang sleepkombinasie het, maak seker jy beland nie op staanplek nr. 7 (die middelste een van die L se lang been) nie. Die staanplekke is op lae terrasse met klipmuurtjies wat tot teen die plaveipad loop, en jy kan nie deurtrek nie. Jy sal dus moet terugstoot om die wa op sy plek te kry. Die staanplekke op die punte het meer beweegruimte voor om jou wa tot op sy plek te stoot.

Die grasperk by hierdie staanplekke is net so netjies as by die eerstes en 'n paar olyfbome staan tussen jou en die bure. Die klein gebou op die agterste punt van jou staanplek is jou private badkamer. Die regop gebou, ook met 'n staandak, lyk amper soos 'n pophuis. Die rowwe dog moderne boustruktuur van gegote sement en klip – 'n styl wat herhaal word in die grensmuur agter jou staanplek – is treffend.

>

“

Die swembad het 'n lae heining om:
Die onderste deel is 'n klipmuur met baksteen-
pilare ente uitmekaar bo-op gemessel.

”

SPANSELER OF ENKELLOPER? Vier van die staanplekke is eenkant en ideaal vir 'n groep vriende wat saam wil kamp. Jy is ver genoeg van die ander vir privaatheid maar naby genoeg vir 'n geselligheid.



Die glasstorthokkie is in die hoek met die wasbak en spieël daarnaas. Die toilet is nie apart nie, maar agter die deur soos jy oopmaak. Net soos by die ander badkamergebou is hier ook nie 'n plafon nie, en 'n deursigtige groen veselglasplaat laat natuurlike lig deur.

Staanplek nr. 10 en 11 se badkamers vorm een struktuur waar die ander afsonderlik staan.

Daar is geen ligskakelaar aan die binnekant van jou badkamer nie, maar ligte word saans aangeskakel en 'n gasgeiser sorg vir die warm water.

Langs jou badkamergebou is 'n hout-


brandbad. Met ons besoek was nog nie al die staanplekke se baddens voltooi nie, maar die oordmense sê elke staanplek gaan een kry. Jy betaal 'n ekstra R150 p.d vir die bad en moet ook die hout daarvoor self aanskaf. Handré reken drie sakies bloekomhout (R40 elk) is genoeg vir 'n naweek.

Manie Kriel, opsigter van die kampplek, verdien 'n klop op die skouer vir die braaiers – dit sal 'n sterk aanspraakmaker wees as die beste en oorspronklikste: Jy kan jou braai rondstoot omdat hy wiletjies het; die bak is groot genoeg

vir meer as een rooster; en hy is laag genoeg sodat jy kan sit en braai! (Onthou net om jou eie rooster saam te bring.)

Die swembad het 'n lae heining om: Die onderste deel is 'n klipmuur met baksteenpilare ente uitmekaar bo-op gemessel. Tussen die pilare is 'n draadheining wat 'n mens laat dink aan dié van desjare se dorpserwe. Die kleintjies se swembad is teen die groot een met 'n ewe netjiese grasperk rondom, en die trampolien is net buite die heining oorkant die opwasplek.

Wasbakke en 'n klein wasgoedreling by elk van die staanplekke word beplan.



Kortliks | Die Hut



Kampplek 11 staanplekke op gras tussen olyfbome: 7 is langs mekaar in 'n L-vorm rondom die swembad, en 4 is oorkant mekaar.

Ablusiegeriewe Jou eie: 7 is in 'n klein gebou by jou staanplek en 4 is in 'n gemeenskaplike gebou oorkant jou staanplek (jy het steeds jou eie).

Prys R100 p.n. per tent of woonwa en R180 p.p.n. (R100 vir o.6'e). Hoogstens 6 mense word per staanplek toegelaat.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00.

Kontak 079 252 9107

hondjies3@gmail.com diehut.co.za

Naaste dorp In Moorreesburg.

Hoe lyk die pad? 100 m grondpad met plaveisel tot by jou staanplek.

GPS S33.156542 E18.656216

Ry & Sleep sê Die kragpunt is 'n gewone huissok en die wifi-sein op jou staanplek is sterk (en gratis).

>



VENSTERKLIP

Blaaskans

Voor die afdraai na die Rooi Stoor, 'n padstal 5 km buite Elandsbaai langs die R366, staan 'n paar groen-geverfde ossewaens met rooi wiele.

Soos 'n mens kan verwag, is hier aandenkings en lekkernye te kus en keur – van gemmer- en vlakkoekies, verskeie ingelegde vrugte en konfyte (tamatie, lemoen en lukwart), regdeur tot heuning en soetgoed soos appelkooslekkers. Daar's selfs basiese kruideniersware soos rakmelk, meel, suiker en blikkieskos. Kry jou sit op die stoep en bederf jouself met 'n sny heerlike koek.

Die pad na die kampplek is regs en die kantoor links voor jou af in die pad. Stap sommer soontoe, want daar is nie veel omdraaiplek nie.

Die eerste staanplek is sowat 100m van die padstal af en ook die eerste van die ses staanplekke langs mekaar, elk met 'n private badkamer, opwasplek en ingeboude braaiplek. Die staanplekke is afgeskort met 'n skadunetheining en die geboue is op die agterste punt van jou staanplek.

Jou braai- en opwasplek is onder dak en los van die badkamer. Die kragpunt (huissok) is ook hier.

Net soos by Die Hut is van die badkamer se dakplate veselglas, maar hierdie is wit vir 'n meer natuurlike lig in die vertrek. Die badkamer is eenvoudig met 'n wasbak, pakplek en speel voor jou soos jy instap, 'n oop stort regs agter 'n kophoë muur en 'n toilet heel links. Warm water kom uit 'n elektriese geiser.

Verby die laaste private staanplek is nog ses staanplekke wat bedoel is vir oorlandreisigers. Dié staanplekke het paalheining met skadunet oor en die gemeenskaplike badkamers is oorkant dit – met ons besoek vroeg in Desember was dit gesluit.

Ná die ses plekke vir oorlandreisigers is daar nog vier oop staanplekke, ook met 'n kragpunt.

Die swembad is agter die saal oorkant die padstal, skaars 60m van die naaste staanplek af, en die restaurant is heel links wanneer jy die perseel binnery.

“

Die staanplekke is afgeskort met 'n skadunetheining en die geboue is op die agterste punt van jou staanplek.

”





OORNAG DIE HEELDAG. Jy sit nou in die Weskus, maar nie teen die see nie want dis 5 km tot op Elandsbaai. Die Rooi Stoor lyk pure skuur, maar dis 'n padstal soos min wat op jou wag. Die kampgedeelte is net anderkant die Rooi Stoor – op die private staanplekke het jy jou eie badkamer plus 'n ingeboude braaiplek met 'n opwasgedeelte langs.



Kortliks | Vensterklip



Kampplek 6 private staanplekke met hulle eie geriewe, afgeskort met skadunettheinings. Dan is daar 6 staanplekke vir oorlandreisigers met tente en nog 4 oop staanplekke met kragpunte.

Ablusiegeriewe 6 private badkamers op die eerste staanplekke en 'n gemeenskaplike badkamer op die verste punt van die kampplek vir die algemene staanplekke.

Prys R180 p.p.n. vir die private staanplekke en R145 by die res. (Pryse kan verskil gedurende spitsstye soos die blommeseisoen, en 'n korting geld in die winter.)

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00-11:00.

Kontak info@vensterklip.co.za

022 972 1340 082 920 3977

vensterklip.co.za

Naaste dorp Elandsbaai 5 km.

Hoe lyk die pad? 180 m grondpad tot by die eerste staanplek.

GPS S32.314887 E18.394789

Ry & Sleep sê Die restaurant is van Donderdae tot Sondag bedags oop, en Vrydae tot vroeëand. >





“ Die swembad is die ster van die kampplek. Dit is gebou op ’n verhewe stuk grond met ’n groot houtdek aan die een kant. ”



N7 KARDOESIE-VERBLYF Die hoogtes in

Van Vensterklip se kant af sluit jy 4km voor die Kardoosie-padstal weer by die N7 aan. Dis ’n 4km-klim teen die Piekenierskloofpas uit wat in meer as een opsig besonders is. Dié pas word glo as die eerste en onafhanklike groot werk van die bekroonde pasbouer Thomas Bain beskou. Dis ook die eerste pas op die N7 as jy uit Kaapstad ry – van hier af kyk jy terug op die Swartland én die Sandveld in die verre weste.




Wees op die uitkyk vir valskerm-sweers as jy hier kom kamp – hulle lanseerpunt is 1,5km verby die N7 Kardoosie-kampplek.

Die gelyknamige padstal, omtrent 300m voor die pas se hoogste punt aan die regterkant van die pad, is ná byna 30 jaar ’n instelling in die pas. (Die afdraai na die Koningskop-kampplek is oorkant die pad, naby die Piekenierskloofpas se hoogste punt.)

Die eienaar van die N7 Kardoosie-kampplek, Hanri Theron, het die padstal

in 1997 begin – destyds was dit ’n steengroef wat die padbouers gebruik het, verduidelik Bartho, Hanri se seun. Hoewel die padstal steeds op Hanri se grond is, het dit nou ander eienaars.

Die kampplek is 330m agter die padstal, op ’n kop wat ’n goeie 40m hoër is as die padstal. As jy van die padstal af opkyk, sien jy van die woonwaens en sleepvoertuie op die rand van die kampplek staan – dit lyk amper soos ’n outydse inryteater.



N7 EN KAMP. Kar-
doesie is teenaan
die N7 en inloer is
'n moet. Kom staan
'n nag of kry vrede
vir langer.



Die eerste sowat 170 m van die grond-
pad teen die bult uit is taamlik steil. Die
gebou voor jou huisves die kampplek
se kantoor, maar ook die Laguna-slag-
huis. Jy kry 'n gratis rol toiletpapier en
swartsak vir jou vullis, maar verder moet
jy vir jouself sorg.

Van die kantoor af is die pad eenrig-
ting, met die eerste staanplekke wat 50m
verder wag. Jy swenk dadelik links en
weer regs tot by 'n lieflike grasperk. Hier
vurk die pad: Hou regs vir die eerste agt
staanplekke en links vir die ander nege.

'n Vae kalklyn op die gras dui aan waar
jou staanplek se grenslyn loop.

Die kragpunt gebruik Fredlinproppe,
maar pak byvoorbaat 'n lang én kort
verlengkoord in. Jy kry ook 'n los drom-
braaier op jou staanplek, maar jy moet
jou eie rooster gebruik.

Die gebou op die ander kant van die
grasperk soos jy inry is die agterkant
van die badkamergebou met 'n onder-
dakstoep aan diékant. Heel regs is
spoelplek vir jou kassettoilet en links
'n trog vir wasgoed was. Daarnaas is die

wasgoedkamer – Hanri-hulle vra R20/kg
vir 'n was en R30/kg vir strykwerk. Die
wasbakke vir skottelgoed is heel links
om die hoek.

Die badkamers het aparte geriewe
vir mans en vroue, maar daar is ook
'n gesinsbadkamer (met 'n bad) tussen
die twee kante.

As jy die manskant binnestap, is daar
'n ry wasbakke met genoeg pakplek links
teen die muur af met ordentlike groot
spieëls agter dit. Die storthokkies het
'n eie deur met 'n bankie aan die droë >



Kortliks | N7 Kardoesie



Kampplek 17 gelyk staanplekke op 2 terrasse met effense koelte op die mooiste grasperk en 'n wenner van 'n swembad.

Ablusiegeriewe 1 gebou omtrent in die middel met afsonderlike geriewe vir mans en vroue en 'n gesinsbadkamer. Hier is ook plek om 'n kassettoilet uit te spoel.

Prys R170 p.p.p.n.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00.

Kontak ☎ 071 416 3820

✉ bookings@kardoesien7.co.za

📍 N7 Kardoesie Akkommodasie

Naaste dorp Citrusdal 9 km.


Hoe lyk die pad? 400 m grondpad waarvan die eerste 180 m teen 'n steilte uitloop.

GPS S32.631098 E18.950519

Ry & Sleep sê Die Laguna-slaghuis by die kantoor is van Maandae tot Vrydae oop van 08:00 tot 17:00.




GROET DIE MENSE VAN JOU KAMPVERHOOG AF. Van die staanplekke is op die rand van die kampplek van waar jy die bopunt van die Piekenierskloofpas kan sien. Van die sleepvoertuie trek in by Kardoesie terwyl ander verby skiet op die N7. Wie weet, Kardoesie is dalk op hulle lys op pad terug huis toe.



“

Van hier af het jy die beste uitsig oor die grootste deel van die kampplek. Dis in dieselfde rigting waar die son saans in die warmste kleurskakerings groet.

”



kant en genoeg hake met 'n stortgordyn tussen die trog en die aantrekkant.

Die kampplek bestaan uit twee kante op twee terrasse met aparte ingange. Albei is tot teen die rand van die koppie uitgelê en vorm saam 'n langwerpige grasperk.

Die eerste terras het 'n paar koelbome en die bome lyk ook groter as die ander kant s'n, maar die grootste deel van die hele kampplek is in die son. Die bonus hiervan is die lieflike grasperk waarvan jy 'n deel vir jouself kan opeis. 'n Laning hoë bome staan op die verste punt wat 'n welkome skans vorm teen die suidoostewind.

Die swembad is die ster van die kampplek. Dit is gebou op 'n verhewe stuk grond met 'n groot houtdek aan die een kant. 'n Deel van die swembad is ook langs 'n dak sodat jy teen die son kan skuil. Die kleintjies se swemplek is ook hier en jy kan maklik 'n ogie hou.

Langs die swembad is 'n klouterraam met 'n klomp swaai en 'n glyplank, en net soos by jou staanplek is die gras só welig die kinders kan hulle plakkies maar by die woonwa los.

Van hier af het jy die beste uitsig oor die grootste deel van die kampplek. Dis in dieselfde rigting waar die son saans in die warmste kleurskakerings groet.

Vrede, vis én pret in 'n koepel



Die River Run-oord lê in die Vredefortkoepel op die oewer van die Vaalrivier. Pak jou visstokke, 'n boek of twee en die kinders se swembroeke, en kom span uit langs die water.

Teks en foto's **Helenus Kruger**


Dit is nogal einaardig dat 'n koepel wat 'n raps ouer as 2 miljard jaar is – 2 023 000 000 jaar, om presies te wees – genoem is na 'n dorp wat maar in 1876 gestig is. Die Vredefortkoepel heet bloot só omdat navorsers die Vrystaatse dorpie vernoem het, en die naam is vandag wêreldwyd bekend.

Geoloë praat van die kern en kraag van die koepel, en as jy die River Run-oord op Google Earth bekyk, sien jy duidelik hoe die wegbreekplek aan die suidwestelike kant van die kraag op die oewer van die rivier lê.

River Run is nie net 'n gesinsoord nie, maar ook 'n hengelaarsparadys met 400m se niemandsland tussen die twee dele. Die hoofkamp is links soos jy die hek binnery, en die ontvangskantoor, kiosk en aktiwiteite is ook hier. Die staanplekke is in twee blokke, A en C, verdeel.

Jy draai regs by die hek op pad na





STROOMAF. Ná die effense stroomversnelling waar die kunsvliegengelaaars uithang (links bo), vloei die rivier rustig voor die oord verby, heerlik om met jou kano of op 'n buiteband stroomaf te dryf. Vir meer opwinding kan jy die stroomversnelling met 'n buiteband aanpak, maar jou kano se boom mag dalk hier en daar oor 'n klip skuur.

Blok B, wat die hengelstaanplekke genoem word. Hier is nie aktiwiteite nie, en daarom is 'n staanplek hier 'n goeie keuse as jy weg van die gewoel wil kamp. Onthou om wanneer jy bespreek te noem of jy wil hengel of eerder naby die speelplek wil wees.

Die staanplekke is almal omtrent 20 x 20 treë groot en hier is bykans geen kans om oor jou buurman se tentpenne te struikel wanneer jy om jou woonwa stap nie.

Die oord is boomryk, en met die uitsondering van blok C is hier koelte by die meeste staanplekke. Jou wa gaan nie noodwendig oral onder 'n boom kan staan nie, maar iewers op die staanplek is 'n koeltekollektie waar jy kan sit. Al die staanplekke het 'n welige lappie gras, 'n geplaveide blad, 'n kragpunt (gewone sok), 'n geboude braaier met 'n rooster, 'n kamplig en vullisdrom.

Die oord is volledig op sonkrag, en deur die dag kan jy jou yskas laat loop, jou koffiewater kook en jou mikrogolf gebruik om gisteraand se oorskietbraaivleis op te warm. Maar teen 19:00 word die krag afgeskakel en al die elektriese toerusting kan rus tot die volgende oggend. Die ligte in die kampterrein en badkamer werk, wat beteken jy kan saans sien waar jy loop.

In die hoofkamp lê Blok A se 21 staanplekke in 'n ry op die oewer, met nr. 1 tot 16 langs mekaar in 'n ry en die ander vyf 'n entjie terug agter 'n klompie voltydse staanplekke. 'n Steil wal loop van jou staanplek af na die rivier toe; dus kan jy nie met jou voete in die water sit en hengel nie.



Blok C se 14 staanplekke lê in 'n ry agter blok A, aan die oorkant van die kamppaadjie.

Die ablusiegeriewe is aan die ander kant van die kamp, langs die swembaddens. Die aparte mans- en vrouegeriewe het elk vyf stortkamers, elkeen met 'n storthokkie met 'n gordyn, 'n seeprakkie en aantrekplek met 'n bankie en hakies teen die muur. Die vier wasbakke is in 'n lang marmerblad en elkeen het sy eie spieël. Die vrouegeriewe is nes die mans s'n maar het ook 'n badkamer.

Die kuier-, ontspan-, baljaar- en inkopiesplek is alles naby die ontvangskantoor. Hier kan jy swem, op die waterwurm gly (R80 p.p.), boeklees in die koelte onder die afdakkies, op die klimraam klouter en veerpyltjies, pool (R5 per spel), tafeltennis en minigholf speel. Vir die kleintjies is hier tafeltjies waar hulle kan sit en kunstig raak met vetkryt en inkleurboeke.

Diegene wat meer opwinding soek, kan >





SPEELTYD. Al die speletjies is bymekaar; dus kan jy 'n ogie oor die kleintjies hou terwyl jy jou balvernuf by die pool- en tafeltennistafels ten toon stel. Met die staanplekke wat almal oos front, pla die warm westeson nie in die middag nie.



op 'n binneband in die rivier afdryf. Dit kos R80 p.p. (R40 vir kinders). Al die ander speletjies is gratis. Die kiosk het basiese kruidentersware, roomys, koeldranke, lekkergoed, ys, hout en vuuraanstekers en selfs 'n verskeidenheid kleurrike serpe en breërandhoede. Die kroeg was met ons besoek gesluit.

Blok B se 32 staanplekke lê net soos blok A s'n in 'n lang ry langs mekaar op die rivieroewer. Nr. 1 tot 13 is reg op die oewer, terwyl nr. 16 tot 32 'n entjie terug is met bome tussen jou en die rivier. Nr. 12, 13 en 14 het 'n onbelemmerde uitsig op die water en voor hulle is 'n klein skiereiland in die rivier.

Die staanplekke het krag, 'n liggie, braaier (met 'n rooster) en vullisdrom. Die kamppaadjies het nie ligte nie; dus is dit saans 'n donker stappie tot by die ablusieblok. As jy verder in die ry af kamp, in die rigting van staanplek nr. 32, het jy 'n hele ent se stap badkamer toe – bring dus jou flits of pak die kassettoilet in.

Hengelaars mik graag vir dié deel van die oord, want die stroomversnellings waar geelvis (klein- en grootbek-), karp, moddervis en barbers op die kunsvlieg-hengelaars wag, is nie te ver nie.

Van staanplek nr. 1 af is dit sowat 950 m en van nr. 32 af sowat 500 m tot waar jy oor 'n smal betonbruggie na 'n eiland toe

Kortliks | Riverrun-oord



Kampplek 67 kampplekke in 3 kampplokke.

Ablusiegeriewe 3 badkamergeboue met aparte geriewe vir mans en vroue.

Prys R682,50 per staanplek vir 4 mense.

Kontak bookings@riverrunresort.co.za

riverrunresort.co.za 071 584 2160

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 9:00.

Naaste stad Johannesburg 160 km (tot by Rosebank).

Hoe lyk die pad? Daar is 2 hoofroetes; een uit Johannesburg met die N1, R59 en S1086 (18 km grondpad) en een uit Potchefstroom met die R501 en S646 (16 km grondpad). Die S646-grondpad is die meer geskikte roete vir sedanvoertuie en gewone woonwaens, mits jy dit stadig neem. Op die S1086 het jy 'n voertuig met 'n hoë grondvryhoogte nodig. 'n Gewone woonwa gaan die pad nie oorleef nie. Die verskillende roetes is op die webwerf en dit is 'n goeie plan om die padtoestande te bevestig voordat jy by die huis vertek.

GPS S26.949681 E27.176619

Ry & Sleep sê River Run is van 4 Mei tot 1 Augustus 2026 gesluit vir opknappingswerk. Bel die oordmense om te hoor wanneer hulle weer besprekings neem.

Wat is jou 2027 toerplanne?

Ons bespreek graag jou volgende Ultimate Routes avontuur!

onbegeleide

Kundige roetebeplanning en besprekings vir selfry-vakansies in:

- ✓ Botswana
- ✓ Namibië
- ✓ Zimbabwe
- ✓ Zambië

Foto: Jan Joubert

www.ultimateroutes.co.za

ask@ultimateroutes.co.za



ULTIMATE
Routes

Vind jou weg na Vic Falls


Victoria Falls is 'n klein dorp met 'n groot en lewenslustige persoonlikheid. **Lea Erasmus** van Ultimate Routes het saam met haar kollega **Heidri Rust** gaan kuier... en hulle kan nie uitgepraat raak nie.

Lea en Heidri, 'n senior besprekingskonsultant by Ultimate Routes, was op 'n verkenningsreis van drie dae na Victoria Falls, en albei was verstom oor die groei, modernisering en verbetering in die dorp, wat in die volksmond as Vic Falls bekend staan. Hier vind jy vele kulture, opwindende aktiwiteite, natuurskoon en kulinêre attraksies.

Lea sê hulle het maar wankelig begin op die prettige Bamba Bikes, maar kort voor lank het hulle dié kleurryke e-fietse bemeester. Lodges, kampterreine en aktiwiteitsentrums ondersteun ook die vermindering in plastiekprodukte vir enkelgebruik. Jy kan nou oral metaalbottels koop wat jy gratis kan hervul.

Hoe is die mense van Victoria Falls?

Hulle is hartlik en verwelkomend en het 'n diep verbintenis tot die dorp se toerismegedrewe hartklop. Die mense is vriendelik, hardwerkend en trots op hulle tuisdorp. Met besoekers van reg oor die wêreld is dit nie vreemd om drie of meer tale rondom jou te hoor nie. Die dorp het 'n energie wat sorg vir 'n spesiale gevoel.



Is dit veilig in Vic Falls?

Toerisme speel 'n sentrale rol in die mense se daaglikse lewe en daardie trots is duidelik te sien. Zimbabweërs hier is passievol oor hulle gemeenskap en die toerismebedryf.

“Ons kon dit sien in hulle glimlagge, gesprekke, die infrastruktuur en die algemene gevoel van veiligheid en gemak wanneer ons rondbeweeg – of dit nou per fiets, met 'n vervoerdiens of te voet was,” sê Heidri.

Is Vic Falls 'n bestemming of net 'n oorblyplek?

Heidri sê 'n mens het beslis 'n klompie dae hier nodig.

“Nadat ons verskeie verblyfopsies ondersoek het, kan ons met vertroue sê dit is die moeite werd om 'n self-sorglodge of gastehuis vir jou Vic Falls-kuier te oorweeg. Ons het 'n paar uitstekende instellings ontdek wat ons beslis by ons portefeulje gaan voeg.”

Wat kan besoekers aan Vic Falls verwag van hulle besoek hier?

Hier kry jy enigiets van 'n stre-

ERVARINGS VIR JOU EMMERSKOPLYS

- Erfenis- en toerisme-atraksies soos die Victoria Falls- nasionale park, buitelugmarkte en geskiedkundige besienswaardigede soos die Spoorwegbrug.
- Avontuuraktiwiteite soos witwaterroei, Bamba Bikes, helikoptervlugte en brugswaai, rekspronge of foefieslaaid vir die adrenaliënverslaafdes.
- Uiteetervarings soos 'n skemervaart op die rivier, aandete en tromvertonings by The Boma, of enige van die ander unieke restaurante in die dorp.

KONTAK

☎ 071 471 4900

🌐 ultimateroutes.co.za

✉ ask@ultimateroutes.co.za

lende vis-voetspa en skemerkelkies in 'n kroeg op die dak tot bootritte saans op die Zambezi en verblyf in bekoorlike boetiekastehuisse met lowerryke tuine.

“Die dorp voel soos 'n eiland-oase en tog is alles teen die agtergrond van 'n Afrika-wildtuin waar jy enige oomblik olifante en buffels kan teëkom.”

Wat is die beste manier om Vic Falls by 'n selfryreisplan in te sluit?

As jy die bekende Botswana-roetery wat Kasane insluit, beveel Heidri aan jy steek die grens oor om vir minstens 'n nag of twee te gaan kuier.

“Vic Falls werk ook goed as deel van 'n Zimbabwe-reis wat die Hwange-nasionale park én sy minder bekende buurman, die Kazumapan- nasionale park, insluit.”



'N BESTEMMING VIR JOU EMMERSKOPLYS. Toerisme speel 'n sentrale rol in die daaglikse lewe van Victoria Falls se mense, en die trots is duidelik om elke hoek en draai te sien. Die Zimbabweërs hier is passievol oor hulle gemeenskap en die toerismebedryf.



Gek oor 'n hek

Tussen Clanwilliam en Nieuwoudtville lê 'n 60 km lange plaaspad met... wag daarvoor... 26 hekke! Dit beteken jy moet gemiddeld elke 2,3 km stilhou, hek oopmaak, deurry en weer die hek agter jou toetrek. Dis lekker plek om jou kinders se geduld en gehoorsaamheid te beproef.

Teks en foto's **Cyril Kloppe**

Die storie agter die Rooibos-erfenisroete begin, nes baie ander geskiedkundige roetes, by die Koisan wat droë rooibosblare gebrou het vir 'n medisinale drankie.

In die 16de eeu het boere van Europese afkoms saam aan hierdie tee geteug omdat tee uit die Ooste betreklik duur en skaars was. Aan die begin van die vorige eeu was daar selfs rooibosplase noord van die Pakhuisberge, maar wilde rooibos was aanvanklik moeilik om te kweek. Eers in die jare dertig van die vorige eeu kon die botanisi Pieter le Fras Nortier daarin slaag om sade betroubaar te ontkiem.

Die pad soos ons hom vandag ry, bestaan al honderde jare, maar dis in 2012 as 'n erfenisroete gevestig deur die susters Sanet Stander en Marietjie Smit (met die hulp van die Verenigde Nasies se GEF-ontwikkelingsprogram – dit staan vir Global Environment Facility).

Jy mag die roete sonder toestemming ry, want dis 'n openbare pad, maar Indigo, die bewaringsorganisasie wat die roete behartig, vra dat jy vir Estholene Moses kontak as jy die plase langs die pad wil besoek. Haar besonderhede is op bl. 80.


Vertrek uit Clanwilliam en volg die R364-Calviniapad tot by die Doringrivier. Skaars 'n kilometer noord van die rivier, by die GPS-koördinaat S31.96858

E19.23483, is die eerste plaashek. Hier is 'n padteken vir Moederverloor en die Rooibos-erfenisroete waar jy links afdraai.

Die eerste hek by die plaas Doringbos is ontelbare kere al oop- en toegemaak. Pleks van pale weerskante van die hek staan daar baksteenpilare. Die sluitmeganisme is 'n eenvoudige ovaalvormige ring aan die hek wat aan 'n haak teen die pilaar haak. Hy's dalk eenvoudig, maar die haak en ring kom nie lekker bymekaar uit nie en jy moet murg in jou pype hê.

Die volgende hek is 800m ná die eerste een, en sy meganisme is 'n sirkelvormige ring aan 'n ketting wat aan 'n haak vaskom. Hy's aansienlik makliker om oop en toe te maak as die eerste.





Ná die sewende hek, met sewe verskillende maniere om 'n hek te sluit, bereik jy die tweelingplase Welgemoed en Moedverloor. Op Welgemoed staan 'n plaasskool en koshuis wat 200 jaar gelede deur die Rhyense Sending opgerig is.

Reg langs Welgemoed lê Moedverloor wat sy naam aan die skool, kerk en 'n paar ander geboutjies gee. Dit is doodstil hier, en hoewel die skool nie meer gebruik word nie, is hier steeds lewe in die plaasopstalle, groentelanderye en rietjieshuise. Onthou, as jy nuuskierig is en wil inloer,

moet jy eers by Estholene Moses van Indigo hoor waar jy kan kuier en vir wie jy mag pla.

In die kliprant bo Welgemoed en Moedverloor is 'n bakkrans wat die Skoolgrot gedoop is. Skape maak hulle tans hier tuis, maar in die ou dae moes kinders in die bakkrans onderrig word wanneer die Brak- en Kransgatrivier sterk afgekom het en die kinders nie die water kon oorsteek skool toe nie.

Terwyl jy Moedverloor verlaat, sien jy padtekens wat waarsku teen busse op die smal pad. Daar is inderdaad 'n busdiens

wat hierdie roete bedien en ons moes woes uitswaai om 'n ongeluk te vermy toe 'n bus skielik om 'n draai verskyn.

Die gestop om hekke oop en toe te maak raak later ritmies en dis pret om te voorspel watter soort meganisme die volgende hek gaan hê. Die algemeenste is die ring-en-haak-soort, maar soms word jy verras deur 'n D-skakel met 'n skuiwer waardeur jy 'n ketting haak, en soms is dit bloot 'n stuk bloudraad wat jy aan 'n kromgekapte spyker haak. Ons is net dankbaar dat hier geen bekslaners is nie – daai slap soort hek wat met 'n hoepel >



MAAK TOE! Die padoppervlak van hierdie roete wissel tussen klipperig (hooffoto) en sanderig (regs), en bordjies op die hekke vra dat jy asseblief die hekke agter jou sal toemaak.





Wat jy moet weet



Maksimum getal voertuie? Dit is 'n openbare pad en die getal voertuie word nie beperk nie.

Kry ek 'n kaart? Die Rooibos-erfenis-roete se webblad het 'n kaart en inligtingsblad op hulle webwerf wat jy kan aflaai, uitdruk en saamneem.

Sal my voertuig krap? Dit is hoogs onwaarskynlik.

Moet ek 'n kompressor neem? Dit is 'n uitstekende grondpad en jy hoef nie bande af te blaas nie, tensy jy wil.

Kan ek halfpad braai? Slegs by die vakansieplase wat deur Estholene Moses van Indigo aanbeveel word.

Is daar selfoonsein? Ja, maar ontvangs is wisselvallig.

Beste tyd van die jaar? Rooibos word in die somer geoes wanneer dit kan uitdroog. As jy egter op pad is om die blomme van Nieuwoudtville te sien moet jy tussen Augustus en September besoek aflê.

Kan ek my gesin saamneem? Beslis – wie anders gaan die hekke oop- en toemaak? Sekerlik tog nie jy nie!

Net vir die dag of die naweek? Die roete duur net 'n uur of twee, maar as jy langer bly, ontdek jy natuurskatte soos die nabye Oorlogskloof-natuurreservaat en ander attraksies.



Is daar ablusiegeriewe? Daar's geen openbare toilette nie, maar as jy op 'n gasteplaas oornag, sal jy uiteraard toegang hê tot badkamergeriewe.

Aanwysings? Volg die R364 uit Clanwilliam en volg hom vir 57 km tot by die padpredikant vir die Rooibos-erfenisroete.

Kontak ☎ 027 218 1148 (Estholene Moses) ✉ rooibosroute@indigo-dc.org
 🌐 rooibosheritageroute.co.za



EENSAAM. Die geboue by Moedverloor lyk dalk verlate, maar daar is inderdaad nog mense wat hier woon. Die rietjieshuise (onder regs) bly verbasend koel in snikhete dae danksy die gras se merkwaardige eienskappe.



aan die onder- en bokant toespan, en as jy dit verkeerd doen, dan skiet daai hek met geweld oop... vandaar die naam.

Die kloof raak mettertyd platter en jy sien die Kobee-ravyn links van die pad. Genl. Jan Smuts, later eerste minister, het die ravyn in die Anglo-Boereoorlog gebruik as bymekaarkomplek vóór hy Vanrhynsdorp in 1901 oorgeneem het as 'n basis vir sy kommando.

Hier sien 'n mens ook al hoe meer rooibos en tradisionele riethuise wat uit dekriet gevleg is – hulle word Son-quashuisies genoem. Dekriet krimp as dit droog is en laat sodoende 'n bries toe om die binnekant af te koel. Dit swel egter wanneer dit nat word en raak waterbestand wanneer dit reën. Dis dié dat plaaslike inwoners steeds riethuise verkies bo huise van moderne materiale.




Jy hoef genadiglik nie ieder en elk van die 26 hekke oop te maak nie, want by hek nr. 10 rond begin hulle oopstaan en sommige is selfs met klippe vasgepak.

Later is die hekke heeltemal verwyder. Die ysterpale staan wel nog, en so ook die lyndrade, maar die hekke is soek. Jy is nou amper heeltemal uit die kloof uit en rondom jou sien jy die Roggeveld en Stinkfonteinberg waarvan die hoogste spits Dobbelaarskop genoem word.


By hek nr. 18 keer die plaashekke terug, maar hulle word nou vergesel deur roosterhekke wat vee binne hou, maar jou voertuig toelaat om vrylik deur te ry. Niks keer jou egter om voor die gewone plaashek stil te hou en jou kind wat min op die platteland kom te vra om uit te klim en die hek oop te maak nie. Hy gaan waarskynlik nie van beter weet nie en jy kan giggel terwyl hy onnodig met die sluitmeganisme worstel.

Ná 60km tref jy die 26ste hek aan, by die vakansieplaas Papkuilsfontein. Dit is dalk die vreemdste hek van almal, want hy is gesluit. Hier staan ysterpale aan weerskante van die hek om hom staande te hou, maar die lyndrade is weg. Die pad loop aan albei kante verby die hek en jy ry dus nooit deur die hek self nie.

Jou spruit is nou goed geolie in die werking van 'n plaashek. Dit bou karakter en ontwikkel hande wat andersins slegs aan selfone gewoond is. Dis boonop lekker om te sien hoe jong mense die raaisels van plaashekke se verskillende sluitmeganismes probeer oplos.



HEK TOE. Die hekke het verskeie soorte meganismes wat hulle toe hou, en jou kind gaan self moet uitpluis hoe hulle werk.



'n Kampreis van 'n leeftyd



Vir 'n hegte groep vriende van Gauteng is kamp nie net 'n stokperdjie nie. Vir hulle is dit 'n maandelikse instelling.

'n Jaar of wat gelede besluit almal om saam koers te kies na Botswana en Namibië. Nico en Mandy Prinsloo reël saam met Piet en Yvette Louw die vriende se toer en sorg dat die sewe gesinne veilig en georganiseer is. Saam met hulle was Johan en Caryn Naudé, Leon en Sonja Berry, Terrance en Catharine Dixon, Rean en Linda Barnard, en Hagen en Debbie Lammerding.

Johan vertel...

“ Ons reis begin by ons eerste kamp op Zeerust. Dit is ook 'n spesiale geleentheid vir ons, want ek en Caryn vier ons twintigste huweliksherdenking daar langs die gesellige kampvuur.

Die volgende oggend is

'n Mens kry kampvriende... en dan is daar die soort vriende wat bereid is om 4 830 km saam met jou deur ons buurlande te sleep. **Johan Naudé** van Boksburg vertel van dié onvergeetlike ervaring.





FEESTYD BY DIE BURE. Die sewe Gautengse egpare het hulle waens gehaak, die kinders gelaai en koers gekies na Botswana en Namibië waar hulle die een belewenis ná die ander ervaar het – van die mooiste natuurskoon tot pret in die duine en spore wat luipe in hulle kamp kom los het.

die opwinding tasbaar en die radio's begin kraak: 'Piet, Piet, kom in!' roep Leon opgewonde. Ons is oorgehaal vir hierdie kampvakansie deur ons buurlande, maar voor ons ons ry kan kry, bring die werklikheid ons by die grenspos na Botswana hard terug aarde toe.

Die amptenaar kyk ons emosieloos aan en vra vir ons kinders se volledige geboortesertifikate. My hart sak in my skoene. Ons het nie mooi gekyk voor ons weg is by die huis nie en hier sit ons met Micaela en Jessica se verkorte sertifikate. Die stresvlakke skiet deur die dak.

Die beamptes aan albei kante van die grens gee ons behoorlik gas hieroor en die sweet tap ons af weens die spanning, maar ná baie mooi-praat en genade van Bo laat hulle ons deur.

Die eerste dag in Botswana is een vir die boeke. Vol drama. Eers tref Nico 'n enorme slag-gat. Die slag is só hard dat hy oortuig is hy het sy ryding se as gebuig. (Hy ry vandag nog met daardie selfde 'gebuigde' as, wat beteken daardie Mahindra is dalk taaier as wat hy gedink het!)

Kort daarna is dit Leon se beurt. Oor al die opgewondenheid het hy nie sy woonwa se koppelprop behoorlik vasgesit nie en die prop sleep op die teerpad. Teen die tyd dat ons hom stop, is daar letterlik niks van die prop oor nie.

Dan leer ons almal op die harde manier 'n les oor brandstof: Ry altyd ekstra saam. Leon-hulle ry hulle tenk basies dolleeg en het nie 'n druppel ekstra by hulle nie. Nico, die goeie pël wat hy is, gee sy jerrykan vir Leon om hom uit die penarie te help. Maar hy vergeet dat sy eie voertuig net 'n 45ℓ-tenk het.

Nie lank daarna nie flikker Nico se eie brandstoftliggie, >

“

Die Visriviercanyon laat ons in stomme verwondering oor die skepping en ons bring klippe saam terug as aandenkings.

”



en soos die duiwel dit wil hê, is die pompe by die een vulstasie ná die ander dolleeg. Met niks behalwe baie geloof, hoop en 'n ligte voet nie kom hy toe uiteindelik by brandstof uit – gelukkig vóór hy langs die pad gestrand sit.

Net toe ons dink ons kan nou rustig ry, kom ons af op 'n toneel waar 'n vragmotor in die pad omgeslaan het. Daar is geen ander manier as om van die pad af en deur dik sand te ry om verby die lorie te kom nie... mét ons

waens op die haak. Rean en Leon sorg darem vir 'n bietjie 4x4-opwinding deur albei vas te val. Ek en Terrance moet die herwinningswerk doen en dié gaan red wat duidelik nog nie die term 'behou jou momentum' onder die knie het nie.

Moeg maar verlig kom ons uiteindelik by Kalahari Rest in Kang aan en kuier heerlik om die vuur. Ons raak weg in die stilte van die bos. Die volgende oggend sien ons die spore van die luiperds

wat kom kuier het terwyl ons almal geslaap het. Wat 'n pragtige plek.

Net toe dit voel of ons senuwees 'n bietjie wil begin bedaar, lê die volgende groot uitdaging voor: die grenspos by Buitepos. Die hele drama met die volledige geboortesertifikate begin van vooraf by ons spook.

Die onsekerheid vreet aan 'n mens, want jy weet nooit watter soort amptenaar jy gaan kry nie. Maar die noodlot

speel hierdie keer 'n snaakse kaart. Ek, Nico en Leon ry heel onskuldig by die inspeksiepunt verby – ons sien die amptenare letterlik nie eens raak nie en hulle blykbaar ook nie vir ons nie. Ons waens word dus nooit deurgesoek nie, maar terwyl ons in die kantoor wag, hoor ons ons het die belangrike stempels gemis. Ons moet die hele ent terug draf om daardie strokies amptelik te laat afteken sodat ons wettig in Namibië kan wees.

Van daar af mik ons na die



SLEEP-SLEEP SO! Oor 'n afstand van by die 5 000 km het die groep meer as genoeg opwindende beleef. Sommer op die eerste dag het dit gelyk of die noodlot sy mes in het vir hulle, maar dit het hulle nie van stryk gebring nie en hulle kon van die een besondere bestemming tot die volgende reis.



East Gate-ruskamp. Maar vir my is hierdie deel van die toer 'n effense waas, want 'n erge migraine pak my beet en terwyl die res van die groep regmaak vir 'n gesellige ete, moet ek laag lê en die pyn probeer wegslaap. Ek is so dankbaar vir Caryn wat later vir my 'n bord lekker steak en tjijs gebring het – dit was presies wat ek nodig gehad het om weer my voete te vind. Ek is net spyt ek het daardie melkskommel misgeloop waaroor almal so gaande was!

Op pad Arebbusch toe begin die groep 'n bietjie uitrafel, elkeen op sy eie sending. Nico en Mandy besluit hulle het nou dringend plaaslike SIM-kaarte nodig om met die buitewêreld te skakel en breek van die trop weg om Windhoek se middestad aan te durf. Hagen en Debbie sien hulle kans en volg in Nico-hulle se spoor, vasbeslote om 'n bietjie van die bekende besienswaardighede in Namibië se hoofstad te gaan verken.

Die res van ons wag, maar sonder dat ons dit weet, ry Hagen met 'n ander roete uit Windhoek verderaan terwyl ons op 'n bult staan en op die uitkyk is vir enige teken van hom.

Intussen kry ons 'n behoorlike blik op die psige van die plaaslike verkeer. Ek jok nie as ek sê die motorbestuurders in Windhoek ry asof die duiwel hulle jaag nie. Dis erger as in Johannesburg en die woord 'roekeloos' begin nie eens om hulle te beskryf nie.

Ons besluit later om aanstalles te maak en die pad Arebbusch toe aan te durf, voor iemand in ons vasjaag.

Toe ons by die kamp aankom, staan Hagen ons met 'n breë glimlag en inwag...

Hier by Arebbusch word die groep weer vir 'n rukkie kleiner. 'n Paar van die gesinne haak hulle waens af en besluit om deur te druk Spitzkoppe toe om die besondere granietkoppe en die rou skoonheid van daardie wêreld te gaan beleef. >

Ek sal vir jou jok as ek sê die jaloesie knaag nie aan my nie; ek dink die res van ons wat agterbly, voel presies dieselfde. Om die pyn te verlig koop die res van die groep vir die res van die toer al wat klippie en aandeking is. Asof dit uit die mode gaan.

Van hier af mik ons kus toe. Namate ons vorder, sien ons hoe die landskap voor ons oë begin verander: Die horison word 'n eindelose see van wit sandduine... en kort voor lank ry ons Langstrand binne.

Woorde kan nie beskryf hoe bly ek is dat ons vir 'n paar dae ons tentpenne hier gaan inkap nie. Dis presies wat ons nodig het. Die koeler seelug groet ons en die eerste sons- ondergang oor die Atlantiese Oseaan is niks minder nie as skouspelagtig. Snags lê ons en kyk hoe die skepe se ligte in die dokke by Walvisbaai flikker... iets wat jy nie sommer in Boksburg sien nie.

Dan begin die ware pret: die duine. As 'n mens hier is, dan moet jy tog jou ryding duine toe vat, of hoe? Op die ongelooflike rit oor die sand hoor ons die kinders in ander karre uit volle bors gil van suiwer opwinding.

Rean en Leon word daar in die duine boesemvriende, veral terwyl hulle veg om die regte rat en genoeg momentum te kry om daardie arme Ford-bakkie van Leon teen die steiltes uit te kry. Sonja vertrou nie die storie nie en klim eerder uit terwyl sy verklaar dat sy nie van plan is om vandag saam met die bakkie vas te sit nie.

Wanneer Leon en Rean uiteindelik die bopunt van die laaste duin bereik en die toeter met oorgawe blaas, is ek nie seker wie die blyste is nie – Leon of die bakkie!

Selfs Nico in die Mahindra, wat hy 'die meester van alle karre' gedoop het, wys vir ons



NA DIE AKSIE SATISFAKSIE. Die toer het verskeie hoogtepunte opgelewer, maar die werklike waardevolle oomblikke was wanneer die klomp hegte vriende saans saam om die kampvuur gekuier en stories uitgeruil het.





HELP 'N BIETJIE DAAR. Geen besoek aan Namibië sal volledig wees as jy nie minstens een keer die duine met jou 4x4-ryding invaar nie. In dié geval was dit ook so – en dit lyk of elkeen van die groep hulle beurt gehad het om vas te val.



hoe om behoorlik vas te sit. Maar met geduld kry ons hom ook uit. Ons bereik die hoogste punt tot waar jy met jou kar kan ry en moet die laaste ent van die duin uitstap, waar die wind ons amper aan die ander kant afwaai. Die uitsig is egter elke druppel sweet werd.

Onder die leiding van Piet en Gustav, wat ons deur die duine gelei het, leer ons dat 'n Toyota blykbaar enige plek kan ry, maar kom ons los daardie debat eerder vir 'n volgende keer om die kampvuur. Ek sit self 'n paar keer vas – dis dan wanneer 'n mens deeglik tot die besef kom dat jy nooit in die woestyn wil verdwaal nie.

Terwyl ons vis en tjips geniet, gly die kinders met

sandplanke teen die duine af. Agterna is hulle nerf af op die knieë en die monde is vol sand, maar op die tevrede gesigte is die grootste glimlagte te bespeur.

Ons besoek Hentiesbaai, die skeepswrakke en gaan ry op die strand by Sandwichbaai saam met die Dixons vir een van die absolute hoogtepunte van die hele toer.

Alle goeie dinge kom tot 'n einde, maar voor ons kan koers kies uit Langstrand, bewys Leon net eers weer met die vertrekslag hoekom hy meer as 'n prokureur onthou sal word en minder as 'n handige kêrel. Hy trek só vinnig daar weg dat die wa se koppelstuk effens loskom en Sonja, wat aansienlik han-

diger is as haar man, moet 'n kabelstrop inspan om die wa aan die Ford te hou.

Terug op Arebbusch kry Nico die groep bymekaar en lewer 'n staatsrede waar hy ons behoortlik die leviëte voorlees omdat die groep vroeër op die toer so uitmekaargespat het. Ons almal belowe plegtig dat ons vir die terugtog in die groep sal bly.

Die pad terug is vol klein oomblikke. Piet wat só vinnig jaag – van die een koelteboom tot die volgende – dat ons amper die Steenbokskeerkring misloop; die pragtige kokerboomwoud; en die skreeusnaakse oomblik toe Piet en Yvette verdwaal.

By Mariental herstel Jessica, wat vroeër 'n bietjie olik gevoel het, wonderbaarlik vinnig omdat sy nie die pret wil misloop nie, en in die nagte soek ons skerpioene met Piet en Terrance se UV-flitse. Dis nogal iets om te aanskou as hulle soos neonligte in die donker onder die flits se straal gloei.

Die stewige plaasontbyt het die ry na Grünau sommer 'n plesier gemaak, en ondanks Piet en Nico wat teen mekaar jaag om eerste by die beste staanplek uit te kom, eindig ons en die Dixons onder die beste boom op die dorp. Die Visriviercanyon laat ons in stomme verwondering oor die skepping en ons bring klippe saam terug as aandenkings.

Elke oomblik was spesiaal – van die sonsondergange by Grünau tot die rustigheid by Oranjerus naby Upington waar die meisies soutige pannekoeke en tunatert gemaak het. Selfs toe die ou mense die toer verlaat en ons Garmin ons deur Vryburg stuur pleks van die regte pad, kon niks die gees demp nie.

Dit was 4830 km se suiwer avontuur. Aan almal wat saam was: dankie vir die herinneringe op hierdie toer van 'n leeftyd. ”

Johan wen 'n Jackery Evo Charge LED-kragbank-flitslig.

Dié veelsydige stukkie toerusting het verstelbare ligmodusse, insluitend noodbeligting van tot 320 lumens. Dit is waterdig, het ingeboude magnete, en 'n 7 800 mAh-battery waarmee jy jou slimfoon kan laai. sustainable.co.za



Oor die hond se stert

By hierdie agt kampplekke mag Oubaas én sy honne kom uitspan.

Saamgestel deur **Leon Botha**

APPLE CAMP (CERES HIDEAWAYS)



Troeteldiervooraardes Onthou, die kampplek is nie omhein nie.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek Private kampplek vir 1 groep van tot 18 mense op 'n plaas. 'n Basistarief geld vir die eerste 4 mense. Die braaiplek is ingebou en onder dak – bring jou eie rooster.

Ablusiegeriewe Aparte stort en toilet elk met 'n wasbak en 'n gasgeiser. Die kombuis het rakke en 'n yskas.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00.

Kontak 📧 book@cereshideaways.co.za


🌐 cereshideaways.co.za ☎ 083 499 1524

Naaste dorp Ceres 15 km.

Hoe lyk die pad? Omtrent 3 km grondpad met 'n kort stuk sand. Jy gaan nie 4x4 nodig kry nie, maar 'n hoër voertuig en boswa gaan dinge makliker maak.

GPS S33.420057 E19.399041

WATERSIDE-LODGE



Troeteldiervooraardes Diere moenie afdwaal nie – die hoofstraat is langsaan.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 4-8 staanplekke afhangend van die aantal kampeersers. Jy staan op gras, hier is nie veel koelte nie en almal deel twee gemeenskaplike braaiplekke.

Ablusiegeriewe 1 gebou met aparte geriewe vir mans en vroue elk met storte en toilette. Die opwasplek is buite die gebou en hier is 'n wasgoeddiens.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak ☎ 082 338 1732

📧 watersidelodge2255@gmail.com




🌐 waterside-lodge.net

Naaste dorp In eMkhondo (Piet Retief).

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S27.013086 E30.804837

AUGRABIES FALLS-LODGE



Troeteldiervooraardes Jou diere moenie medekampeerders pla nie.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 8 staanplekke op gras met heelwat koelte. Die braaiers is losstaande en het 'n eie rooster. Reël met die oord as jy langer as 31 dae wil kamp.

Ablusiegeriewe Jou eie op jou staanplek. Dit sluit in 'n klein kombuis, 'n stort, wasbak en toilet.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak ☎ 081 840 0623 of 054 451 7203

✉ info@augfallsdodge.co.za


🌐 augrabiesaccommodation.co.za

Naaste dorp Kakamas 34 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot hier.

GPS S28.640266 E20.350033

KRIEDOUW



Troeteldiervooraardes Tot 2 honde toegelaat – reël vooraf wanneer jy bespreek ('n ekstra tarief geld).

Was ons al hier? Ja, April-Mei 2024 (Ry & Sleep #60). Kriedouw het nuwe eienaars; voorheen was dit bekend as Lylius.

Kampplek 6 staanplekke elk met plek vir tot 8 mense op 'n lieflike grasperk. Die staanplekke is ver uitmekaar en een word vir tente uitgehou. Reël vooraf vir lankstaan.

Ablusiegeriewe Jou eie; dit sluit 'n oop kombuis met wasgeriewe in.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00.

Kontak ☎ 027 482 2805

✉ stay@kriedouw.com 🌐 kriedouw.com

Naaste dorp Clanwilliam 32 km.

Hoe lyk die pad? Die laaste 4,7 km is 'n grondpad.

GPS S32.371710 E18.986965

>

OLD THOMAS RIVER VILLAGE



Troeteldiervoordes Alle troeteldiere is hier welkom.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek 15 staanplekke op gras elk met sy eie kragpunt – party het koelte onder peperbome. Die braaiers kan skuif en het 'n rooster. Wifi-sein beskikbaar naby die swembad.

Ablusiegeriewe 1 gebou met afsonderlike geriewe vir mans en vroue, albei met 'n bad en storte. Geen opwasplek nie.

Aankoms- en vertrektyd Geen vasgestelde tye nie.

Kontak ☎ 045 843 1504 of 082 659 8103

✉ bookings@oldthomasriver.co.za


🌐 oldthomasriver.co.za

Naaste dorp Stutterheim 30 km (aan Oos-Londen se kant) en Cathcart 25 km (van Johannesburg se kant).

Hoe lyk die pad? Die laaste 4 km is 'n grondpad wat goed onderhou word.

GPS S32.459545 E27.268271

OLIENHOF



Troeteldiervoordes Nie meer as 2 klein honde nie; reël vooraf.

Was ons al hier? Ja, Junie 2011 (WegSleep #34).

Kampplek 'n Oop grasperk op 'n olyfplaas met oggend- en middagkoelte plus 18 kragpunte. Die braaiers staan los – bring jou eie rooster.

Ablusiegeriewe 2 aparte geboue vir mans en vroue elk met storte en toilette. Die opwasplek vir skottelgoed is aan die buitekant.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 10:00, maar buigsaam mits jy reël.

Kontak ☎ 023 541 1687

✉ wendy@princealbertolives.co.za

🌐 princealbertolives.co.za

Naaste dorp Op Prins Albert.

Hoe lyk die pad? 500 m grondpad op die dorp (800 m van die hoofstraat af).

GPS S33.218974 E22.036366

DULLSTROOM ON THE DAM



Troeteldiervoorwaardes Troeteldiere is welkom mits hulle vriendelik is. Dit is 'n hondeparadys met staproetes en 'n swemdam.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek Baie ruimte met 'n rustige atmosfeer. Staanplekke word nie spesifiek toegeken nie – jy kies dus jou kol. Die kragpunte gebruik gewone huisproppe.

Ablusiegeriewe 2 badkamergeboue met storte en baddens.

Aankoms- en vertrektyd Geen streng tye nie.

Kontak ☎ 061 762 3209 of 083 252 2704

✉ bookings@dullstroomonthedam.co.za

🌐 dullstroomonthedam.co.za

Naaste dorp Dullstroom 1 km.

Hoe lyk die pad? 300 m grondpad.

GPS S25.405140 E30.106920

WESTVAAL



Troeteldiervoorwaardes Tot 2 klein honde per staanplek. Buite jou staanplek moet hulle aan 'n leiband wees, en hulle mag nie 'n steurnis vir medekampeers wees nie.

Was ons al hier? Nee.

Kampplek Ongeveer 80 staanplekke met krag (in 2 kampe) waarvan 15 teenaan die Vaalrivier. Laasgenoemdes het gemesselde braaiplekke, een daar's nog 10 by die gewone staanplekke (jy betaal 'n deposito vir die rooster). Die rivierstaanplekke is meestal grond en by die res is gras. Krane word gedeel. Buitelugetes is by die swembad beskikbaar.

Ablusiegeriewe Elke kamp het 'n eie badkamergebou met 'n stort en opwasplek.

Aankoms- en vertrektyd 14:00 en 11:00.

Kontak ✉ info@westvaalresort.co.za

🌐 westvaalresort.co.za ☎ 073 489 1647

Naaste dorp Sasolburg en Vanderbijlpark, 25 km.

Hoe lyk die pad? Teer tot by die hek.

GPS S26.773583 E27.657092

Klink een op Tata

Tata keer met volle oorgawe terug na Suid-Afrika en ons neem sy jongste ryding na Suid-Afrika se oudste vlaktes.

Teks **Cyril Klopper** Foto's **Cyril Klopper** en **Verskaf**



TATA HARRIER

Tata-motors het in 2017 begin stil raak en Suid-Afrika twee jaar later amptelik verlaat sonder om 'n woord te sê. In Augustus 2025 het die Indiese voertuigreus egter aangekondig dat hy met vier blinknuwe rygoed en 45 handelaars reg oor die land terugkeer. Een van hierdie vier voertuie is die Tata Harrier, die groter broer van die Tiago, Punch en Curvv.

Daar is drie Harrier-modelle om van te kies: die basismodel, 2.0TD Pure (R549 900), 2.0TD Adventure (R645 900) en 2.0TD Fearless, wat ons hier bespreek.

Wat sy naam betref, is 'n Harrier 'n tipe voël, 'n tipe vliegtuig, 'n soort hond, en natuurlik ook die naam van 'n whisky wat hierdie naweek by Tops op *special* is teen R149! Ons glo egter nie Tata se vlagskipmodel is genoem na laas-genoemde nie.

Buite en binne

Gesinsvoertuie is tradisioneel nie die opwindendste rygoed nie, maar in die kategorie waarin die Harrier val, die sogenaamde kompakte sportnusse, is daar inderdaad heelwat gawe rygoed. Die Harrier het byvoorbeeld interessante lyne en ontwerpkeuses wat hom modern en luuks laat vertoon. Ons hou veral van die voor- en agterligte wat snags lyk of dit 'n enkele strook is wat oor die breedte van die voertuig strek.

Die binnaruim lyk en voel luuks, maar wanneer 'n mens aan dinge soos die rathefboom en skakelaars wikkelen en vroetel, kom jy wel agter dat die bougehalte nie van bogemiddelde standaard is nie. Ja, die raakskerm op die middelkonsole reageer flink, maar ons toetsmodel se skerm het effens geratel op grondpaaie en daar was ander piepgeluide in die binnaruim.

Beenspasie agterlangs is aanvaarbaar tensy jy langer as 1,8m is, maar korter mense kry 'n gemaklike agterbank en 'n redelike groot bagasierruim met 'n volume van 445 ℓ.

Ons het gemengde gevoelens oor die Harrier se ergonomie. Die sitplekke is gemaklik, veral die agterbank, en die bestuurder kry 'n volledig verstelbare stuurwiel en sitplek.

Die knoppies op die middelkonsole is egter van die raaksensitiewe soort en jy moet mooi mik met jou vinger of jy druk die verkeerde een. Selfs die noodflikkers se knoppie is nie fisiek nie en dit was soms moeilik om gou 'n "dankie" te flikker wanneer iemand op die pad se skouer aftrek om ons te laat verbystee.

Ander knoppies wat pla, is die elektriese handrem wat met 'n skakelaar werk en met die letter P daarop gemerk is. Die geneuk is dat die parkeerposisie nie 'n posisie op die rathefboom het nie, maar ook 'n knoppie is wat langs die handrem se knoppe lê en óók met 'n P gemerk is. >

“

Die Harrier het interessante lyne en ontwerpkeuses wat hom modern en luuks laat vertoon.

”




VAAL. Die Tata Harrier het die lyf van 'n sportnuss, maar allewiel aandrywing is ongelukkig nie 'n opsie nie. Hy het hom egter goed gedra op die grondpaaie van die Tankwa-Karoo.





GELEEN. Heelparty onderdele soos die enjin (bo) kom uit ander voertuie en selfs die prentjie van 'n leeuwyfie en haar welpies (regs) kom so reg uit die Jaguar E-Pace se agterruit.



Ons is 'n paar maal uitgevang toe ons die parkeerrat wou inhaak voor 'n plaashek, maar verkeerdelik die handrem se knoppie gedruk het en die ratkas steeds in Drive was – die handrem werk nie as die kar in rat is nie...

Hoe ry hy?

Die lekkerte van 'n dieselenjin is die hope wringkrak. Die Harrier se Kryotec-enjin, 'n verwerking van Fiat se Multijet-enjin wat Tata in die jare negentig bekom het, is ook te vinde in voertuie soos die Suzuki SX4, Jeep Compass, Fiat 500X en Opel Zafira.

En as die ritgehalte vir jou bekend voel, is dit omdat die Harrier se onderstel direk uit die eerste geslag Land Rover Discovery Sport kom (en die Jaguar E-Pace en Range Rover Evoque) – Tata is immers die eienaar van JLR.

Die enjin en onderstel is dus beproefde onderdele waarby die Harrier voordeel kan trek. Al drie Harrier-weergawes is voorwiel-aangedrewe en geen allewiel-aandrywing word tans oorweeg nie. Die elektroniese vastrapbeheer en Rough-ritmodus waarmee ons Fearless-model toegerus is, het uitstekend gevaar op die Karoo se grondpaaie.

Die intelligente veiligheidstelsels het wel ingemeng op die einste Karoopaaie waar ons die Harrier getoets het. 'n Insek het vermoedelik in een of ander sensor vasgevlug, want ons toetsmotor het elke nou en dan vanself gerem met waarskuwings dat daar hinderisse in die pad voor ons is – terwyl daar niks was nie. Die bossies langs die pad het ook die parkeersensors geflous en ons moes hulle elke keer afskakel wanneer ons terug in die kar klim nadat ons foto's geneem het.

Die Bridgestone EcoPla-bande wat Tata gekies het vir die Harrier, verdien egter 'n pluimpie, want hulle het ons nooit in die steek gelaat nie – en sommige van die klip-paaie wat ons gery het, was werklik rof.

Die mededingers

Tata se Harrier ding mee met die Kia Sportage en Hyundai Tucson. Dié drie lyk die naaste aan mekaar, maar wat spesifikasies betref, sluit ons ook GWM se Tank 300 in. Al vier mededingers het 'n dieselenjin, maar die Hyundai Tucson voel die woeligste met 137 kW teenoor die Tata se 125 kW.

Jy gaan die gemaklikste 'n wa sleep met

die GWM Tank 300 se 480 Nm wringkrak teenoor die Tata se 350 Nm, en die Tank 300 het boonop meer ratte in sy outomatiese ratkas (9 pleks van die Tata se 6) én sy brandstoftank (78 l) is groter as die 50 l van die Tata Harrier.

Die Kia Sportage het dalk 'n kleiner 1,6 l-enjin, maar hy's gekoppel aan 'n dubbelpoppelaarratkas (DCT), wat hom 'n plesier maak om mee te ry. Die jongste Kia Sportage voel oor die algemeen moderner as die Harrier, hoewel die Tata meer onlangs bekend gestel is.

Slotsom

Die Harrier is beslis nie 'n slegte voertuig nie, maar die gehalte van sy afwerkingsvlakke binnelangs stel ietwat teleur. Die GWM, Kia en Hyundai voel almal meer afgerond as die Tata.

Die onderstel en enjin se bydraes tot die uitstekende ritgehalte is lofwaardig, maar dis ou tegnologie wat die koopprys moes afbring eerder as opjaag. Teen nagenoeg R700 000 is daar beter keuses as die Tata Harrier Fearless, insluitende die Tata Harrier Pure wat R150 000 goedkoper is en nie al die Fearless-model se onnodige elektroniese katoeters het nie. 🚗



SPESIFIKASIES

Model getoets.....	Harrier 2.0TD Fearless
Enjin	1 956 cc, viersilinder-turbodiesel
Krag	125 kW @ 3 750 r.p.m.
Wringkrag	350 Nm @ 1 750 r.p.m.
Ratkas.....	6 spoed-outomaties
Brandstofverbruik.....	7 l/100 km (getoets)
Tenk.....	50 l
BVM	2 296 kg
Vraggewig (BVM – tarra).....	475 kg
Sleepvermoë	750 kg / 3 500 kg (gerem)
Afmetings.....	4 605 (l) x 2 131 (w) 1 718 mm (h)
Grondvryhoogte	205 mm
Wielgrootte	235/60 R18
Veiligheidsgradering	★★★★★ (Global NCAP 2025)
Diensplan	5 jaar/75 000 km
Waarborg.....	5 jaar/125 000 km
PRYS.....	R699 900



ERGONOMIE. Die skrif in die instrumentepaneel (links) is klein en jy't amper 'n bril nodig om dit te lees. Ons het die parkeerknoppe (heel bo) soms met mekaar verwar.



VAN DIE MEDEDINGERS
Kompakte sportnutse met vyf sitplekke en 'n dieselenjin



R649 900

GWM Tank 300 2.4 Luxury

Laer prys met aansienlik beter veldryvermoë.



R662 995

Kia Sportage 1.6 DRDi

Effens goedkoper, maar hy voel moderner.



R709 900

Hyundai Tucson 2.0 Executive

Na ons mening beter waarde vir geld én hy het 'n langer waarborgtydperk.

Na bestemmings agter die siglyn

Kampeerders met ligte rygoed soos die Suzuki Jimny en Renault Duster moes tot onlangs klaarkom met klein waentjies wat min pakplek het, maar Trek Lifestyle bou nou 'n volgrootte boswa wat jy met 'n kode B-rybewys kan sleep.

Teks en foto's **Cyril Klopper**



HORIZON ADVENTURE

Die Oos-Kaapse onderneming Trek Lifestyle is 60 jaar al aktief in die plastiek-bedryf. Buiten plastiekprodukte vir staatsinstellings soos die weermag en spoorweë verskaf die maatskappy in Gqeberha ook Trek Sky-daktrommels en Trek Horizon-sleepwaens aan reisigers. Ons het onlangs die swaarste weergawe van die Trek Horizon-sleepwa aan Suid-Afrika se kleinste en ligste viertrekvoertuig, die Suzuki Jimny, gehaak om te kyk hoe die kombinasie vaar.

Voortrekker

Aan die voerpunt van die A-raam is 'n Knott-sleepstang met 'n 2 t-sleepvermoë en 'n statiese vertikale gewig van 100 kg op die sleepstang. Die stang het die gebruiklike kabel wat oor die sleepvoertuig se bol hang en die wa se handrem styftrek indien die haak loskom, plus 'n ketting wat oor die bok hang om te keer dat jou sleepwa die pad verlaat indien hy dalk vanself afhaak.

Langs die handrem se hefboom is 'n bul van 'n neuswiel wat verwyder en in die neuskas gebêre kan word. Tussen die handrem en neuskas is 'n aluminiummandjie waarop jy twee 5 l-gassilinders kan vasstrop – een vir die gasstoof en die ander vir 'n stort.

'n National Luna-batterystelsel met verskeie kragsokke, smeltdrade en skakelaars is binne-in die neuskas, wat met 'n volume van 210 l spog. Hier is ook Anderson-tipe kragsokke en oorgenoeg pakplek vir onder meer die neuswiel en gereedskap. Die neuskas se deksel seël stofdig en alles binne-in was kurkdroog en silwerskoon nadat ons etlike ure op grondpaaie deurgebring het.



'n Gewigtige saak

Voor ons die Trek Horizon verder bespreek, moet ons eers noem dat dié wa in sy mees basiese vorm 380 kg weeg – ingesluit daarby is die gegalvaniseerde onderstel, trekstang, neuswiel, hoekstutte, die dakrak, treeplanke, 245-70R16-veldrybande, die neuskas en 'n laairuim met 1 340 l pakplek en 'n toelaatbare vraggewig van 1 120 kg – dit is meer as wat 'n tipiese dubbelkajuitbakkie kan dra!

Amper alles wat ons voortaan bespreek, beïnvloed egter die tarra van die basiese wa. Die basiese Trek Horizon kos R114 510, maar die weergawe wat ons getoets het, die Trek Horizon Adventure, weeg 470 kg en kos R163 355.

Na raming

Een van die eienskappe wat die Trek Horizon Adventure op hierdie blaaie onderskei van die Trek Horizon Utility en sleepwaens van ander vervaardigers is 'n tentraam wat op die wa vasgebout is. >



EENVOUD. Die basiese Horizon Utility (op hierdie foto) is reeds 'n bekwame wa en jy kan 'n dektent op die standaarddakrak vasbout as jy eerder nie die opsionele tentraam soek nie.



Hierdie raam se hoogte kan verstel word en hy dra 'n daktent, afdak en storttent aan sy bokant, twee brandstofkanne aan die regtersy en 'n kampkombuis aan die linkersy – alles buiten die raam self is opsionele ekstras.

Die rede waarom die raam hoogte-verstelbaar is, is sodat jy die wa se deksel kan oopmaak om by items heel agter in die wa uit te kom.

Opsy-kombuis

Aan die linkersy van die wa is 'n kas met 'n luik wat na onder oopval. Binne die stofdigte kas is plek vir 'n tweeplaatgasstoof (in hierdie geval 'n Cadac 2-Cook) en twee laaie wat links en regs uitgly. Die linkerkantse laai het 'n opvouwwasbak met 'n kraan, en die regterkantse laai is 'n gawe bēreplek vir messegoed. Die kas is 'n opsionele ekstra wat R16 620 kos.

Daar is gleuwe vir 8 mm-ankerpunte in die kombuis en oral rondom die wa waarvan jy allerlei toerusting kan vasmaak.

Laaie en laat waai

Binne die romp van die Adventure is 'n groot staallaai vir 'n 35 ℓ-ys-vrieskas en al jou kamptoeerusting – dis ook 'n opsionele ekstra wat R16 170 kos. Jy kan hierdie laai uittrek deur die wa se deksel met net 'n sentimeter te lig, sonder om die raam hoër te stel. Dit is veral nuttig wanneer jy vinnig by 'n aftrekplek stilhou om 'n koeldrank en vrugteslaai uit die ys-vrieskas te haal sonder om die raam te lig.

Bo die groot laai is 'n kleiner een van laaghout (R3 635) waarin jy ligter items soos jou kleresakke kan pak, maar om hierdie laai te gebruik moet jy die wa se deksel hoër ophang. Met die toets het ons gemerk dat die deksel nie 100% stofdig is nie. Trek Lifestyle het verduidelik dat ons wa 'n voorproduksiemodel is wat vir 'n skouterrein bedoel is. Die produksiemodelle is glo heeltemal stofbestand.

Daar is vier 12V-krag sokke binne die wa vir jou ys-vrieskas en ander elektriese toerusting. Die paneel van die krag sokke het 'n aan-af-skakelaar en 'n leser wat die lading van die battery aandui.

Laastens is daar 'n mandjie aan die voorkant van die wa se deksel waarop jy twee sakke braaihout kan vasstrop. Die mandjie is standaardtoerusting en so ook die elektriese bedrading binne die wa.



Ry & Sleep sê


Die Trek Horizon is rateltaai en niks het geskud, gevibreer of getjank op die talle sinkplaatgrondpaaie wat ons gery het nie.

Wat is standaard?

Ingesluit by die Adventure se prys is die tentraam, vragrelings waaraan jy 8 mm-ankerpunte kan koppel, 'n nood-wielkatrol, mandjie vir braaihout, Monroe-skokbrekers, stabiliseerders, elektriese bedrading en kragsokke, en gassilinderhouers.


Trek Horizon het 'n nuwe webblad begin waarop jy 'n wa digitaal kan "bou" met al die bybehore wat jy soek. Jy kan byvoorbeeld vra vir fietsrakke, 'n watertenk, laaistelsel en die ander opsionele ekstras wat ons hiernaas noem. Die webblad sal dan 'n kwotasie skep en jou bestelling neem indien jy die kwotasie aanvaar.

Die webblad was egter teen druktyd nog nie gereed nie, maar jy sal dit by build.lifestyle.com vind.



SPESIFIKASIES

Vervaardiger.....	Trek Lifestyle
Model	Horizon Adventure
Slaapplek.....	Daktent
Grootte	3,5 x 1,7 x 2 m
Tarra	470 kg
Dravermoë.....	1 030 kg
BVM	750 kg / 1 500 kg
As	2,5 t
Wielgrootte	16 duim
Onderstel.....	Gegalvaniseer
Romp	Plastiek
Prys	R163 355



Handelaarsnetwerk Hoofkantoor en vertoonlokaal in Struandale, Gqeberha.

Kontak ☎ 041 453 7707 ✉ info@treklifestyle.com 🌐 treklifestyle.com



R163 355

**TREK HORIZON
ADVENTURE**

BVM 750 kg

VAN DIE MEDEDINGERS*

Boswaens geskik vir 'n daktent met 'n BVM van 750 kg



R90 000 (basiese wa)

**BORDERX
OVERLANDER**

BVM 750 kg

Die romp word gemaak van plaatstaal en dan met gebakte poeierverf behandel.



R195 000

**BUSHWAKKA
WEEKENDER**

BVM 750 kg

Die romp bestaan uit ongeverfde vlekvrystaal.



R104 200
(tent ingesluit)

**VENTER
SAVUTI XLX**

BVM 750 kg

Die romp word van gegalvaniseerde staal gemaak met gebakte poeierverf.

* Soos in die Koopgids 2025. Die prys is 'n aanduiding van 'n standaardwa – hoe elke model toegevoeg word, verskil van vervaardiger tot vervaardiger.

Ry & Sleep het die Horizon Adventure, 'n prototipe, by die vervaardiger geleen.

Praat met jou hande

Ons bespreek die tien algemeenste handseine om die bestuurder van 'n 4x4-ryding deur 'n hindernis te beduie.

Teks en foto's **Cyril Klopper**




Dit gebeur soms dat jy nie lekker kan sien waar jou trokkie se wiele deur 'n 4x4-hindernis moet loop nie. Dit is wanneer jy 'n vertroueling kan vra om deur middel van handgebare vir jou te beduie.

In Engels noem ons hierdie vertroueling 'n *spotter*, maar die Afrikaanse woord daarvoor, dirigent, werk ewe goed om die verantwoordelikheid te verduidelik. Jy en jou dirigent moet absoluut op mekaar vertrou. Jy dat hy of sy die beste lyn moontlik deur 'n hindernis sal beduie met geen of minimale skade aan jou ryding, en hy of sy dat jy die bevel sal volg en nie betersweterig sal wees nie.

Die dirigent moet altyd seker maak die bestuurder kan sy hande sien en hy is ook verantwoordelik om omstanders weg te jaag as hulle te na aan die aksie staan óf nader te roep as daar klippe gepak moet word. So iemand moet ook bedag wees op wat agter hulle aangaan sodat hulle nie balans verloor en teen 'n afgrond afval nie.

Die bestuurder moet die dirigent se handgebare slaafs volg, maar hy het wel die volste reg om 'n bevel te weier as hy voel die uitdaging is te moeilik vir hom. As die bestuurder nie met die dirigent saamstem nie, moet hy hom nooit bloot ignoreer nie. Stop eerder en gesels oor jou bedenkinge sodat julle saam 'n plan kan maak.

Hier volg die algemeenste handgebare, met foto's, wat 'n dirigent kan gebruik om sy reismaat deur 'n hindernis te beduie.



Kom vorentoe

Die dirigent staan met bak hande omhoog en wink met sy vingers dat die bestuurder stadig nader aan hom moet ry.

Die bestuurder ry stadig nader, sonder om te stop, vir so lank as wat die dirigent se hande hom nader beduie.



Ry stadiger

Die dirigent hou sy handpalms afwaarts en wuif sy hande op en af dat die bestuurder stadiger moet ry.


Die bestuurder lig dadelik sy voet van die versneller af om stadiger te ry, maar die plan is nie om dood te stop nie.



Kom 'n bietjie nader

Die dirigent gebruik die wysvinger en duim van een hand om die "bietjie"-handgebaar te vorm en sy ander hand om die bestuurder nader te beduie.


Die bestuurder ry stadig vorentoe met die volle verwagting dat die dirigent hom enige oomblik gaan aansê om te stop.



Stop rustig

Die dirigent hou albei sy handpalms omhoog om die bestuurder te beveel om sy voertuig tot stilstand te bring.

Die bestuurder trap op die rempedaal (dis nie nodig om hom diep weg te trap nie) om stil te hou en te wag vir die volgende bevel.



Draai skerp links

Die dirigent beduie vir die bestuurder om stil te hou en beduie met albei wysvingers dat die bestuurder die stuurwiel ver links moet draai.


Die bestuurder stop sy voertuig en draai die stuurwiel so ver links as wat dit moontlik is, en wag op die volgende bevel.



Kom vorentoe en draai effens regs


Die dirigent beduie met die een hand dat die bestuurder vorentoe moet kom en met die wysvinger van die ander hand in watter rigting die bestuurder moet draai.

Die bestuurder ry stadig vorentoe en draai die stuurwiel effens na regs – gegrond op hoe skerp regs die dirigent se wysvinger beduie.



Stop en skakel af


Die dirigent kruis sy voorarms met gebalde vuiste omhoog. Hy doen dit totdat die bestuurder sy voertuig se handrem optrek en die enjin afskakel.



Kom vorentoe, hou skerp links


Die dirigent hou die wysvinger van die een hand skerp links, maar beduie met sy ander hand dat die bestuurder nader moet ry.

Die bestuurder hou die stuurwiel vasgepen in die posisie om skerp links te draai en ry stadig vorentoe.



Stoot terug


Die dirigent wys met sy wysvingers dat die bestuurder stadig moet terugstoot in die rigting waaruit hy gekom het. Die bestuurder haak trurat in en ry stadig terug in die rigting waarheen die dirigent beduie.



Stop dood

Die dirigent bal albei sy vuiste en hou hulle omhoog as 'n teken dat die bestuurder dadelik moet stilhou. Hy kan hulle selfs skud as dit dringend is.

Die bestuurder trap dadelik op die rempedaal sonder om die enjin te laat stol en wag dat die dirigent hom herposisioneer of 'n nuwe lyn bedink.



Draai effens regs

Die dirigent beduie dat die bestuurder moet stilhou en gebruik sy wysvingers dat die bestuurder sy stuurwiel effens regs moet draai.

Die bestuurder kyk na die dirigent se wysvingers. As die vingers 45° regs wys, dan draai hy sy stuurwiel ook 45° regs totdat die dirigent wys dis ver genoeg.



Grond of dak?

Is dit beter om in 'n grond- of daktent te slaap?
Nes met alles in die lewe is daar voor- en nadele aan elk.

Teks en hooffoto's **Cyril Klopper** Produktfoto's **Verskaf**

Ons bespreek die voor- en nadele van dak- en grondtente met vyf argumente ten gunste van albei. En dan is daar 11 tente wat jy vir jou volgende landreis kan oorweeg.

Veiligheid 'n Daktent bied emosionele gemoedsrus wanneer jy tussen leeu en olifante kamp. Ons sê "emosioneel", want niks keer 'n honger leeu om jou

uit jou daktent te haal nie. Jy's wel veilig teen slange en skerpioene, iets wat 'n grondtent nie kan waarborg nie.

Duursaamheid Daktente hou moontlik langer omdat hy nie op die grond lê waar stokke en klippe hom kan verinnuweer nie. Bygesê, 'n goeie koepeltent van sterk materiaal kan jou lewenslank hou terwyl 'n goedkoop daktent in 'n japtrap deur rukwinde verskeur kan word.

Vervoer Talle lesers gaan anders voel, maar ons hou nie daarvan om die heelyd met 'n daktent rond te ry nie. Dis makliker om 'n opgevoede grondtent uit die bagasieruim te haal en in 'n hoek van jou motorhuis te plaas. Om 'n daktent af te haal is baie meer moeite.

Gemak Dit is nie maklik om jou klere aan en uit te trek in 'n daktent nie, en as jy snags 'n draai wil loop, moet jy teen daai

yskoue aluminiumleer afklouter. Nee dankie!

Kamp Ja, 'n daktent slaan vinnig op en jy's hoog bo die goggas en slange, maar jy moet oppak as jy op 'n wildrit vertrek. Daar-teenoor kan jy jou grondtent net so los wanneer jy jou kamp verlaat. Dis ook maklik om jou grondtent te skuif na gelyk grond onder 'n boom waar jou bakkie en die daktent dalk nie gaan inpas nie.



TENTCO CLAM SHELL-DAKTENT

Lê in jou skulpie

Hierdie daktent word gemaak van 280 g-ripstop-materiaal en 420D-nylon met 'n aluminiumdop. Hy het twee ingange – een aan elke kant – en 'n groot venster aan die voet van die tent. Die tent weeg altesame 89 kg.

Slaapplek 2

Afmetings 1,45 m (h) x 2,1 m (l) x 1,43 m (b)

Prys R33 500 by Tentco.



HOWLING MOON COMET 2-DAKTENT

Reik na die sterre

Howling Moon se Comet-daktent word gemaak van 320 g-materiaal wat vog deurlaat en 210 D-nylon in 'n aluminiumdop. Die matras is 50 mm dik en is van spons gemaak – en op die koop toe kry jy 'n 2,3 m lange leer. Saam met die leer weeg die tent 85 kg.

Slaapplek 2

Afmetings 1,5 m (h) x 2,15 m (l) x 1,33 m (b)

Prys R42 150 by Howling Moon.



TENTCO 2.0 M-DAKTENT

Vir die hele gesin

Hierdie daktent word gemaak van 260 g-ripstop-materiaal wat bestand is teen UV-strale en skimmel. Die vloer is van mariene laaghout en jy kry twee aluminiumlere. Die totale gewig van die tent is 86 kg.

Slaapplek 4

Afmetings 1,25 m (h) x 2 m (l) x 2,4 m (b)

Prys R22 390 by Tentco.



IRONMAN 4x4 ORION 1400-DAKTENT

Hardekwas

Ironman 4x4 se Orion 1400-daktent word gemaak van 320 g-ripstop-materiaal wat in 'n aluminiumdop toevou. Hy weeg 92 kg en Ironman 4x4 se sy tent is geskik vir al vier seisoene. Dit neem glo minder as 3 minute om hom op of af te slaan.

Slaapplek 2

Afmetings 1,4 m (h) x 2,3 m (l) x 1,63 m (b)

Prys R42 000 by Ironman 4x4

>





TENTCO SAVANNAH 4-KOEPELTENT

Ou staatmaker

Tentco se bekende Savannah 4 het slaapplek vir vier, maar drie mense gaan gemakliker lê. Hy word gemaak van 260 gsm-waterbestande seil en die grondseil is van 320 gsm-PVC-plastiek. Hy't net een venster, maar daar is ventilasiegate in die dak.

Slaapplek 4

Afmetings 1,95 m (h) x 2,5 m (l) x 2,5 m (b)

Prys R4 900 by Tentco.



FALKSON FVELDT-GESINSTENT

Tradisievas

Hierdie gesinstent het 'n grondseil wat gemaak word van 550 gsm-PVC-plastiek en die seile is van waterdigte 320 gsm-ripstop-materiaal. Sy pale is 22 mm- galvaneerde staal en die ritssluiters word deur YKK vervaardig. Die tent weeg 58 kg.

Slaapplek 6

Afmetings 2,25 m (h) x 6,6 m (l) x 3,2 m (b)

Prys R18 300 by Falkson.



THULE OUTSET-SLEEPSTANGTENT

Alles in die haak

Thule se Outset het wieletjies sodat jy hom nader kan sleep, op jou kar se sleepstang haak en saamneem op vakansie. Hy word gemaak van 600D-ripstop-materiaal en weeg 70 kg. Toegevoeg is sy afmetings 144 x 74 x 90 cm.

Slaapplek 3

Afmetings 1,44 m (h) x 2,64 m (l) x 1,78 m (b)

Prys R80 000 by Thule

OZTENT RV-4-GRONDENT

Blitsvinnig

Oztent sê jy kan sy RV-4 binne 30 sekondes opslaan. Die tent kom met sy eie stoepdak en jy kan twee kantseile (opsioneel teen R6 338) en 'n voordeur (R3 531) daaraan vasrits om die stoep heeltemal toe te maak. Die seile word gemaak van duursame ripstop-materiaal en die tent weeg 22,7 kg.

Slaapplek 4

Afmetings 1,9 m (h) x 2,4 m (l) en 4,4 m (b, insluitende die afdak)

Prys R14 626 by Oztent.





OZTENT BUNKER PRO-BEDTENT

Eenmansaak

As jy alleen reis, kan jy beslis Oztent se bedtent oorweeg. Dit bestaan uit 'n kampbed wat 'n gewig van 150 kg kan dra en 'n waterdigte tent wat daaraan vasgewerk is. Die afmetings in sy drasak is 113 x 19 x 30 cm en hy weeg 17,23 kg.

Slaapplek 1

Afmetings 1,4 m (h) x 2,1 m (l) x 0,9 m (b)

Prys R10 389 by Oztent.



K-WAY 3-OPWIPTENT

Haastige Hennie

Nes Outdoor Warehouse se aanbod hiernaas is K-Way se opwiptent gemik op mense wat nie graag sukkel nie. Hy't 'n grondseil met 'n waterkolomgradering van 5 000 mm en die dakseil se gradering is 2 000 mm. Hy's dus goed bestand teen harde reën. Die tent het twee deure vir goeie ventilasie.

Slaapplek 3

Afmetings 1 m (h) x 2,35 m (l) x 1,8 m (b)

Prys R1 100 by Cape Union Mart.



NATURAL INSTINCTS 3 SWIFT-OPWIPTENT

Vinnige Fanie

Hy's gemik op mense wat nie tyd het om pale in te kap of dae lank op een plek wil kamp nie. Die tent staan binne 'n oogwink en hy word gemaak van 185T-poliëster met 'n 120 gsm-poliëtileen-grondseil en latte van veselglas. Hy weeg 'n skamele 2,4 kg en ankertoue keer dat hy wegwaai.

Slaapplek 3

Afmetings 1,05 m (h) x 2,3 m (l) x 1,8 m (b)

Prys R1 800 by Outdoor Warehouse.

KRY DIE PRODUKTE HIER

🌐 tentco.co.za 🌐 howlingmoon.co.za 🌐 ironman4x4.co.za 🌐 falksontents.co.za 🌐 oztentssa.co.za 🌐 outdoorwarehouse.co.za 🌐 thule.com/en-za 🌐 capeunionmart.co.za

Vat die pad... dis naweek!

In ons motor is
snoepgoed vir die
langpad 'n saak van erns!
Hier is 6 planne vir die
piekniekkomers langs
die roete.

Resepte en stilering **Johané Neilson**
Foto's **Ed O'Riley**

BOEREWORSPASTEITJIES Laat die wiele rol!

Wie hou nou nié van 'n ou vleispasteitjie nie! Die byvoeging van karameluie gee dit net die regte sweempie soetigheid.

Jy benodig

(maak 24 happiepasteie)

- 1 rol (400 g) bevrore blaardeeg, ontdooi
- 500 g boerewors
- 3 eetlepels uiemarmelade (ons het Forage & Feast se Caramelised Onion Cheese Topper gebruik)
- 1½ koppies gerasperde wit cheddar
- 1 geklitste eier
- 2 teelepels sesamsaadjies om bo-oor te strooi

Só maak jy

1 Verhit die oond tot 200°C. Rol die blaardeeg oop en sny dit in die lengte middel-deur sodat jy twee lang stroke het.

2 Verf die deeg oraloor met eier en sprinkel die kaas oor die middel van elke voorbereide deegstrook. Los 'n rand van 1 cm om die kaas oop.

3 Druk die vleis uit die worsderm en verdeel dit tussen die twee stroke. Druk die vleis in 'n eweredige laag bo-op die kaas vas (ook met 'n oop rand rondom). Stip die uiemarmelade in die middel van die vleis op albei stroke.

4 Vou die deeg van die een kant af oor die vleis na die ander en vorm só twee lang worsrolle. Gebruik 'n vurk om die kante waar die deeg bymekaarkom, aan mekaar vas te druk.

5 Sny die lang worsrolle middel-deur en verskuif die vier stukke na 'n bakplaat wat met bakpapier uitgevoer is. Sny elke stuk in 3 klein worsrolletjies, maar moenie dit heeltemal deursny nie.

6 Verf die pasteitjies met eier, sprinkel die sesamsaadjies oor en bak die pasteitjies vir ongeveer 25 minute tot goudbruin en deurgaar. Draai die rolletjies versigtig onderstebo en bak hulle vir nog 5-10 minute tot deurgaar. Laat dit afkoel en pak dit net so in óf kleiner gesny.

Ry & Sleep sê Jy kan natuurlik ook varkworsies gebruik indien jy dit verkies.

HAM-EN-EIERMUFFINS Fênsie brekkie

Gekookte eiers bly die volmaakte padkos (dit kom selfs in sy eie bioafbreekbare verpakking), maar hierdie gourmet-eiermuffins is vir my selfs beter! Hulle is ewe lekker warm óf koud.

Jy benodig

(maak 6 groot muffins)

- 6 groot ronde skyfies gypsyham

VIR DIE VULSEL

- 1 eetlepel meel
- 6 eiers
- ½ koppie suurroom
- 1 teelepel gekapte grasuie
- ½ koppie bevrore ertjies (opsioneel, sien ons wenk onderaan)
- 1 koppie gerasperde kaas

Só maak jy

1 Verhit die oond tot 180°C. Suiet die ses holtes van 'n groot muffinpan met kleefwerende kossproei en voer elke holte uit

met 'n velletjie ham sodat dit 'n bakkie vorm.

2 Klits die meel en een eier saam tot glad – dit keer dat klonte vorm – voor jy die res van die eiers en suurroom byvoeg en tot 'n gladde mengsel klits. Geur die mengsel behoorlik met sout en peper en roer die gekapte grasuie by.

3 Verdeel die eiervla tussen die holtes, gevolg deur die ertjies en laaste die kaas.

4 Bak die muffins vir 20 minute of tot goudbruin en gaar. Laat dit vir 'n paar minute in die pan afkoel en skep dit dan versigtig met 'n lepel uit. As daar eiervla onder die ham-bakkie ingeloop het, is dit nie doodsake nie. Laat die muffins heeltemal afkoel en bêre dit in 'n houer met digsluitende deksel in die yskas, reg vir inpak.

Ry & Sleep sê 'n Ekstra strooisel gekapte vars kruie soos basilie en roket, gestoomde aspersielote, of selfs 'n paar fyng gekapte sondroogtamaties is lekker saam met of in plaas van die ertjies in die beslag. Of maak 'n vleispaleis met brosstukkies spek saam met die ertjies. Speel gerus met geure!



HOENDERSTOKKIES MET 'N MEDITERREENSE GEUR Opa(!)lalla

Lekker en vol kleur! Ek gebruik babasoetrissies pleks van gewone soetrissie omdat die vleis dunner is en dit 'n meer delikate stokkie maak wat makliker eet. Besluit self wat jy verkies.

Jy benodig

(maak 12 stokkies)

- 12 hoenderdyfilette (ongeveer 750 g)
- 1 eetlepel mayonnaise
- 1 teelepel elk komyn en paprika
- ½ teelepel droë ment of gemengde kruie
- sap en skil van 1 klein suurlemoen
- 1 knoffelhuisie, gekap
- 1 eetlepel olyfolie
- 6 babasoetrissies, elk in 4 blokke gesny en pitjies uitgeskraap

Só maak jy

1 Sny die hoenderfilette in hap-grootte blokkies en meng dit met

die res van die bestanddele (behalwe die soetrissie). Laat dit vir 30 minute staan. Week solank die sosatie-stokkies in koue water sodat dit nie vlam vat oor die hitte nie.

2 Ryg die gemarineerde hoender en soetrissieblokkies om die beurt op die stokkies. Geur dit oraloor met sout en peper.

3 Braai die stokkies in nog 'n bietjie olyfolie in 'n dikboompan tot goudbruin en gaar. 'n Riffelpan gee 'n heerlike rokerigheid, maar dit is baie moeilik om dit te was voor jy op jou vakansie vertrek! As jy die lugbraaier wil inspan, neem dit in myne 15-25 minute teen 200 °C. (Onthou net om die stokkies halfpad deur die gaarmaaktyd om te daai.) Laat die hoender heeltemal afkoel voor jy dit in 'n digsluitende houer bêre.

Ry & Sleep sê Sit die sosaties voor met snoeptamaties en pitabroodjies – en tzatziki met ekstra komkommerstokkies om daarin te doop.



RISSIESPRINKEL-TUNASLAAI 'n Bok vir blare

'n Vars element in 'n piekniek of padkossypyskaart is altyd 'n goeie idee om al die langlewesnoepgoed soos pretzels en tjijs te balanseer! Hou dit liefs in 'n koelhouer – en onthou 'n lepel of vurk!

Jy benodig

(genoeg vir 4)

- 3 blikke (170 g elk) tuna, goed gedreineer
- 2 eetlepels fyngekapte rooiui (of gebruik 3 sprietui, fyngekap)
- ½ koppie romerige mayonnaise (of meer na smaak)
- 2 teelepels tamatiesous
- 1 teelepel rissiesprinkel (*chilli crisp*)
- 1 klein komkommer, geskil, pitte uitgeskraap en in blokkies gesny
- ¾ koppie bevrore ertjies, ontdooi
- 2 middelslag-wortels, geskil en in juliennerepies gesny (of gerasper)
- 30 g geroosterde amandels of kasjoeneute, gekap
- 1 blik (400 g) kekerertjies, gedreineer
- gerasperde skil van 1 suurlemoen

- 1 eetlepel olyfolie
- 'n strooisel gesnipperde basilie-, ment- of pietersielieblare
- 1 klein kop bros slaaiware, gesnipper (probeer Woolies se Crunchita)

Só maak jy

1 Meng die tuna en rooiui met die mayonnaise, tamatiesous en rissiesprinkel. Geur dit met sout en peper.

2 Meng die komkommer en ertjies. As die tyd dit toelaat, geur dit met sout en laat dit vir 30 minute in 'n vergietes dreineer. Druk dit droog voor jy die slaai inpak – dit maak minder vloeistof in die eindprodukt.

3 Meng die wortelstokkies en neutsaam. Meng die kekerertjies, suurlemoenskil en olyfolie asook enige kruie saam.

4 Verdeel al die slaai-komponente eweredig in lugdugte houertjies met digsluitende deksels en sit die slaaiware laaste bo-op. Maak die houe toe en pak dit in. Meng alles saam net voor jy dit eet vir die beste resultate.

Ry & Sleep sê Fetakaas is 'n lekker opsionele ekstra in hierdie slaai.





BILTONGBROODJIES Bovril vs. Marmite vs. Vegemite...

Met die afskop van kykNET se pragtige kosreeks *Kokkedoor: Son & see* het Herman Lensing, een van die aanbieders, 'n groepie mediamense bederf met 'n partytjie as voorskakie. In ons padkospakkie was 'n jaffel, pasteitjie en die allerheerlikste biltongbroodjies. Herman se broodjies is rond, gemaak van brood en Salticrux-soutkoekies, en dit word bymekaargehou met Marmite-geurde botter voor alles in 'n biltong gerol word. Hier is my weergawe.

Jy benodig

(maak 12 lang broodjies)

- ¾ koppie sagte botter (knyp oë toe; te min smeersel is 'n ramp)
- 1 eetlepel Bovril, Marmite of Vegemite (gebruik gerus meer na smaak)

- 8 snye winkelwitbrood, korsies afgesny
- 36 mini-cheddar-soutbeskuitjies (ons het die spekgeur gebruik)
- 200 g biltongpoeier

Só maak jy

1 Meng die botter en Marmite saam en smeer die een kant van elke brood sny daarmee. Pak 9 soutbeskuitjies op 4 van die gesmeerde snye gevolg deur die ander 4 snye. Sny die toebroodjies tussen die koekies in 3 vingers elk sodat jy 12 broodjies het.

2 Smeer die buitekante van die broodjies oraloor met die res van die Marmite-botter en bedek dit in fyn biltong. Verpak en verkoel die broodjies tot jy vertrek sodat die botter weer effens hard word.

Ry & Sleep sê Die broodjies is dit werd, maar die fyn biltong gaan vir seker in jou kar mors. Hou dié uitsonderlike bederf vir wanneer jy aftrek en bene rek!



OREO-GEVULDE KOEKIES Daar is koffie in die kan

Op die langpad voel ek daar moet genoeg verskoning wees vir koffie. Dié koekies is selfs beter met 'n koppie boeretrou daarby.

Jy benodig

(maak 12 koekies)

- 1 koppie sagte botter
- 1 koppie versiersuiker, gesif
- 1 groot eier
- 1 teelepel vanieljegeursel
- 2½ koppies koekmeel
- 2 eetlepels mielieblom
- 12 Oreo-koekies

Só maak jy

1 Klits die botter en versiersuiker saam tot dit 'n ligte kleur kry. Klits die eier en vanieljegeur by. Sif die meel en mielieblom by en meng dit met die hand deur tot glad. Verdeel die mengsel in twaalf. **Wenk** As die deeg

te sag is om maklik te vorm, sit dit vir 'n rukkie in die yskas en probeer weer.

2 Druk die eerste stuk deeg plat in die palm van jou hand, sit 'n Oreo-koekie plat bo-op en vorm die deeg rondom.

3 Rangskik die koekies met die naatkant na onder op bakplate – los genoeg plek tussenin sodat die koekies effens kan uitsprei wanneer dit bak. Gebruik bakpapier sodat die koekies nie vassit nie. Verkoel vir 1 uur.

4 Verhit intussen die oond tot 170 °C en bak die voorbereide koekies vir 20-25 minute tot tot ligbruin en gaar. Laat dit op 'n draadrakke afkoel en bêre dit in 'n lugdigte houer.

Ry & Sleep sê Vir die mooi kan jy die rou koekies met ekstra grofgekrummelde Oreo's versier voor jy dit in die oond druk.

Weg! **Ry & Sleep** KOOFGIDS

MACLAREN AIR

Vir inligting en pryse kontak | Tel: 011 315 4348 | E-pos: maclaren@ust.co.za

Maclaren ondertoonbank-lugverkoeling vir karavaan/kampeerwa

Algehele Afmetings (mm): 395 B x 340 H x 735 L

- ▶ Maklike Doen-dit-self installasie
- ▶ Stil werkend
- ▶ Verkoeling & verhitting (hittepomp)
- ▶ Eenheid ten volle eie aangedrewe, reg om in te prop
- ▶ Maklike installasie (onderdele en patroonplaat ingesluit)
- ▶ Ideaal vir wiptent-dakkaravane en ander
- ▶ Liggewig, ideaal vir karavane
- ▶ Geen lekkasies wat houtverrotting veroorsaak

Maclaren 'Slimline' Dakwoonwa/Ryhuis Lugversorger

Algehele afmetings met bedekking (mm): 736 B x 253 H x 1054

- ▶ Eenheid gemaak vir strawwe Afrika toestande
- ▶ Omliggende beligting in drie kleure
- ▶ Kragstelsel AC 220-240 V/50 Hz
- ▶ Ontwerp-verkoelingskapasiteit **3500W**
- ▶ Ontwerp-verhittingskapasiteit **3500W**
- ▶ Kraglewering (verkoeling/verhitting) **1300W/1100W**
- ▶ Installasie-opeening se afmetings in dak (mm): 370 x 370



INDIEN VOLGENS SPESIFIKASIES GEÏNSTALLEER, BELEMMER JY NIE ENIGE VAN DIE WAARBORGE OP JOU KARAVAAN/KAMPEERWA NIE

Caravan Movers



Ons installeer **EWIKS** KARAVAANSKUIWERS

by jou perseel in Gauteng, Mpumalanga, North West, Limpopo and the Free State.

**Goeie
gehalte
draadlose
tru-kameras
vir karavane
R5 900**



KONTAK Wimpie Struwig by 082 33 33 833 | Pieter Kalis by 083 715 1226 | www.caravanmovers.co.za

Hou jou
KOEL
in die somer...
en **WARM**
in die winter!










Lugversorger:

- Karavane
- Kommersieel
- Residensieel
- Daklugversorger
- Installasies
- Herstelwerk
- Dienste

Skuiwers:

- Karavaanskuiwers
- Ewiks
- Quattro

Ons doen ook:

- Spaarwielhak
- Volledige outomatiese waterpasstelsel

Trukameras:

- Purple-trukamer
- Draadlose trukamera

CJ Aircon's

072 413 3899 Jacques/Cindy
www.cj-aircons.co.za | info@cj-aircons.co.za

Safe-T Locksmiths



- TRANSPONDEERSLEUTELS GESNY
- SLEUTELKODERING EN -PROGRAMMERING
- REKENAARBOKS-HERSTELWERK


Commissionerstraat 307A,
BOKSBURG

083 226 3003 of 011 917 2016

WILD ACCESSORIES

www.wildacc.co.za



ONS NUWE AVONTUUR KAPPIE!

155 Alumina Straat,
Silvertondale, Pretoria

info@wildacc.co.za
sales@wildacc.co.za

012 771 7940
083 2846929

BATTERY n OUTDOOR KING

Beste Kwaliteit Beste Prijs

Die NR. 1 winkel met KAMPKRAG
VIR ENIGE VOERTUIG OF KARAVAN INSTALLASIES

Bekende betroubare beproefde kwaliteit batterye
waarop jy altyd kan staatmaak.



MPPT

50A DC-DC

Winkel: Rubensteinrylaan 870, Moreletapark, Pretoria-Oos

Tel: **066 2288 919** / **082 4444 911**


E-pos: jaco@mrek.co.za | www.batteryking.co.za



FB @batteriesking | FB-group "Battery & Outdoor King"



» **DUBBELE BATTERY-
STELSELS.** Ook litium.



**OM HIER TE ADVERTEER,
KONTAK:**

DANIE NELL

Tel: 082 859 0542

danie.nell@media24.com

SANETHA MEINTJIES


Tel: 021 406 2301

sanetha.meintjies@media24.com

SHARLENE SMITH

Tel: 083 583 1604

sharlene.smith@media24.com



www.serenitycampers.co.za

GEEN EB-LISSENSIE NODIG NIE

Waar avontuur begin en herinneringe bly.

SERENITY CAMPERS JOU DROOM. JOU AVONTUUR.

ONTDEK SRNT
– 'n nuwe generasie liggewig kampwa, ontwerp vir maksimum gerief en gebou vir onvergeetlike avonture.

E-pos: info@serenitycampers.co.za
Danie Brough (Pretoria) **082 379 2467**
Erika Kruger (Wes-Kaap) **064 903 3833**

KYK DIE VIDEO

caravan mover
www.ewiks.co.za

Beweeg jou groot of klein karavaan self sonder moeite deur net 2 skakelaars te gebruik. Dit word deur die karavaanbattery aangedryf en permanent gekoppel om op padbande te ry.

Vir 'n toerustingsentrum of doen-dit-self inligting, kontak asseblief:
Kyle ☎ 084 33 00 606 ✉ info@ewiks.co.za

DIY vir slegs R 16000
VAT en vervoer ingesluit

* Standaard stelle, battery uitgesluit, en laaier weeg minder as 30 kg

Weg!

Ry & Sleep

AKKOMMODASIE

DUBE
PRIVATE GAME RESERVE

MIDWEEK, SPESIALE AANBOD: KAMP VANAF SONDAG TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R900-00

EENHEDE, SPESIALE AANBOD: BLY VANAF SONDAG TOT VRYDAG SLEGS 2 PERSONE R2 950-00


Natuurreservaat in malaria-vrye gebied. Bosveld-atmosfeer – minder as 'n uur van Pretoria en Johannesburg – naby Brits. Selfsorghuise en woonwapark met netjiese ablusieblokke – rolstoelvriendelike badkamer. Staproetes – fietsryroetes – voëlkyk – wildritte – volop wild

- Speelpark • Tafeltennis • "Pool"-tafels • Springmatte • Mini-gholf
- Binnenshuise verhitte swembaddens • Jacuzzi's • Koue swembaddens
- "Lazy river" • Waterglybane • Wegneemetes

Tel: +27 66 298 5379 / +27 66 298 1664 / +27 73 171 8331 / +27 82 375 6179 • E-pos: info@dubegame.co.za • www.dubegame.co.za
Bespreek aanlyn: www.alloutbookings.co.za

NOORDWES **BRITS**

Kleur dié prent in



KLEUR IN

Kry die vetkryt en kleur die toneel in.

WOORDSOEK

Soek die woorde op die lysie en merk hulle af.

SOEK DIE VERSKILLE

Daar is minstens tien verskille tussen die twee sketse. Kyk of jy hulle almal kan kry!

DOOLHOF

Wys die doolhof wie's baas. Onthou om eers 'n potlood te gebruik – ingeval jy 'n fout begaan.



Woordsoek

F S A L V A T O R E F E R R A G A M O U I N
J I O V C N Y J R M H U B B U J M B F O D Z
B N A H F D Z F D S T A D I D A S O O I D T
O P S U M O U S G E B W S D V G C U F O L C
F T I W U E O G J R Q O L D U E O I T O O A
K R C B Y M C T M A E X H H T D R W Q Z A O
R D S L J R D W L U D N A X E D C A N I Z T
H L A B H R A E T O C O D N U W I O J Z G P
J I B Z O J W P I B C R B E S I R G O N D B
O N S U W K W N Y N T K E H N N T E O S Z E
E I I P M T B V I S D O E U T E G W L R D U
F N N X S U Q G L K C P B R W A P C Y A X R
A G O F K J X B T S E F W Q G Y Q T D I X D
W C M K E O B K Y I X E R C D D F S L L H O
G O A W T D P Z B W S U T K W H Z T B O C O
M M S C C W P Q L S O W N E O S W I Y A L W
X P C W H A Y A U M T G B O W L R S D F T H
C A T N E K T I R Z O W N O B K U H O Y J A
T N J Z R D U A S A C D Q K E V R K S O A M
N Y G Z S W R T Z F G T I N B Z Q I W V W G
I U D V S E T E H Y R O S M Z T R Z E F Z L
C W W D D T T Q O F W T N I V B T D S O A O
Z J M N J S C N Z S O B D Y E T A U E L W F
D J U A W O E T N C F W L I B E R T Y C Z E
S G U T G D P J K U B B Y Z W J S P N J W S
U Q J N C B K D O E E T J K G A G U Z Z A D
H D F W O L V E R I N E W M I U Z O H M J W
G P A D Y E W E Q Y Z V E Z F Z C M U I O Q
U A C C E N T G R O U P H J U S O P L O W C
Z Z H O B T A M A Z P C Y W S H Y D O L Y J


SKOENMAKERS

Accent Group	Foot Locker	Puma
Adidas	Grendene	Relaxo
Asics	Liberty	Salvatore Ferragamo
Bata	Li Ning Company	Skechers
Birkenstock	Nike	Under Armour
Crocs	Paragon	Walkaroo
Fila		Wolverine

Soek die verskille



Doolhof



Dierefeite



PERDEBYE (*VESPULA VULGARIS*)

- Daar is meer as 30 000 perdebyspesies, van alleenjagters tot komplekse sosiale kolonies.
- Dis nie net bye wat verantwoordelik is vir bestuiwing nie; sekere perdebye bestuif ook plante.
- Sosiale perdebye bou ingewikkelde neste van houtwesels wat met speeksel gemeng word.
- Net wyfies kan jou steek, en hulle kan dit oor en oor doen, maar dis gewoonlik net uit selfverdediging.
- Die meeste sosiale perdebykolonies vrek gedurende die winter, met die koningin wat oorleef om in die lente weer nuwe kolonies te begin.
- Volwasse perdebye vreet nektar en suikerstowwe... dis hoekom hy so in jou koeldrank belang stel.

Die KI-knelpunt

In die skeppende wêreld sien hy geen plek vir kunsmatige intelligensie nie, sê **Mic van Zyl**.

Ek reken my kennis van tegnologiese dinge is redelik bo-gemiddeld. Ek is die ou wat familie en vriende bel wanneer daar 'n probleem is met 'n slimfoon, rekenaar, slim-TV of die internet by die huis. Ek is 'n ook selfgeleerde musikant met my eie ateljee by die huis waar ek elektroniese musiek maak. Dinge soos Photoshop en 3D-drukwerk het ek ook baasgeraak.

Ek verdien egter my brood en botter deur voertuie met 4x4-toerusting toe te rus, en dít verg tegniese kennis op 'n ander vlak. Die ooreenkomst tussen my werk en my stokperdjies is die kreatiewe element wat my met albei soveel plesier verskaf. Of ek nou 'n liedjie skep, 'n foto opdollie, hierdie rubriek neerpen of 'n selfversorgende toetrokkie vir 'n kliënt bou, is die kreatiewe vryheid wat ek geniet vir my die vervullendste van alles.

Ek glo daardie vermoë om te skep en die vreugde van die kreatiewe proses te ervaar – nie nét uit noodsaak nie, maar ook vir die genot daarvan – is een van die fundamentele eienskappe wat die mensdom van die res van die diereryk onderskei.

Onlangs vra my vrou my om te help met die ontwerp van die prentjie wat sy op die beskermende bekleedsel van haar Cruiser se noodwiel wil laat druk. Ek het aanvanklik gedink dit behoort nie 'n probleem te wees nie, maar toe word dit duidelik dat sy na iets baie spesifiek op soek is... 'n prent van haar sandkleur Cruiser wat in die veld langs 'n pienk windpomp staan, met die woorde "Cruiser Meisie" in pienk letters. Dit moes ook 'n bietjie soos 'n strokiesprent lyk.

Ek het uitdrukkingloos en in effense ongelooftig na my vrou gestaar terwyl ek voor my geestesoog probeer uitpluis

het hoe ons êrens na 'n plaas toe sal moet ry waar ons laatmiddag langs 'n windpomp en 'n plaasdam vir die perfekte foto sal moet wag. Daarna sou ek ure op Photoshop moes deurbring om dit na wens te kry. Dit het vir my na 'n onbegonne taak geklink.

Intussen het Michael, my 15-jarige seun, die gesprek tussen ons gevolg en later in my ateljee laat blyk dat hy sy ma se wens binne minder as vyf minute sal kan vervul. En al wat dit sal kos, is die Michael Schumacher Ferrari Lego-stel.

Ek was nogal geskok in myself oor hoe vinnig ek vir hom gesê het hy moet begin. Veertig sekondes later, en ná drie pogings op die rekenaar, was daar een perfekte beeld – 'n sandkleur Land Cruiser langs 'n ronde plaasdam met 'n pienk windpomp, somer 'n kameelperd in die agtergrond ook, met die woorde "Cruiser Meisie" in pienk kursiewe letters. So maklik soos dit!

My vrou is baie in haar noppies. Soveel so dat sy elke slag terugkyk in

haar ryding se rigting wanneer sy by die winkelsentrum instap. En my seun is baie gelukkig, want sy Ferrari- en Lego-versameling het albei gegroei.

Ek is natuurlik bly vir hulle. Maar in my binneste is ek nie ewe gelukkig en tevrede nie, want die opwinding van kreatiwiteit het ontbreek. Drie probeerslae op ChatGPT is nie kreatiwiteit nie. Die duidelike KI-insette in die ontwerp van die massas sportnutse uit China wat deesdae op ons paaie ry, is nie kreatief nie. Die KI-funksie in my ateljee se klanksageware wat my help om koorde te rangskik en 'n liedjie daarom te bou kan ook nie kreatiwiteit genoem word nie.

Om dié punt te staaf het een van my gunsteling-musiekvervaardigers op YouTube 'n popliedjie en sommer ook 'n kunstenaarsprofiel met behulp van KI geskep. Dié liedjie het in 'n oogwink boaan die trefferparade beland... voordat hy onthul het dat dit alles met KI geskep is.

Op die oomblik kuier hier oorsese familie by ons en ek het probeer om vir hulle die Chobe op YouTube te wys vir hulle volgende reis deur Afrika. Die hoeveelheid inhoud in die soekresultate wat deur KI geskep is, is ewe veel doelloos en irriterend.

Moenie my verkeerd verstaan nie. Daar is beslis 'n rol vir KI wanneer dit by dinge soos mediese navorsing kom. Dit kan help om berekeninge te bespoedig in die stryd teen verskriklike siektes. Ek sien egter nie 'n plek daarvoor in die skeppende wêreld nie.

Ek dink daar is 'n werklike gevaar dat platforms soos ChatGPT 'n ernstige terugslag vir die mens se skeppende gees gaan wees. Ek het dit eerstehands ervaar en dit voel nie vir my reg nie. Of dalk is ek net nie so tegnies vaardig as wat ek dink ek is nie.



tot jod oëte swaai raak. Die oplossing vir die vorige uitgawe se blokkad verskyn op bl. 112.

OPGESTEL DEUR GERDA ENGELBRECHT

Wees versigtig vir Facebook

Loop lig vir dié slaggate wanneer jy dit oorweeg om 'n wa op sosiale media te koop, sê **Neels van Heerden**.

Sosiale media maak dit makliker as ooit om 'n tweedehandse woonwa te koop. Die foto's is treffend, die beskrywing klink belowend en boonop laat die prys jou sommerk twee keer kyk. En ja, soms kry 'n mens 'n ware winskoop. Maar dikwels is 'n prys wat té goed lyk om waar te wees, presies dit.

Voordat jy weer te opgewonde raak oor die wa wat jy op Facebook Marketplace sien, is dit die moeite werd om eers 'n paar dinge deeglik na te gaan. Maak eerstens seker wie die eienaar is wat die wa verkoop. Begin deur te bevestig dat die persoon wat die advertensie plaas, wel die regmatige eienaar is. Is die persoon gemagtig om die woonwa te verkoop? Vra om die registrasiedokumente te sien en maak seker die VIN- of onderstelnommer stem ooreen met die nommer op die papierwerk.

Ek verstaan dat dit nie altyd so eenvoudig is nie en soms is die wa waarin jy belang stel in 'n ander provinsie. Maar as die verkoper huiwerig is om dokumente te wys of jou probeer aanjaag om vinnig te betaal, moet jou bogstorieverklikker hard en duidelik inskop.

Pasop vir oorhaastigheid. Een taktiek van swendelaars is om jou onder druk te plaas deur te sê baie ander kopers stel belang. 'n Betroubare verkoper behoort jou tyd te gee om alles behoorlik deur te kyk. Moet ook nooit 'n deposito elektronies oorbetalen voordat jy of 'n kundige die woonwa self onder oë gehad het nie.

Kyk mooi vir waterskade. Water is 'n woonwa se grootste vyand. Gaan die

binnekant deeglik na om sagte en sponsagtige kolle in die mure, vloer of dak op te spoor. Let op na bruinerige water-vlekke, mufreuke, skimmel of los plakpapier. Kyk veral by vensters en dakluik, en in die hoeke van die woonwa.

Ondersoek die buitekant en onderstel. Loop stadig om die wa en kyk vir krake (veral bo die deur), duik of swak herstelwerk. Gaan die seëls rondom vensters en deure na en kyk onder die woonwa vir roes of skade aan die onderstel. 'n Baie lae prys is dikwels 'n poging om strukturele probleme te verdoes wat duur kan wees om te herstel.

Gaan die bande en remme sorgvuldig na. Woonwabande kan oud word lank voordat hulle afgeslyt is. Kyk vir krake, veral in die sywande, en vind uit hoe oud die bande is. Daar is 'n kode op die sywand wat die jaar van vervaardiging

aandui. Die kode 4022 staan vir die 40ste week van 2022.


Hierdie kode behoort opsigtelik te wees op bande wat ná 2000 vervaardig is. Bande ouer as vyf jaar kan 'n groot risiko inhou – selfs al lyk dit of hulle min gebruik is. Maak ook seker die handrem werk en let op of die vering of as tekens van erge slytasie toon.

Toets die toerusting. Indien moontlik, koppel die woonwa aan 'n kragprop en toets die ligte, yskas, stoof en waterpomp. Probleme met elektriese stelsels of gastoestelle kan duur wees om te herstel.

Onthou om altyd pryse te vergelyk. Doen eers 'n bietjie huiswerk en vind uit wat soortgelyke waens kos. Gaan loer in by jou naaste handelaar om prysvergelykings te maak. As die een waarin jy belang stel baie goedkoper is as soortgelyke modelle, vra jouself – en sommerk ook die verkoper – hoekom. Soms is daar 'n goeie rede, maar dikwels is daar 'n probleem wat jy nie dadelik gaan raaksien nie.

Vertrou jou instink. As iets oor die transaksie nie reg voel nie, stap liewer weg. Daar sal altyd weer 'n ander woonwa oor jou pad kom.

'n Goeie tweedehandse woonwa kan jare se kampverwings, kuiers om kampvure, en beelde, geluide en reuke van die kampomgewing bring. Maar onthou: Soos 'n lamp vir jou voet en 'n lig vir die pad sal 'n ware winskopie jou sorgeloos na die bos en see lei – en nie 'n slagget word waarin jou geldjies verdwyn nog voordat jy die langpad aandurf nie. 🚗





GAAN GROOT

Groot kapasiteit. Slim beheer. Ontmoet die nuwe 75-liter Travel Box.

Daar is 'n ideale plek in die wêreld van kampeer-yskaste – 'n grootte wat langafstand-vakansiekapasiteit bied sonder om op die terrein van premium ekspedisies te beweeg. Dis presies waar National Luna se nuut bekendgestelde 75-liter Travel Box inpas.

Die 75-liter Travel Box is ontwerp as 'n praktiese dubbelbeheer-eenheid en gee kampeerders en reisigers die buigsaamheid om een kant as 'n vrieskas en die ander as 'n yskas te gebruik – geen kompromieë, geen rondsukkel met ruimte en geen vir lief neem met "óf/óf" nie.

Geposisioneer binne ons reeks waardegedrewe Travel Boxes, bly die 75-liter model getrou aan die formule: liggewigkonstruksie, eenvoudige werking en uitstekende bekostigbaarheid. Dit werk ook op beide 12VDC- en 220VAC-krag, sluit 'n gratis beskermende omhulsel ter waarde van R1 700 in, en word gerugsteun deur 'n 3-jaar-waarborg.

Belangriker, die 75-liter-model rond 'n weldeurdatte reeks af. Saam met die kompakte 20-liter- en die veelsydige 35-, 45-, en 60-liter-eenhede, bied dit 'n hoëkapasiteit-opsie vir gesinne en langer reise sonder om 'n heeltemal ander pryskategorie te betree.

Die resultaat is 'n yskas-vrieskas wat ruim spasie, ware dubbelsonebeheer en betroubare prestasie bied – alles teen 'n begrotingsvriendelike prys van net R8 999.



TB75

R8 999



TB20

R3 999

TB35

R5 999



TB45

R6 999



TB60

R7 999

« Sowel die 45- as 60-liter-modelle het 'n verwyderbare verdeler wat die yskas vinnig van dubbele beheer na 'n enkele kompartement omskep.

AS 'N HANDELSNAAM WAT WÊRELDWYD ERKEN WORD, IS **NATIONAL LUNA** SE PRODUKTE BESKIKBAAR BY 200 BETROUBARE INTERNASIONALE VERSPREIDERS



National Luna-produkte is beskikbaar by vooraanstaande buitelelewinkels landwyd.
Skakel (011) 452 5438 vir handelsnavrae of besoek www.nationalluna.com om 'n kleinhandelaar naby jou te kry.

O ek het 'n 'perd'...

Die verhouding tussen 'n man en sy motor is kosbaar en uniek,
sê Jannie Hougaard.

In die ou dae het daar, naas die boer en sy roer, ook 'n spesiale verhouding bestaan tussen 'n man en sy perd. Ek kan dit verstaan, want dit is immers 'n lewendige ding wat kan reageer op liefde. Nie dat daar nie genoeg liefde tussen man en vrou was nie, maar die perd is iets anders met die toom in sy bek. Die ruiter kry presiese reaksie wanneer hy die perd aanpor. Ek kan verstaan dat hierdie verhouding kosbaar en uniek is.

In die moderne tyd is dit moeilik om 'n perd aan te hou. Tog bly die behoefte blykbaar by mans voortleef. 'n Hond kan die plek van die perd inneem, maar 'n hond kan jy nie so goed beheer soos 'n perd met sy toom nie. Hy kan jou ook nie van punt A na punt B bring nie. Wat is dan nog beskikbaar?

Dit lyk my asof die motor of motorfiets onbepland die rol van die perd oorgeneem het. Dis weliswaar nou nie 'n lewendige ding soos 'n dier nie, maar jy kan hom ook liefdevol versorg en selfs vertroetel. Die gemotoriseerde "perd" reageer net so goed op die aandag van die eienaar. "Links draai, regsom, laat loop, hokaai nou, stop..." Die motor reageer sonder teësprak.

Trek hy swaar teen die bult uit, kan jy hom met 'n laer rat effens aanhelp. Op die lang, reguit paaie kan jy hom stel dat hy self die pas hou en jy


'n bietjie kan ontspan om na die wye Karoolandskap te kyk. In die druk verkeer kan jy sy toom (d)ruk dan skree hy vir die taxi wat onverantwoordelik indruk. Die motor reageer presies, sonder teësprak. Die ruiter geniet dit en is dankbaar.

Is hierdie liefde tussen man en masjien onlogies of onsin? Vir die buitestaander mag dit so lyk. Met beter waarneming vind 'n mens tog iets wedersyds in hierdie verhouding. Ek het al baiekeer emosies beleef wat uit en uit voortspruit uit my motor se gedrag.

My eerste motortjie, 'n Renault 4, het my dikwels 'n gevoel van dankbaarheid en selfs trots gegee. Hy (ek merk op ek gee outomaties voorkeur aan die persoonlike "hy" eerder as "dit") het maar 'n enjingrootte van 850cc gehad. Google sê die kraglewering was 21 kW en die wringkrug 56 Nm. Ek weet uit ervaring dat ek 70 m.p.h. op die gelykpad kon haal. Dit het makliker gegaan as die wind van agter was teen 'n afdraande af. Indien ek dus teen 'n bult kon uitkom sonder om van vierde na tweede af te rat was ek baie dankbaar. Wanneer ek op die langpad 'n ou Volkswagen Kombi kon verbysteek, het ek 'n gevoel van trots ervaar.

Die Afdraandjie – sy troetelnaam oor die feit dat hy so stert-in-die-lug gestaan het – het vir ons gesorg. Ek het maklik 21 km/ℓ op die langpad gekry en kon omtrent enigiets in sy groot bagasieruim inpas. En op 'n koue oggend, as die 6V-battery 'n bietjie oud en swak was, kon ek hom met die slinger aan die gang draai.

Dit was die motor waarmee my verloofde haar rybewys gekry het – danksy die feit dat die beampste meer in die werking van die snaakse rathefboom belang gestel het. Dit was ook die motor van keuse na ons een dogter se matriekafskied en die troukar van 'n ander dogter. Hy was ongeveer 37 jaar my metgesel op die pad en het baie



saam met ons gesin deurgemaak. Kan jy verstaan dat ek na hom verlang?

Die Afdraandjie het maats gekry. Daar was Peugeots en Volkswagen Golfs wat goed vir my gesorg het en ons veilig by ons bestemmings gebring het.

Dan was daar ook 'n 1984-model Mercedes Benz 200 (die W123-reeks). Ek kon hom nuut koop vir R25 000. Die prys het my arm gemaak, hoewel ek darem later ook kon saampraat met mense wat "lankal ryk" is. Daarna het ou Witneus vir ons gesorg – 36 jaar lank. En ek het hom weer vir R25 000 van die hand gesit.

My aftreevoertuig was 'n Land Rover Freelander 2. Soos te wagte was hy die onderwerp van baie grappies. Vriende het gesê

dis nie 'n egte Land Rover nie, want hy lek nie olie nie. Vir my was elke rit 'n belewenis van alles wat die woord genade inhou: onverdiende guns alleen, met blydschap en genot daarmee saam. Elke kilometer was vir ons 'n plesier en sonder probleme. Ek kon na hom verwys as 'n voorbeeld van geloof wat werk...

In die Land Rover se vyftiende jaar het ek begin beseef wanneer ek my 85ste verjaardag vier, sou die ryding al 25 jaar op die pad wees. Dis te lank in die tand vir 'n ou man wat óók lank in die tand is.

Wat ek nou glo my laaste voertuig sal wees, is 'n Toyota met 'n hibriede enjin: glad en lekker soos Cremora in

koffie. Teenoor
die Renault 4

se 21 kW en 56 Nm lewer die RAV4 onderskeidelik 163 kW en 221 Nm met die brandstofverbruik wat naastenby dieselfde is.

Verby is die Afdraandjie se dae van knyp-en-hoop teen die bult uit of plattrap en fyn jou spoed bereken om by 'n motor verby te kom. En tog verlang ek soms na hom. Die nuwe perd hanteer alles so outomaties. Die Ravier loop soos 'n wye, gladde rivier. Ek is wel in hierdie stadium van my lewe baie dankbaar daarvoor.

Ek is steeds lief vir my voertuig. Ons gee om vir mekaar. Ek behandel hom goed en hy verskaf my baie plesier. Dit is 'n verhouding wat waarde toevoeg aan ons lewe.

Al wat my pla, is dat Toyota nie meer die leuse "Alles loop reg, altyd reg" gebruik nie. Maar ek glo dit steeds. 🍀



ILLUSTRASIE DOMINIC WIENAND

Wees gewaarborg

Wie bied die beste waarborg op sy rygoed in Suid-Afrika?
Ons vergelyk 43 handelsname.



Het jy dalk iewers 'n seldsame
sleepsel of ryding raakgeloop?
Vertel ons daarvan en stuur vir
ons 'n foto na
rysleap@weg.co.za

In hierdie uitgawe vergelyk ons die waarborgperiodes van 43 motorvervaardigers wat in Suid-Afrika sake doen. Ons het elke webblad, van Alfa Romeo tot Volvo, besoek en kwotasies aangevra vir 'n gesinsmotor wat na ons mening ook grondpad kan ry en 'n woonwa kan sleep.

Ons het net die standaardwaarborg in ag geneem en verlengde waarborge geïgnoreer. Jetour bied byvoorbeeld 'n 1 000 000 km-waarborg wat vir 10 jaar geldig is, maar dis onderhewig aan 'n paar streng vereistes. Jetour se standaardwaarborg is 5 jaar en 100 000 km. Terloops, 5 jaar en 100 000 km is die bedryfsgemiddeld.

Ander vervaardigers soos Mini het geen standaardwaarborg of diensplan nie en jy moet uit vele pakkette kies. Hier is eerlikwaar nie genoeg ruimte op hierdie blad om eers te begin om dit

te verduidelik nie. Tata se waarborgperiodes verskil onder sy verskillende modelle en ons het die waarborg op sy jongste sportnuts gekies pleks van sy ouer rygoed.

Sewe jaar van moedsgerus

Die langste standaardwaarborgperiodes is 7 jaar. Die vier weners wat hierdie bogemiddelde waarborg bied, is GWM, Haval, Hyundai en Lexus. Eersgenoemde drie se waarborg word egter beperk tot 'n afstand van 75 000 km op die odometer, terwyl Lexus se 7 jaar-waarborg jou toelaat om 105 000 km te ry voor dit verval.

Duim vashou ná drie jaar

Die kortste standaardwaarborgperiodes is 3 jaar. Die suinigste vier is Audi, Honda, Toyota en Volkswagen. Audi se waarborg is egter geldig vir 'n onbe-

perkte afstand terwyl Honda en Toyota s'n vir 90 000 km geld. Volkswagen se webblad maak dit nie duidelik hoe ver jy mag ry in hierdie 3 jaar voor jou waarborg verval nie, maar dis interessant dat die Amarok 'n waarborg van 5 jaar/150 000 km het.

Tot u diens

Wat diensplanne betref, is GWM, Haval en Lexus die drie voorlopers wat jou voertuig vir 7 jaar lank gratis sal diens ("gratis" is aanvegbaar, want jy betaal op ander maniere vir hierdie dienste), maar GWM en Haval se 7 jaar-diensplan is beperk tot 75 000 km terwyl Lexus jou vir 105 000 km sal ondersteun. 'n Vervaardiger wat 'n pluimpie verdien, is Mercedes-Benz, wat ook 'n 7 jaar-diensplan bied en hy's boonop geldig vir 140 000 km, maar Merc se waarborgtydperk is 'n standaard-5 jaar. 🚗

GAAN DRAAGBAAR!

As jy op soek is na 'n dubbelbatterystelsel vir jou 4x4, het jy waarskynlik reeds begin om die gewone vrae te oorweeg: litium of loodsuur? DC-na-DC-laaier of solenoïed?

Maar voordat jy so ver kom, is daar 'n selfs belangriker oorweging – moet jou dubbelbatterystelsel permanent in jou voertuig bedraad word, of draagbaar en maklik verwyderbaar wees? Terwyl 'n ingeboude stelsel slim gebruik kan maak van onbenutte spasie, bied 'n draagbare oplossing voordele wat dikwels te moeilik is om te ignoreer.

Voertuigvervaardigers is toenemend versigtig vir namark-bykomsighede – veral dié wat direk by komplekse elektriese stelsels inskakel. En dis maklik om te verstaan hoekom. Swak uitgevoerde bedrading, verkeerd gespesifiseerde komponente en lukraak geboorde gate in panele kan almal lei tot roes, elektriese foute en waarborg-probleme.

Dit is presies hoekom National Luna Battery Boxes so 'n gewilde keuse onder 4x4-eienaars is. Ontwerp as inprop-en-speel-stelsels, benodig hulle geen boorwerk, geen montering, geen permanente wysigings en geen ingewikkelde vaste bedrading in jou voertuig se elektriese stelsel nie. Sodra dit verwyder is, laat hulle geen spoor dat hulle ooit geïnstalleer was nie.

In die meeste gevalle is installasie 'n eenvoudige doen-dit-self-taak. Deur gebruik te maak van die verskafde swaardienskabel en korrek gespesifiseerde komponente, koppel die eenheid direk aan jou voertuig se aansakelbatterie en prop direk by die batterykas in.

Kies tussen 'n intreevlak Black Box sonder isoleerder, 'n Grey Box wat ideaal met 'n loodsuur-batterie gepaar word, of 'n topklas Green Box met ingeboude MPPT-sonreguleerder, DC-na-DC-laaier en litium-batterie-versoenbaarheid.



National Luna vervaardig verskeie **batterieboks**-opsies en **draagbare kragbokse**, elk met 'n gepatenteerde vooraansig-ontwerp.



As jy nie genoeg bagasiespasie vir 'n draagbare stelsel het nie – of jou bystandbatterie is op 'n unieke plek gemonteer – kan jy steeds die eienskappe van die batterieboks se beheerpaneel geniet deur National Luna se **Distribusieboks** te installeer. Die eenheid word verkoop as 'n alleenstaande produk en daar is drie keuses van modelle.

Die splinternuwe National Luna **Draagbare Kragboks** beskik nou oor Bluetooth™-verbinding waarmee jy die batterie se insetlading, die krag wat dit trek en stroomspanning kan monitor.

GS-na-GS-herlaaiers (DC to DC) is beskikbaar in beide 25A- en 40A-groeperings. Albei eenhede beskik oor 'n inprop-en-speel-MPPT-sonkrag-reguleerder en litium-batterie-versoenbaarheid.



AS 'N HANDELSNAAM WAT WÊRELDWYD ERKEN WORD, IS **NATIONAL LUNA** SE PRODUKTE BESKIKBAAR BY 200 BETROUBARE INTERNASIONALE VERSPREIDERS

National Luna-produkte is beskikbaar by vooraanstaande buitelelewinkels landwyd. Skakel (011) 452 5438 vir handelsnavrae of besoek www.nationalluna.com om 'n kleinhandelaar naby jou te kry.

For Every Move.

Avontuur met jou IceFlow™ Bottle Flip Straw 2.0 in
Goldenrod Coral

Ons nuwe reeks IceFlow™-bottels is hier. Hulle hou jou water yskoud vir ure wanneer jy verken of in die gimnasium is. Sluk dit, klap dit toe, bêre dit – pas perfek in jou dra sak of motorbekerhouer.



Indigo

Violet Blossom



STANLEY®

Sunel

Kyk wat het ek gratis gekry! Stuur dit aan. 😊



Johan

Hoe het jy die nuwe uitgawe verniet gekry?? 😊

Sunel

Wie gee om? Stuur dit net aan.

DIE DEEL VAN PDF-PUBLIKASIES IS 'N **MISDAAD**

MOENIE STEEL NIE

AS JY 'N PDF-PUBLIKASIE OP E-POS, WHATSAPP OF ENIGE ANDER BOODSKAPDIENS ONTVANG, RAPPOORTEER DIT ASSEBLIEF AAN REPORT@MEDIA24.COM

MEDIA24